# KERKLIKE LEIERSKAP VANUIT 'N PINKSTERPERSPEKTIEF

deur

**VINCENT EDWARD ATTERBURY**

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

**DOCTOR THEOLOGIAE**

in die vak

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

**PROMOTOR: PROF. J P J THERON**

November 2002

## OPSOMMING

In hierdie proefskrif word daar vanuit 'n Pinksterperspektief 'n ondersoek gedoen na kerkleierskap. Die raamwerk is literatuur wat in die afgelope twintig jaar oor hierdie onderwerp na vore gekom het. Veral die verband wat aangebied word tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees, kom onder die soeklig. Die teologiese teorieë onderliggend aan die standpunte van die kerkleierskap-eksponente sowel as die van die Pinksterbeweging word ontwikkel en krities beoordeel.

Die Pinksterideaal is dat kerkleierskap gekenmerk sal word as leierskap wat funksioneer onder die leiding en werking van die Heilige Gees. Die Pinksterbeweging beklemtoon dat die werking van die Heilige Gees die deurslaggewende faktor is vir die effektiewe werking en ontwikkeling van die kerk. In die literatuur oor kerkleierskap word daarenteen hoofsaaklik klem geplaas op die sleutelrol van kerkleierskap met spesifieke verwysing na die funksionele aspekte en vaardighede wat kerkleiers benodig met die oog op die uitbouing van die kerk. Die implikasies van beide beklemtoninge word ontwikkel en met mekaar vergelyk en moontlike implikasies vir beide word aangetoon. Sistematies-teologiese vraagstukke rakende die rol van persone in bepaalde ampte in verskillende kerklike tradisies word vermy.

Dit word beredeneer dat daar in die literatuur oor die onderhawige onderwerp meer klem geplaas behoort te word op die werking van die Heilige Gees as

die deurslaggewende faktor vir suksesvolle kerkleierskap. Dit is duidelik dat daar nie genoegsaam gefokus word op die werking van die Heilige Gees nie ten spyte van die belangrikheid daarvan vir die kerklike praktyk in geheel. Die moontlikheid om kerkleierskap eerder te omskryf en te benader as "geestelike leierskap" bied moontlikhede ten opsigte van toekomstige navorsing op die gebied.

In hoofstuk een word die raamwerk waarbinne die studie ontwikkel uiteengesit. Hoofstuk twee bied die basis waarbinne die Pinksterstandpunt ontwikkel het terwyl hoofstuk drie die onderwerp vanuit 'n kerkleierskapsperspektief benader. Klemverskille, ooreenkomste, kritiese besprekings, evaluering en aanbevelings word in die laaste hoofstuk aangebied.

**Sleutelterme**: Kerkleierskap; Heilige Gees; Pinksterperspektief; Salwing; Roeping; Integriteit; Diensbaarheid; Geesvervuld; leiding van die Heilige Gees; geestelike leierskap.

**SUMMARY**

In this dissertation, different aspects of "Church Leadership" are examined from a Pentecostal perspective. The framework is composed of literature compiled over the past twenty years. Especially the relationship between Church Leadership and the working of the Holy Spirit comes under the searchlight. The Theological theory underlying the Church Leadership exponents as well that of the Pentecostal movement are developed and critically evaluated.

The Pentecostal ideal is that church leadership will function as leadership within a church context under the guidance and working of the Holy Spirit. The Pentecostal movement emphasises that the working of the Holy Spirit is the critical factor determining the effectiveness of the church. In the literature on Church leadership, the main focus is placed on the key role of church leadership with specific reference to the functional aspects and skills that church leaders need to be effective. The implication of both the aforementioned points are discussed and compared as well as the possible implications for both are indicated. Systematic theological issues concerning the role of persons in specific offices in different church traditions are avoided.

It is stated that in the literature on Church Leadership more emphasis should be placed in the working of the Holy Spirit as the critical factor in church leadership. It is clear that there is not enough emphasis on the working of the Holy Spirit if taken into account the importance thereof for the church as a whole. An approach to church leadership as "spiritual leadership" could assist in future research on this matter.

In chapter one the framework of this study is explained. Chapter two reflects on the development of the Pentecostal perspective and chapter three on the Church leadership perspective. The different topics, similarities, critical reflections, evaluations and recommendations are presented in the last chapter.

**Keywords**: Church Leadership; Spiritual Leadership; Holy Spirit; Pentecostal Perspective; Anointing; Calling; Integrity; Servanthood; Spirit-filled; Guidance of the Holy Spirit.

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1

### NAVORSINGSFOKUS


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | ’n Pinksterperspektief as uitgangspunt | 2 |
| 1.3 | Probleemstelling | 4 |
| 1.3.1 | Inleiding | 4 |
| 1.3.2 | Die werking van die Heilige Gees | 6 |
| 1.3.3 | Kerkleierskap | 8 |
| 1.3.4 | Navorsingsprobleem | 10 |
| 1.4 | Afbakening | 14 |
| 1.4.1 | Inleiding | 14 |
| 1.4.2 | Prakties-teologiese literatuurstudie | 14 |
| 1.4.3 | Kerkleierskap | 18 |
| 1.4.4 | Die werking van die Heilige Gees in die kerk | 20 |
| 1.4.5 | Samevatting | 25 |
| 1.5 | Navorsingsdoel | 26 |
| 1.6 | Navorsingsoorsig | 28 |

## HOOFSTUK 2

## 'N PINKSTERPERSPEKTIEF OOR KERKLEIERSKAP EN DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 30 |
| 2.2 | Die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging | 31 |
| 2.3 | Die werking van die Heilige Gees in en deur mense | 38 |
| 2.4 | Aspekte van die werking van die Heilige Gees wat vanuit 'n Pinksterperspektief betrekking het op kerkleierskap | 44 |
| 2.4.1 | Wedergeboorte | 45 |
| 2.4.2 | Geesvervuld | 49 |
| 2.4.3 | Christelike lewenswyse | 52 |
| 2.4.4 | Roeping | 54 |
| 2.4.5 | Salwing | 55 |
| 2.4.6 | Direkte leiding deur die Heilige Gees | 62 |
| 2.5 | 'n Pinksterteorie oor kerkleierskap | 64 |
| 2.6 | 'n Praktykteorie | 69 |
| 2.7 | Samevatting | 71 |

## HOOFSTUK 3

## LITERATUURONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 72 |
| 3.2 | Oriëntasie | 72 |
| 3.3 | Inhoudelike oorsig | 75 |
| 3.4 | Twee verskillende benaderinge tot kerkleierskap | 77 |
| 3.4.1 | 'n Funksionele benadering | 80 |
| 3.4.2 | 'n Geestelike benadering | 84 |
| 3.5 | Aspekte van die werking van die Heilige Gees wat in die literatuur oor kerkleierskap voorkom | 87 |
| 3.5.1 | 'n Roeping deur die werk van die Heilige Gees | 88 |
| 3.5.2 | Geesvervuld | 94 |
| 3.5.3 | Leiding deur die Heilige Gees | 99 |
| 3.5.4 | Kerkleierskap as 'n gawe van die Heilige Gees | 103 |
| 3.5.5 | Die salwing van die Heilige Gees | 104 |
| 3.5.6 | Opleiding en ontwikkeling van kerkleiers | 114 |
| 3.5.7 | Die Heilige Gees werk in en deur meervoudige leierskap | 116 |
| 3.5.8 | Waarneembare Christelike karakter | 118 |
| 3.5.9 | Diensbaarheid | 120 |
| 3.6 | Voorlopige konklusie | 125 |

## HOOFSTUK 4

### Kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees


4.1 Inleiding 126

4.2 Die kerk as die ruimte en kragveld van die Gees 127

4.3 Die Pinksterteorie onder die soeklig 131

4.3.1 Die Pinksterideaal 132

4.3.2 Kritiese beoordeling 134

4.3.2.1 Vanuit die Bybel 135

4.3.2.2 Vanuit die praktyk 136

4.4 Teorieë onder die soeklig 147

4.4.1 Die ideaal 147

4.4.2 Kritiese beoordeling 149

4.5 Teorieë in onderlinge dialoog 155

4.6 Die huidige tendense krities beoordeel 157

4.7 Moontlike invloede op die huidige tendense en praktykteorieë 160

4.7.1 Institusionalisering 160

4.7.2 Invloed vanuit die nie-kerklike korporatiewe konteks 163

4.7.3 Spanning tussen die funksionele en geestelike aspekte 179

4.7.4 Samevatting 188

4.8 Opleiding 190

4.9 Konklusie 198

Bibliografie 202

Addendum: Statistiese analise van kerkleierskapliteratuur 226

# HOOFSTUK 1

# NAVORSINGSFOKUS

## 1.1 INLEIDING

Elke navorsingsverslag fokus op 'n spesifieke navorsingsprobleem. Aanverwante onderwerpe word doelbewus uitgesluit. In hierdie inleidende hoofstuk word die raamwerk waarbinne hierdie studie afgehandel is, uitgespel. Die fokuspunte van die ondersoek en die riglyne waarvolgens die navorsingsverslag ontwikkel is, word aangedui.

Navorsing oor 'n spesifieke aangeleentheid word vanuit 'n bepaalde konteks gedoen en is gerig op die een of ander spesifieke probleem. In die voorlegging van 'n navorsingsverslag is dit noodsaaklik dat aangetoon word watter navorsingsprobleem ondersoek is, vanuit watter perspektief dit gedoen is en watter navorsingsmetodiek gebruik is. In hierdie hoofstuk word die navorsingsprobleem wat ondersoek is, die perspektief van waaruit dit gedoen is en die werkswyse wat gevolg is, aangedui. Die hoofstuk word afgesluit met die uiteensetting en verduideliking van die navorsingsprojek wat ontwikkel het en hoe dit 'n invloed gehad het op die navorsingsresultaat asook hoe dit aanleiding gegee het tot die struktuur van die navorsingsverslag.

## 1.2 'N PINKSTERPERSPEKTIEF AS UITGANGSPUNT

Alle navorsing vind plaas vanuit 'n spesifieke perspektief (Dreyer 1992:395). Heyns en Pieterse (1990:67) wys daarop dat elke kerk en groep die boodskap van die Bybel op 'n besondere manier verstaan en dat dié verstaan en glo die wyse waarop geloofshandelinge in die kerk geskied, vorm. Daarom is dit belangrik dat elke kerklike groepering die een of ander tyd op die een of ander wyse te kenne gee wat hul siening is met betrekking tot 'n bepaalde aangeleentheid (Deist 1986:6).

'n Kritiese analise ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid is altyd noodsaaklik vanuit 'n spesifieke perspektief (Van Huyssteen 1987:194), aangesien dit moontlik is dat dieselfde aangeleentheid verskillende betekenisse kan hê vanuit verskillende kerklike tradisies (Van Huysteen & Du Toit 1982:5). Elke groepering se teologiese vertrekpunte en oortuiginge het 'n bepaalde invloed op daardie groepering se benadering en beskouing van verskillende aangeleenthede (Van der Spuy 1993:50). Niemand kan aanspraak maak op absolute neutraliteit nie (Barr 1984:111-112). Geen teologie, hetsy vanuit 'n bepaalde perspektief of vanuit 'n bepaalde dissipline word vanuit of in 'n vakuum bedryf nie. Die spesifieke tradisie waaraan 'n navorser behoort en waaruit 'n spesifieke onderwerp benader word, het nie net 'n bepaalde invloed op die benadering tot die probleem nie, maar ook op die resultaat van die navorsing.

Die breë kerk bestaan uit 'n wye verskeidenheid groeperings wat gebaseer is op verskillende onderskeibare teologiese vertrekpunte en oortuiginge. Teologiese vertrekpunte en oortuiginge kan omskryf word as vooronderstellings wat mettertyd tot stand gekom het as gevolg van doelbewuste keuses wat gemaak is (Stacey 1976:10). Dit het tot gevolg dat 'n bepaalde "verwysingsraamwerk" (Deist & Burden 1980:31) van waaruit en waarbinne gewerk word, mettertyd gevestig word. So 'n verwysingsraamwerk kan ook beskryf word as 'n spesifieke interpreterende konteks (Atterbury 1993:9-10). Een van hierdie groeperings of interpreterende kontekste staan bekend as die "Pinksterbeweging". In hierdie proefskrif word daar gekies om vanuit hierdie raamwerk te dink en die probleem ter sake te ondersoek.

Dit word algemeen aanvaar dat die Pinksterbeweging en dus die Pinksterkerke as uitvloeisel daarvan rondom die begin van die twintigste eeu tot stand gekom het (Burger 1987:14). In Suid-Afrika is die eerste Pinksterkerk onder leiding van John G. Lake gevestig met die stigting van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (hierna: AGS) in 1908.

Een van die onderskeidende kenmerke van die Pinksterbeweging is die hernude ervaring wat mense gehad het van wat algemeen aanvaar is as die inwerking van die Heilige Gees. Hierdie beklemtoning van die werking van die Heilige Gees in praktyk en teologiese besinning het verreikende gevolge gehad op beide

geestelike en maatskaplike gebiede (Burger 1987) binne en buite die Pinksterkerke. Binne Pinkstergeledere word die bewustelike en sintuiglik waarneembare werking van die Heilige Gees in en deur mense vooronderstel.

Die werking van die Heilige Gees is een van die basiese vooronderstellings en vertrekpunte van 'n Pinksterperspektief. Dit behoort sekere implikasies en 'n invloed te hê op enige aangeleentheid wat vanuit 'n Pinksterperspektief benader of ondersoek word. In hoofstuk twee word aangedui wat in Pinkstergeledere verstaan en beklemtoon word met betrekking tot die werking van die Heilige Gees in en deur mense. Die implikasies wat sodanige uitgangspunte vir die huidige ondersoek het word ook bespreek. Die invloed wat dit uitoefen op teologiese teorievorming word ook daar aangedui.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 Inleiding

'n Navorsingsprobleem kan geïdentifiseer en ondersoek word oor enige vraag of saak waaroor daar onsekerheid is (Dreyer 1992:389), waaroor daar 'n vraagteken bestaan ten opsigte van moontlik verouderde of gering ontwikkelde teorieë; of wanneer daar 'n gebrek aan wetenskaplike kennis is met betrekking tot 'n spesifieke aangeleentheid (Heyns & Pieterse 1990:79).

Navorsingsprobleme kan vanuit 'n verskeidenheid bronne na vore kom. Twee van die mees algemene bronne van navorsingsprobleme het te doen met die vrae wat groei vanuit die praktyk waarin bepaalde teorieë toegepas of nie toegepas word nie, asook vanuit die vakliteratuur wat handel oor teorieë wat veronderstel is om behulpsaam te wees in die praktyk (Dreyer 1992:393-394). In die bestudering van enige spesifieke vakliteratuur word verskillende teorieë, standpunte en gevolgtrekkings dus oor sekere onderwerpe aangetref, wat ook aanleiding kan gee tot die identifisering van die een of ander navorsingsprobleem (Dreyer 1992:394).

Die probleem waarop hierdie navorsing fokus het ontstaan vanuit die vrae en problematiek wat die navorser, as 'n Pinkstergelowige en pastoor van die AGS, ondervind in die verdiskontering van wat aanvanklik deur die Kerkgroeibeweging en mettertyd deur die literatuur oor Kerkleierskap aangebied is. Outeurs binne beide die Kerkgroeibeweging en die kerkleierskap-geledere lê voortdurend klem op die belangrikheid van dit waarmee hulle besig is. Kerkgroei en kerkleierskap word voorgehou as dié belangrikste aspekte in die vooruitgang en groei van die kerk en meer spesifiek die plaaslike gemeente. Die logiese vraag ontstaan dus of hierdie beklemtoninge saamval met die uitgangspunte binne Pinkstergeledere en of dit moontlik op 'n direkte of subtiele wyse téénoor die Pinksterstandpunt te staan kom. Daarmee samehangend ontstaan die newevraag of die nuwe beklemtoninge nie die identiteit van die Pinkstergeloof aantas nie. Sal die

Pinksterkerke in die toekoms 'n eie karakter hê om vir die volgende geslag na te laat as die belangrikste beginsel vir die instandhouding en uitbouing van die kerk indien menslik gesproke die klem op leierskap is. Uit die aard van die saak het die antwoord op hierdie vrae verreikende implikasies vir die talle Pinksterpastore, gemeentes en lidmate wat intens by kerkgroei en -leierskapinisiatiewe betrokke is.

### 1.3.2 Die werking van die Heilige Gees

Die navorser het in die AGS groot geword en aan die AGS se Teologiese Kollege gestudeer ter voorbereiding vir die pastorale bediening in die AGS. Die werking van die Heilige Gees is as een van die kernwaardes en as die deurslaggewende faktor in die kerklike praktyk van die Pinksterbeweging by hom ingeskerp.

In die AGS, net soos in die res van die Pinksterbeweging, word baie sterk gefokus op die uitvoering van die kerk se opdrag soos aangeteken in Matteus 28:19. Daar word in die AGS van diegene wat in kerkleierskap betrokke is verwag om as hoogste prioriteit toe te sien dat hierdie opdrag – soos wat dit in Pinkstergeledere verstaan word - uitgevoer word. In die AGS sowel as in die res van die Pinksterbeweging word beklemtoon dat dit slegs moontlik is om daaraan uitvoering te gee indien die Heilige Gees die leidende rol speel.

Sedert die ontstaan van die AGS word daar van hul kerkleiers verwag om sensitief en gehoorsaam te wees aan die Heilige Gees. Van die AGS se leiers is verwag om slegs onder leiding van die Heilige Gees werksaam te wees en in alles eers leiding van die Heilige Gees te ontvang. Wat hierdie uitgangspunte in die praktyk impliseer sal later aangetoon word.

Dit is 'n konstitusionele vereiste dat diegene wat betrokke wil raak by leierskap binne die AGS, 'n getuienis sal hê wat bevestig dat daardie persoon die doping in die Heilige Gees ondervind het (Regulasies van die Konstitusie van die AGS, Addendum 7, Reg. 7.4.1 & 7.4.3). Binne Pinkstergeledere word die doping in die Heilige Gees beskou as die duidelikste aanduiding van iemand se toewyding en onderwerping aan Jesus Christus. Verder word dit ook beklemtoon dat die doping in die Heilige Gees gepaard gaan met 'n duidelik sintuiglik waarneembare manifestasie wat dien as getuienis van die werking van die Heilige Gees in en deur daardie persoon. Indien iemand so 'n getuienis het, het die persoon die potensiaal om as 'n leier in die kerk diens te doen omdat die persoon alreeds op 'n persoonlike en bewustelike wyse die werking van die Heilige Gees ondervind het.

Binne die onderhawige ondersoek beteken hierdie vereistes en beklemtoninge ten minste dat AGS pastore implisiet reeds toegerus is vir alles wat nodig is om die kerk te laat groei en gemeentes te laat ontwikkel. By implikasie beteken dit

dat hulle nie enige toerusting of opleiding nodig het nie. Al wat 'n AGS pastoor en gemeente nodig het, is die werking van die Heilige Gees Die teoretiese onderbou van hierdie standpunt kom later aan die orde.

### 1.3.3 Kerkleierskap

Nadat Dr. Johan Engelbrecht, 'n AGS pastoor, sy studies aan die Fuller Teologiese Seminarium (Pasadena, Kalifornië), in Kerkgroei voltooi het, het hy na Suid-Afrika teruggekeer en kerkgroeiseminare vanuit 'n Kerkgroeibeweging-perspektief binne die AGS aangebied. Dit is dan ook tydens een van hierdie seminare in 1985 dat die navorser die eerste keer blootstelling gekry het eers aan die Kerkgroeibeweging en later aan die kerkleierskap beklemtoninge.

Die Kerkgroeibeweging fokus spesifiek daarop om die kerk deur middel van navorsing te help in die effektiewe uitvoering van Matteus 28:19. Vanuit die Kerkgroeibeweging se navorsing het dit duidelik geword dat daar baie faktore is wat 'n positiewe of negatiewe invloed het op die effektiwiteit van 'n gemeente se uitvoering van bogenoemde opdrag. Volgens navorsing gedoen vanuit 'n kerkgroeiperspektief word dit beklemtoon dat leierskap die deurslaggewendste faktor in die kerk is spesifiek met betrekking tot gemeentegroei.

Die Kerkgroeiwetenskap se beklemtoning van kerkleierskap as die deurslaggewende faktor in kerkgroei (Smith 1984:165; Wagner 1984:100-103), het daartoe aanleiding gegee dat 'n groeiende toegespitste belangstelling oor die afgelope twee dekades in 'n onderdeel van die vakgebied naamlik kerkleierskap ontstaan het (Basson 1996:1; Beasley-Murray 1990:9). In wese kom dit daarop neer dat oor die afgelope twee dekades kerkleierskap gevestig is en oor die algemeen beskou word as die deurslaggewende faktor wat die effektiwiteit van 'n gemeente bepaal en die enkele grootste bydraende faktor is wat 'n gemeente in staat stel om tot volle potensiaal te ontwikkel en gebalanseerd te funksioneer (Dibbert 1989; Eims 1978:124; Shawchuck en Heuser 1993:22). Barna (1997:18) en Perry (1977:73) beklemtoon dat kerkleierskap dié belangrikste aspek van kerklike funksionering en handelinge is.

Hierdie beklemtoning van kerkleierskap as die deurslaggewende faktor vir die groei en ontwikkeling van gemeentes het daartoe aanleiding gegee dat daar oor die algemeen, insluitend binne die Pinksterbeweging en spesifiek die AGS, 'n al hoe groter bewuswording gekom het van hierdie onderwerp. Daarmee saam word daar dus in die kerklike praktyk van die AGS 'n al hoe groter klem geplaas op kerkleierskap as dié deurslaggewende faktor vir die effektiwiteit van 'n gemeente se funksionering. In aansluiting hierby het daar ook mettertyd heelwat literatuur oor kerkleierskap verskyn wat op sigself 'n bepalende en leidende invloed het op die kerklike praktyk van vandag.

### 1.3.4 Navorsingsprobleem

Die navorser is vir die afgelope dertig jaar persoonlik betrokke by die praktyk van kerkleierskap in die AGS. Sedert 1982 is hy as 'n pastoor van die AGS besig met gemeentewerk en vanaf 1984 is hy 'n presiderende pastoor wat as hoofleier in 'n gemeente optree. Die navorser was dus vir die afgelope dertig jaar ten nouste in kontak met kerkleierskap soos wat dit in die AGS beoefen word.

Vanuit die Pinksteragtergrond waardeur ek my blootstelling aan die literatuur oor kerkleierskap moes filtreer, het my waarneming dat daar in die literatuur oor kerkleierskap 'n leemte blyk te wees rondom die beklemtoning van die rol en invloed van die werking van die Heilige Gees in en deur kerkleierskap, vir my 'n al groterwordende probleem geword. Van die begin tot op hede het ek vanuit my Pinksteragtergrond en die praktykondervinding rondom kerkleierskap spanning ondervind tussen dit wat in die literatuur oor kerkleierskap voorgehou word as deurslaggewende faktore in die uitvoering van die kerk se opdrag en een van die kernwaarhede wat deur die Pinksterbeweging beklemtoon word, naamlik die werking van die Heilige Gees.

Ek het in die kerklike praktyk van die AGS ondervind dat in aansluiting by die algemene klem wat geplaas word op die rol van kerkleierskap as die deurslaggewende faktor vir die uitvoering van die kerk se opdrag, die AGS ook heel waarskynlik onkrities algaande meer klem begin plaas het op die

belangrikheid en deurslaggewendheid van kerkleierskap vir die uitvoering van hul opdrag as 'n kerk. In die AGS is daar vir my 'n duidelike verskuiwing waarneembaar daarin dat die AGS aanvanklik klem gelê het op die werking van die Heilige Gees as deurslaggewende faktor vir die kerklike praktyk. Tans word saam met die hoofstroom beklemtoon dat kerkleierskap die deurslaggewende faktor is wat die kerk in staat stel om uitvoering te gee aan die opdrag van die kerk.

Tot en met die negentigerjare van die vorige eeu was daar feitlik geen spesifieke opleiding wat op kerkleierskap as sodanig gefokus het nie. Gedurende die negentigerjare is daar al hoe meer gefokus op kerkleierskapopleiding, in so 'n mate dat daar tans deur die AGS se Teologiese Seminarium, in samewerking met die Randse Afrikaanse Universiteit, 'n Meestersgraad in kerkleierskap aangebied word. Dit geld nie van ander spesifieke subdissiplines binne die teologiese opleidingsprogram nie.

Met inagneming van die AGS se aanvanklike klem op die werking van die Heilige Gees as dié deurslaggewende faktor in die uitvoering van die kerk se opdrag en die klemverskuiwing wat sedert die tagtigerjare plaasgevind het, het dit nog meer noodsaaklik en dringend geword dat daar vanuit 'n Pinksterperspektief besin sal word rondom die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap en die verband wat hierdie twee onderwerpe met mekaar mag hê.

In die AGS is daar nie 'n spesifieke teologiese teorie met betrekking tot die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap nie. In die literatuur oor kerkleierskap wil dit voorkom of daar hoogstens sprake is van 'n gering ontwikkelde teorie ten opsigte van die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap. Vanuit die literatuur oor kerkleierskap blyk dit dat daarin hoofsaaklik gefokus word op die mens se verantwoordelikheid en handelinge binne die kerklike praktyk van leierskap.

In die literatuur oor kerkleierskap blyk dit dat kerkleierskap hoofsaaklik verskraal word tot menslike handelinge waarin aangeleerde vaardighede die deurslaggewende rol speel. Kerkleierskap is egter nie net menslike handelinge as sodanig nie, maar dit is menslike handelinge in diens van God. Kerkleierskap is nie 'n handelingsveld waarin alleen mense se handelinge bestudeer word nie. Ook die werking van die Heilige Gees is direk ter sprake, ten minste vanuit 'n Pinksterperspektief. Daarom behoort daar in die literatuur oor kerkleierskap 'n sterk en duidelike aanduiding te wees ten opsigte van die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap. Een van die leemtes in die literatuur oor kerkleierskap is dat daar nie spesifiek en duidelik aandag gegee word aan die verhouding tussen God se handelinge deur die werking van die Heilige Gees aan die een kant en mense se handelinge in terme van kerkleierskap aan die ander kant nie.

Die voorafgaande dui op 'n inherente spanning wat bestaan tussen die AGS- as 'n Pinksterkerk - se beklemtoning van die Heilige Gees as die deurslaggewende faktor en op die algemene klem dat kerkleierskap die deurslaggewende faktor in die kerklike praktyk is. Hierdie spanning dui op die noodsaaklik behoefte wat daar is naamlik om ten minste vanuit Pinkstergeledere, 'n ondersoek te loods aangaande die verhouding tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees soos wat daarna verwys word in die literatuur oor kerkleierskap en die moontlike invloed daarvan op die AGS.

Die navorsingsprobleem waarop in hierdie proefskrif gefokus word, is die klem wat in die kerkleierskapliteratuur geplaas word op die groei en ontwikkeling van gemeentes. 'n Uitvloeisel van hierdie probleem is (i) die vraag na hoe 'n tipiese AGS gemeente oor 10 jaar sal lyk as hierdie beklemtoninge nagevolg word, en (ii) watter implikasies het hierdie beklemtoninge op die werking van die Heilige Gees in die lewe en funksionering van 'n tipiese AGS gemeente. Om hierdie vrae te kan beantwoord sal 'n literatuurondersoek gedoen word na die verstaan van die werking van die Heilige Gees in Pinkstergeledere. Daarmee saam sal ook gekyk word na die beklemtoninge wat in kerkleierskapliteratuur aangebied word. Die ooreenkomste en verskille en die moontlike gevolge wat die konklusies kan inhou sal bespreek word. Klem sal gelê word op die implikasies van die resultate vir gemeentes binne die AGS.

## 1.4 AFBAKENING

### 1.4.1 Inleiding

Navorsingsprobleme kan vanuit verskillende benaderings- en vertrekpunte ondersoek word. Verskillende metodes van navorsing kan aangewend word. Dit is onmoontlik dat een navorser in een navorsingsverslag alle moontlike ondersoeke kan doen ten opsigte van 'n spesifieke navorsingsprobleem. Navorsingsverslae word daarom hoofsaaklik beperk tot een of twee gefokusde ondersoeke wat vanuit 'n spesifieke vertrekpunt en ooreenkomstig die een of ander erkende metode gedoen word. Dit is daarom noodsaaklik dat 'n navorser aantoon vanuit watter vertrekpunt die navorsingsprobleem ondersoek is en watter metode gebruik is.

### 1.4.2 Prakties-teologiese literatuurstudie

Navorsing oor 'n spesifieke aangeleentheid kan binne die raamwerk van een of meer erkende akademiese dissiplines gedoen word. Een van hierdie erkende akademiese dissiplines staan bekend as Teologie. Binne die akademiese dissipline Teologie is daar 'n verskeidenheid navorsingsvelde wat met mekaar verband hou en van mekaar onderskei kan word. Een van hierdie onderskeibare navorsingsvelde in die Teologie staan bekend as Praktiese Teologie. In hierdie selfstandige studieveld word prakties-teologiese teorieë ondersoek of gevorm deur die gebruikmaking van wetenskaplike metodes (Heyns & Pieterse 1990:11).

Praktiese Teologie is 'n wetenskap in eie reg waarin die objek van die teologie, mense se geloof en geloofsuitsprake oor God, vanuit 'n bepaalde perspektief ondersoek word (Heyns & Pieterse 1990:12). Verskeie praktiese teoloë gaan uit van die standpunt dat die spesifieke fokus van die Praktiese Teologie mense se geloofshandelinge (Pieterse 1985:2) is wat beskryf kan word as kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet 1987:260). Binne hierdie siening is die objek van prakties-teologiese navorsing alle kommunikatiewe handelinge wat verband hou met mense se geloof in Jesus Christus (Heyns & Pieterse 1990:51). In hierdie proefskrif word daar by hierdie siening aangesluit.

Grondliggend aan elke geloofshandeling is die een of ander teologiese teorie (Heyns & Pieterse 1990:21), ongeag of die persoon wat handelend optree, daarvan bewus is of nie. Dit is die verantwoordelikheid en taak van die Praktiese Teologie om die prakties-teologiese teorieë wat bewustelik en onbewustelik in die praktyk funksioneer, te identifiseer, krities te beoordeel en indien nodig, nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel (Heyns & Pieterse 1990:21). Heyns en Pieterse (1990:24) stel dit ook soos volg: "Praktiese Teologie moet vasstel watter teorieë ten grondslag aan die praktyk lê en nagaan of dit doeltreffend is. As dit sou blyk dat hierdie teorieë nie doeltreffend genoeg is nie, is dit die taak van die Praktiese Teologie om nuwe teorieë te ontwikkel." Weer eens word daar in hierdie proefskrif by hierdie uitgangspunte aangesluit. Soos reeds gesê sal die

teorieë wat onderliggend aan verskillende standpunte lê, krities beoordeel word. Waar nodig sal voorstelle ontwikkel word om sodanige teorieë te wysig of te verbeter.

Praktiese Teologie is die brugbouer tussen die teologiese teorie en die kerklike praktyk (Heyns & Pieterse 1990:9). Daar is bewustelik of onbewustelik 'n voortdurende wisselwerking tussen teorie en praktyk. Dit is in hierdie wisselwerking wat die Praktiese Teologie instrumenteel is en 'n belangrike fasiliteringsrol speel in die evaluering en ontwikkeling van bestaande en nuwe teorieë en praktyke.

Praktiese Teologie word van ander teologiese navorsingsvelde onderskei deurdat dit 'n handelingswetenskap (Heyns & Pieterse 1990:41) is wat mense se geloofshandelinge vanuit 'n teologiese perspektief bestudeer (Heyns & Pieterse 1990:43). Burger (1991) en Pieterse (1993) toon aan dat daar konsensus is met betrekking tot die onderskeidende kenmerk van Praktiese Teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap wat spesifiek fokus op mense se geloofshandelinge in die praktyk van die kerk (Pieterse 1985:2; Heyns & Pieterse 1990:1 en 7; Firet 1987:260).

As 'n kommunikatiewe handelingswetenskap het Praktiese Teologie ten doel om krities na te dink en te besin (Heyns 1986:27; Lemmer 1991:11-13) oor dit wat in

en deur die gemeente gebeur met betrekking tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus (Heyns & Pieterse 1990:14; Pieterse 1993:2). Dit is 'n proses van verstaan en vertolking van die teorie en praktyk waarin verskillende handelingsvelde beskryf, geanaliseer en ondersoek word (Louw 1993:78-79).

Praktiese Teologie is nie alleen 'n handelingswetenskap omdat handelinge bestudeer word nie, maar omdat die wisselwerking van die verhouding tussen teorie en praktyk op 'n gelyke vlak bestudeer word (Heyns & Pieterse 1990:43). In aansluiting by Heyns en Pieterse (1990:33) word van die standpunt uitgegaan dat teorie en praktyk gelykwaardig is. Wanneer daar tussen twee aangeleenthede onderskei kan word, is dit feitlik vanselfsprekend dat daar die een of ander spanning kan ontstaan waarin die een belangriker geag kan word as die ander. Die onderskeiding tussen teorie en praktyk het daartoe aanleiding gegee dat die spanning tussen teorie en praktyk beskryf kan word as 'n bipolêre spanningsverhouding waarin beide gelyke vennote is wat nie volledig van mekaar geskei kan word nie (Heyns & Pieterse 1990:34). Wisselwerking tussen teorie en praktyk vereis 'n ondersoek na die teorieë wat die kommunikatiewe geloofshandelinge ten grondslag lê.

In die vasstelling en evaluering van hierdie teorieë word dikwels van empiriese navorsing gebruik gemaak (Dreyer 1991:235-236) waardeur empiriese gegewens wat in die werklikheid bestaan (Dreyer 1991:230) verkry word en geïnterpreteer

word. Alle navorsing moet aansluit by die reeds bestaande kennis en rigting-aanduidend wees vir moontlike toekomstige navorsing. Ten einde op die reeds bestaande kennis te kan voortbou, is dit noodsaaklik om kennis te neem van wat reeds oor 'n bepaalde onderwerp bekend is.

'n Verskeidenheid metodes kan gebruik word om te bepaal watter kennis en insigte alreeds bestaan met betrekking tot 'n spesifieke onderwerp. Een van die erkende metodes wat in en deur die Praktiese Teologie gebruik word, staan bekend as literatuurstudie (Dreyer 1991:262). 'n Literatuurstudie is 'n geskikte metode om te probeer vasstel wat die bestaande teorie of teorieë en tekortkominge is met betrekking tot die een of ander spesifieke aangeleentheid soos wat dit in die vakliteratuur daaroor voorkom. In hierdie spesifieke navorsingsprojek word literatuurstudie gebruik as navorsingsmetode. Die literatuurstudie dien ook as 'n tipe 'illustratiewe navorsing' (vgl. van Wyk 2002:11) waardeur 'n aanduiding verkry word van die omvang van die problematiek waarop gefokus word.

### 1.4.3 Kerkleierskap

In die Praktiese Teologie is daar verskillende handelingsvelde wat van mekaar onderskei en afsonderlik bestudeer kan word. Kerkleierskap is een van die handelingsvelde wat ook vanuit die Praktiese Teologie bestudeer kan word.

Leierskap is 'n algemene verskynsel wat op elke gebied van die samelewing voorkom en selfstandig ondersoek kan word. Leierskap vervul ook binne kerklike geledere 'n belangrike funksie. Hierdie navorsing fokus spesifiek op kerkleierskap wat duidelik onderskeibaar is van leierskap op ander terreine van die samelewing. Kerkleierskap het gemeenskaplike raakpunte met leierskap in die algemeen, maar kan op grond van sekere unieke eienskappe en 'n eie onderskeibare konteks duidelik onderskei word van leierskap op ander gebiede van die samelewing. Dit maak dit dus moontlik dat kerkleierskap selfstandig en afsonderlik bestudeer kan word.

Bestaande teorieë en tendense in kerkleierskap moet voortdurend onder die soeklig geplaas word sodat verdere insigte verkry kan word wat behulpsaam kan wees in die praktyk. Net soos leierskap in die algemeen is kerkleierskap in sigself 'n baie breë en omvattende studieterrein. Hierdie proefskrif fokus slegs op dié aspekte van kerkleierskap wat direk verband hou met die navorsingsprobleem. Dit beteken dat die teologie of praktyk rakende verskillende ampte soos byvoorbeeld die van biskop, pastoor, predikant, ouderling, diaken, profeet of apostel nie in die soeklig kom nie. Uit die aard van die saak sal die funksies van pastoor en gemeenteleier binne die Pinksterkonteks wel die raamwerk van die studie vorm maar nie die teologiese of historiese onderbou wat tot hierdie ampte aanleiding gegee het nie. Ook sal daar nie 'n empiriese ondersoek wees na hoe

hierdie ampte en funksies in die praktyk funksioneer nie. Vanweë die keuse om alleen 'n literatuurstudie te doen sal daar gekonsentreer word op dit wat in die literatuur aan hierdie leiers aangebied word met die oog daarop dat hulle optimaal sal funksioneer.

### 1.4.4 Die werking van die Heilige Gees in die kerk

In die teologie is daar 'n wye verskeidenheid onderskeibare teologiese onderwerpe wat afsonderlik bestudeer kan word. Een van hierdie onderwerpe staan bekend as pneumatologie, waarin die werking van die Heilige Gees as 'n deel van die totale teologiese netwerk en struktuur (Pieterse & Vos 1991:7) bestudeer word en verbande met ander dele van die teologie aangetoon word, asook die invloed en implikasie van die een op die ander uitgewys word. Vanuit 'n geloofsoogpunt kan die werking van die Heilige Gees ook binne die Praktiese Teologie bestudeer word, aangesien die Heilige Gees handelend optree en daardeur die handelinge van mense beïnvloed. Praktiese teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap dien as 'n geskikte instrument waarmee die rol en invloed van die Heilige Gees prakties-teologies ondersoek en verduidelik kan word (Pieterse & Vos 1991:1).

Verder kan uit 'n geloofsoogpunt aanvaar word dat die werking van die Heilige Gees oor die totale spektrum van die geskape werklikheid strek. Binne hierdie

geskape werklikheid is die kerk een van die duidelik onderskeibare terreine waar die Heilige Gees handelend werksaam is. Die kerk, en meer spesifiek 'n bepaalde gemeente, is 'n baie duidelik identifiseerbare en gelokaliseerde ruimte waarbinne die Heilige Gees handelend optree. Die kerk is aan die een kant 'n charismatiese gemeenskap van die Heilige Gees wat bestaan as die produk van die Heilige Gees se werk in die wêreld (Klein Kranenburg 1994:168; Burger 1999:12). Aan die ander kant is die kerk ook 'n menslike instelling en organisasie (Burger 1999:11) waarin mense handelend optree.

In die Praktiese Teologie word gefokus op geloofshandelinge wat in en deur mense plaasvind. Die totale konteks waarbinne geloofshandelinge plaasvind sluit onder andere in die werklikheid van God wat op eie inisiatief (Pieterse 1993:5) deur Sy Gees binne daardie konteks handelend optree. God beïnvloed die mens se handelinge deur Sy eie handelinge. Dit het tot gevolg dat die interafhanklikheid van die goddelike en menslike handelinge een van die kernvraagstukke is waarmee in die Praktiese Teologie geworstel word (Klein Kranenburg 1994:165-166). Pieterse (1993:134-135; Firet 1977:159) beskryf hierdie kernprobleem as die vraag na "die verhouding tussen die handelinge van God en die handelinge van mense in diens van die evangelie".

Die handelinge van God deur die Heilige Gees het altyd twee kante, 'n goddelike en menslike kant of anders gestel, 'n teologiese en 'n antropologiese kant

(Burger1991:85). Dit verwys nie na twee skeibare komponente of opeenvolgende fases van dieselfde handeling nie, maar na dieselfde handeling wat vanuit twee verskillende perspektiewe, en dus op twee verskillende maniere beskryf en ondersoek kan word. 'n Spesifieke handeling kan aan die een kant vanuit 'n teologiese perspektief beskryf word ooreenkomstig dit wat geglo word die Heilige Gees in daardie handeling gedoen het. Aan die ander kant kan dieselfde handeling ook vanuit 'n antropologiese perspektief beskryf word ooreenkomstig dit wat geglo word die mens in daardie handeling gedoen het.

Die titel van een van die boeke in die Bybel, naamlik *Die Handelinge van die Apostels*, bied 'n voorbeeld van bogenoemde probleem. Vanuit 'n antropologiese perspektief word daar in die titel van die boek primêr verwys na die handelinge van mense deurdat die naam van die boek, soos wat dit met verloop van tyd geformuleer is, fokus op dit wat die apostels gedoen het. Indien die titel van die boek vanuit 'n teologiese perspektief, met spesifieke verwysing na die handelinge van die Heilige Gees, geformuleer sou word kon die naam van die boek een van die volgende gewees het, *Die Handelinge van God* of *Die Handelinge van die Heilige Gees*.

Hierdie twee onderskeibare handelinge staan nie teenoor mekaar en is nie in wedywering met mekaar nie, maar werk saam in die bereiking van God se doel in en deur 'n spesifieke gemeente. Iemand wat deur die Heilige Gees in diens

geneem en gebruik word, bly 'n selfstandige mens met handelingsbevoegdheid en die vryheid om keuses te maak (Firet 1977:164). Enersyds is die mens 'n instrument wat deur die Heilige Gees se handelinge beïnvloed word en waardeur die Heilige Gees handelend optree, en andersyds is die mens nie 'n marionet sonder enige eie aandeel en verantwoordelikheid nie. Die menslike handeling kan nie sonder die handeling van die Heilige Gees nie en die handeling van die Heilige Gees wil nie sonder die handeling van die mens nie. Die menslike handelinge minimaliseer of sluit nie die handelinge van die Heilige Gees uit nie, net soos die handelinge van die Heilige Gees nie die mens se handeling minimaliseer of uitsluit nie.

Dit is deur die werking van die Heilige Gees dat mense as medewerkers van God ingeskakel word en deel word van God se werk en inisiatiewe (Van Ruler 1969:181). Dit is die Heilige Gees wat aan mense bevoegdheid en krag gee om God te dien en vir Hom te werk (Firet 1977:175). Met die Heilige Gees se bekragtiging en toerusting word die mens in diens geneem om handelend op te tree met betrekking tot die kommunikasie van die evangelie en die realisering van die heil in ander se lewens.

Die opdrag met betrekking tot die kommunikasie van die evangelie is 'n opdrag van Jesus Christus met die belofte dat ná Sy hemelvaart Hy die Heilige Gees sal stuur om behulpsaam te wees in die uitvoering van Sy opdrag. Met Sy

hemelvaart het Jesus Christus ruimte geskep vir die realisering van Sy heil in en deur die werking van die Heilige Gees en is die Heilige Gees as Sy gawe aan die mens in en deur die mens werksaam (Pieterse & Vos 1991:8-11; Pieterse 1993:136).

Dit word algemeen aanvaar dat met die uitstorting van die Heilige Gees daar 'n nuwe werklikheid aangebreek het, wat deur sommige beskryf word as die era van die Gees (Pieterse 1993:138) of die nuwe werklikheid van die Gees (Ebeling 1959) of die heilsbedeling (Burger1991:85). Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag staan in direkte verband met die toerusting van krag en om diegene wat reeds die heil ontvang het, behulpsaam te wees in die kommunikasie van die evangelie deur hul getuienis aangaande die evangelie.

Die Heilige Gees word aan die gemeente gegee sodat almal daardeur begaaf en toegerus kan word om die evangelie te kommunikeer (Pieterse 1993:138). In die kommunikatiewe handelinge van gelowiges neem God gelowiges in diens deur die werk van die Heilige Gees (Van der Spuy 1993:14). "Die brugbouende en leidinggewende werk van die Gees verskaf aan die menslike handelinge in diens van die evangelie 'n nuwe dimensie, waarin dit ten diepste God se handelinge self word" (Heyns & Pieterse 1990:54).

Die werking van die Heilige Gees speel 'n baie belangrike en deurslaggewende rol met betrekking tot die kommunikasie van die evangelie. Die werking van die Heilige Gees is kommunikatief (Pieterse 1993:135) aangesien dit Jesus Christus se sendingdoel vir die Heilige Gees is om ná Sy hemelvaart die evangelie te laat versprei en die heil in en deur mense te laat realiseer. Die werking van die Heilige Gees is gerig is op die kommunikasie van die evangelie (Burger1991:86) en het daarom 'n kommunikatiewe aard (Pieterse & Vos 1991:1).

Die implikasie hiervan is dat die heilshandelinge, of anders gestel die werking van die Heilige Gees, vanuit 'n prakties-teologiese perspektief bestudeer kan word as beide handelinge van God en mense, wat nie teenoor mekaar staan nie, maar mekaar komplementeer en aanvul en daardeur beter begrip moontlik maak vir die handelinge van die Heilige Gees in en deur die kerk. In die praktyk van die kerk gaan dit nie alleen oor die handelinge van mense nie, maar ook oor die handelinge van God deur Sy Gees wat 'n bepalende invloed het op die handelinge van mense.

### 1.4.5 Samevatting

Die afbakening van 'n studieveld het bepaalde implikasies vir die navorsing wat gedoen word (Van der Spuy 1993:5). Die afbakening rondom 'n spesifieke navorsingsprobleem is daarop gerig om by te dra tot 'n gefokusde bestudering

van die probleem wat onder die soeklig geplaas word. Die afbakening van enige studieveld het uit die aard daarvan definitiewe implikasies en invloede op die benadering tot die navorsingsprobleem, die gevolgtrekkings en die aanbevelings wat daaruit gemaak word.

In die voorafgaande is die studieveld van hierdie navorsingsprojek afgebaken tot 'n prakties-teologiese literatuurstudie wat vanuit 'n Pinksterperspektief gedoen word en waarin gefokus word op kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

## 1.5 NAVORSINGSDOEL

'n Ondersoek vanuit 'n Pinksterperspektief na kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees kan 'n belangrike bydrae lewer tot die daarstelling van 'n praktykteorie vir kerkleierskap binne Pinkstergeledere. Tot dusver is daar nog nie vanuit 'n Pinsterperspektief 'n duidelike teorie aangaande kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees geformuleer nie. In die lig daarvan dat daar vanuit 'n Pinksterperspektief 'n gebrek is aan 'n teorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees , is dit noodsaaklik dat 'n navorsingsprojek soos hierdie onderneem word om die ontwikkeling van so 'n spesifieke teorie aan die gang te kry.

So 'n teorie behoort 'n bydra te lewer tot 'n Pinksterbeskouing en benadering ten opsigte van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. In aansluiting hierby behoort dit ook 'n bydra te lewer tot 'n beter en groter ekumeniese deursigtigheid ten opsigte van die Pinksterbenadering tot kerkleierskap. Dit kan ook dien as 'n stimulus vir verskillende ander tradisies om krities hul eie tradisie se teorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees te ondersoek. So 'n teorie behoort ook nie alleen teologies relevant te wees vir die Praktiese Teologie nie, maar ook vir toekomstige navorsing oor kerkleierskap in die algemeen.

In die lig van die Pinksterbeweging se klem op die deurslaggewende rol van die werking van die Heilige Gees in en deur die lewe van die individu en die kerklike praktyk, is dit noodsaaklik dat 'n aanduiding uit 'n Pinksterperspektief verkry sal word ten opsigte van 'n Pinksterbenadering tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees as deel van die kerklike praktyk. Aangesien hierdie navorsing vanuit 'n Pinksterperspektief gedoen word, is dit hoofsaaklik daarop gerig om 'n bydra te lewer tot die Pinksterbeweging se benadering en verstaan van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees .

Hierdie navorsingsverslag het ten doel om vanuit 'n Pinksterperspektief deur middel van 'n prakties-teologiese literatuurstudie, kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees, onder die soeklig te plaas.

## 1.6 NAVORSINGSOORSIG

In die voorafgaande gedeeltes van hierdie hoofstuk is aangetoon watter navorsingsprobleem onder die soeklig geplaas is, watter metodiek en studieveld ter sprake is, asook die perspektief van waaruit dit gedoen is. Hierdie gedeelte van die hoofstuk het ten doel om aan te dui watter proses die navorsing deurloop het en hoe die verskillende gedeeltes van die navorsing aanleiding gegee het tot 'n navorsingsresultaat wat in hierdie navorsingsverslag aangedui word.

Elke fase van die navorsing verteenwoordig gedeeltelik 'n eie selfstandige eenheid wat in samehang met die ander eenhede van die navorsing 'n bydrae lewer tot die totale navorsingsverslag. Die onderskeie fases van die navorsing is in verskillende hoofstukke aangebied met die oog daarop om 'n aanduiding te gee hoe daardie fase aanleiding gegee het tot die volgende en so gelei het tot die uiteindelik navorsingsresultaat.

Die eerste fase van die navorsing word in hoofstuk 2 weergegee as 'n uiteensetting van die Pinksterperspektief op kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Die hoofstuk bied die basis waarop 'n Pinksterteorie oor hierdie onderwerp gebou kan word.

In hoofstuk 3 word 'n uiteensetting gegee van die spesifieke literatuurondersoek wat gedoen is met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige

Gees. Die nege aspekte of fasette rakende kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees wat in kerkleierskapliteratuur beklemtoon word, word aangetoon.

In hoofstuk 4 word krities besin oor die bestaande gegewens en ook oor die teorieë wat afkomstig is vanuit 'n Pinksterperspektief en die kerkleierskapliteratuur. Moontlike invloede op die huidige tendense word aangetoon. Enkele alternatiewe word aangebied. Leemtes en vraagstukke wat om verdere navorsing vra word uitgewys.

# HOOFSTUK 2

# ’N PINKSTERPERSPEKTIEF OOR KERKLEIERSKAP EN DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangedui wat in die algemeen aanvaar word as die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging. Verder word ook aangetoon wat vanuit ’n Pinksterperspektief as deurslaggewend beskou word met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Hierdeur word aangetoon watter kriteria vanuit ’n Pinksterperspektief gebruik sou kon word om ’n ondersoek te onderneem wat fokus op kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees soos wat dit in die literatuur oor kerkleierskap voorkom.

Die bedoeling is nie om ‘n teologiese fundering van elkeen van die komponente wat bespreek word te gee nie. Die hoofstuk poog wel om in die eerste plek die belangrikste elemente wat in ‘n Pinksterteologie funksioneer oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees, te identifiseer. Verder sal verduidelik word wat die belangrikste Skrifgronde en denkpatrone is waarop hierdie fasette gebou word. Daarmee word nie finale uitsprake gemaak oor die reg of verkeerd van hierdie Pinksterstandpunte nie. Dit word alleen aangebied sodat daar mettertyd kriteria ontwikkel kan word op grond

waarvan ander standpunte en spesifiek die beklemtoninge binne die literatuur oor kerkleierskap beoordeel kan word.

## 2.2 ONDERSKEIDENDE KENMERK VAN DIE PINKSTERBEWEGING

Die Pinksterbeweging het nie as gevolg van nuwe dogmatiese of leerstellige insigte tot stand gekom nie (McClung 1986:4; Burger, IS 1991:2). In Pinkstergeledere word aanvaar dat die beweging ontstaan het vanuit die gemeenskaplike ervaring wat individue wêreldwyd sedert die begin van die vorige eeu gehad het, naamlik die doping met die Heilige Gees. Daar word aanvaar dat die Heilige Gees self hierdie ervaring vir derduisende mense op 'n soewereine wyse gegee het. Hierdie ervaring gaan gepaard met die inisiële teken van spreek in vreemde tale (Burger 1987:41).

Op leerstellige gebied het die Pinksterbeweging wêreldwyd hoofsaaklik die "ortodokse Protestantisme" aanvaar (Möller 1975:2) en onderskryf hulle met enkele uitsonderings die oudste geloofsbelydenisse van die Christelike kerk, wat onder andere die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Athanasius en die Geloofsbelydenis van Nicea insluit (Burger 1987:15). Met betrekking tot die leer oor die persoon van die Heilige Gees stem die Pinksterbeweging in die algemeen gesproke ooreen met die leer van die sogenaamde historiese kerke (Burger 1987:16).

Pinksterteoloë is oor die algemeen eens dat die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging die doping met die Heilige Gees is. Hierdie ervaring gaan gepaard gaan met die spreek in vreemde tale (Möller 1975:2; Küng & Moltmann 1979:96; Pomerville 1985:10, 14, 79 en 81; Williams 1985:A1-A5; Strongstad 1988:1; Burger 1991:8) en uit die aard van die saak hang die aksentuering van hierdie ervaring saam met die geloof dat gelowiges vandag ook dieselfde ondervinding kan hê (Gee 1941:7-8; Keys 1979:593; Archer 1996:64; Parker 1996:13). Ten spyte van 'n wye verskeidenheid teologiese vertrekpunte binne die Pinksterbeweging (vgl. van Wyk 2002:16), word die standpunt oor die algemeen gehuldig dat die doping met die Heilige Gees onderskeibaar is van bekering omdat dit 'n nuwe dimensie van die krag van die Heilige Gees in 'n persoon se lewe teweegbring en daardie persoon toerus vir dienswerk (vgl. Menzies 1991:18).

Met die uitstorting van die Heilige Gees soos vermeld in Handelinge 2 het daar 'n nuwe werklikheid aangebreek, wat deur sommige beskryf word as "die era van die Gees" (Williams 1971:118; Herholdt 1998:418-419). In hierdie nuwe bedeling word die Heilige Gees aan mense gegee om hulle toe te rus en bekwaam te maak vir die effektiewe verkondiging van die evangelie van Jesus Christus en die realisering daarvan in mense se lewens. Volgens die Pinksterbeweging realiseer die volle dinamika van die Heilige Gees se toerusting slegs met die onderskeidende gebeurtenis van die doping met die Heilige Gees, aangesien die doel van die doping met die Heilige Gees is om

die individu toe te rus vir dienswerk in die gemeente en vanuit die gemeente (Wyckoff 1994:448-449; Lim 1994:457).

In die Pinksterbeweging word die doping met die Heilige Gees nie as 'n opsionele ervaring beskou nie, maar as 'n ondervinding wat noodsaaklik en van deurslaggewende belang (McClung 1986:4) vir elkeen in die kerk is. Die ervaring is nodig vir die kerk om kerk te kan wees. Dit is nodig vir elkeen binne die kerk. Elkeen moet hierdie ervaring soek. Alleen wanneer elkeen hierdie ervaring het sal Godgegewe opdragte uitgevoer kan word soos en wanneer en op die manier wat God wil. Wyckoff (1994:451) stel dit soos volg:

> The need for supernatural power to witness and serve is the reason a distinctive experience of the baptism in the Holy Spirit is important. The ultimate need is for every member in the body of Christ to be thus empowered so the Church might operate in the full dimension of life in the Spirit.

In die Pinksterbeweging word die kerk beskou as 'n gemeenskap van gelowiges wat deur die doping met die Heilige Gees met die krag en vermoëns van die Heilige Gees toegerus is vir onderlinge diens en die verkondiging van die evangelie (Dempster, Klaus & Petersen 1991:xvi; Clark & Lederle 1989:67). Die hoofdoel van die Pinkster*ervaring* is daarin te vinde dat dit gaan om die toerusting van die gelowige met krag en vermoëns (Williams 1985:A15-A19), wat gelowiges in staat stel om getuies van Jesus Christus te wees en ander te kan dien (Erasmus 1990:73-74). Die

Pinksterbeweging beklemtoon dat diegene wat die doping met die Heilige Gees ondervind het, 'n bepaalde invloed sal hê op die res van die gemeente en op die gemeenskap wat deur die gemeente bedien word (Wyckoff 1994:448-449) wat andersins nie moontlik sou gewees het nie.

In die lig van die Pinkster*ervaring* as die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging, moet rekening gehou word met die Pinksterbeweging se besondere klem op belewenis oftewel ervaring (Wessels 1991:213). Die belangrikheid van ervaring lê daarin dat dit gaan om die ervaring van die verrese en verheerlikte Jesus Christus (Burger, IS 1991:5). Jesus Christus staan altyd sentraal ten opsigte van die Pinksterbelewenis, alhoewel die krag waardeur Hy geken word, aangedui word as die werking van die Heilige Gees (Clark & Lederle 1989:44).

Binne die Pinksterbeweging is Jesus Christus nie slegs 'n objek van geloof nie, maar is Hy ook die subjek van die Pinksterervaring. Die Pinksterbeweging beklemtoon dat deur die werkinge van die Heilige Gees dit Jesus Christus is wat red, genees, doop met sy Gees en weer sal kom vir sy mense (Clark & Lederle 1989:47). Dit gaan dus om die ervaring van die verrese Jesus Christus as Redder, Geneesheer, Doper met die Heilige Gees en Komende Koning deur die werking van die Heilige Gees.

In die Pinksterbeweging word individue se geloof hoofsaaklik gegrond op die Pinkstererervaring wat hulle gehad het en nog steeds op 'n gereelde basis ondervind. Binne hierdie Pinkstererervaring gaan dit nie om die ervaring self nie, maar om die besondere handelinge of werking van die Heilige Gees wat bewustelik ervaar word (Clark & Lederle 1989:37). Anders gesê beteken die ervaring op sigself nie veel nie. Wanneer egter besef word dat die Heilige Gees persoonlik met 'n bepaalde individu op 'n ervaarbare wyse gewerk het, kry die ervaring 'n dieper teologiese dimensie. Verder word ook beklemtoon dat so 'n ervaring of ondervinding van die doping met die Heilige Gees in harmonie moet wees met die Bybelse getuienis van soortgelyke gebeure binne die gemeenskap van die gelowiges (Johnston 1984:55).

Ervarings wat in harmonie is met Bybelse ervarings geniet binne Pinstergeledere in die algemeen gesproke voorkeur bo geformuleerde belydenisse alhoewel erken word dat sodanige belydenisskrifte die Bybelwaarhede probeer weergee (Clark & Lederle 1989:101). Volgens Johnston (1984:55) kan die Pinksterbeweging se oorsprong toegeskryf word aan die feit dat hulle daarop ingestel is en daarna streef dat hul ervarings in harmonie moet wees met die Bybelse waarhede en getuienis oor soortgelyke ervarings (vgl. Van Wyk 2002:3). In die verband wys Culpepper (1974:161) daarop dat die Pinksterbeweging meer geneig is om hul leerstellings te baseer op ervaring as op die omsigtige bestudering van die Bybel. Die Pinksterbeweging is geneig om eers nadat hulle die een of ander

ondervinding gehad het na die Bybel te gaan om bewyse of verifikasie te verkry van dit wat hulle ondervind het (Menzies 1991:12).

Om waarlik "Pinkster te wees" en om die Pinksterteologie te verstaan vooronderstel, volgens die Pinksterbeweging, 'n Pinkstervaring. Volgens Clark (Clark & Lederle 1989:38) is die Pinksterteologie vanweë die klem wat op belewenis geplaas word, moeilik toeganklik en verstaanbaar vanuit nie-Pinkstergeledere. Die rede hiervoor is opgesluit in die vereiste wat deur die Pinksterbeweging self gestel word, naamlik 'n persoonlike belewenis van die verrese Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees. Alvorens hul teologie en ervarings enigsins begryp of verstaan kan word moet die beoordelaars self eers die onderhawige ervaring gehad het. Hierdie uitgangspunt het ook tot gevolg dat die beoordeling van die Pinksterbeweging se teologie baie moeilik is, want dit wat deur diegene wat deel van die Pinksterbeweging is ervaar word, is moeilik verwoordbaar aangesien dit nie altyd moontlik is om dit wat ervaar word op skrif te stel nie (Clark & Lederle 1989:38). Daarom is dit die taak en verantwoordelikheid van diegene binne die Pinksterbeweging om hul standpunt so te formuleer dat dit nie teenstrydig is met hulle eie ervaring of Bybelse waarhede nie (Clark & Lederle 1989:101), maar nogtans verstaanbaar is vir nie-Pinkstermense.

In aansluiting by die Pinksterbeweging se klem op die Pinksterervaring, is daar by hulle ook 'n algemene getuienis oor die liefde wat deur die Heilige

Gees in hul harte gewerk word vir die Bybel (Clark & Lederle 1989:25). Hierdie liefde het 'n toenemende lees van die Bybel tot gevolg (Bird 1981:5). Die Pinksterbeweging het 'n besondere liefde en voorkeur vir die Bybel en dit neem 'n besondere plek in hul leer en lewe in (Atterbury 1993:55). Die hoofrede hiervoor, so word geglo, lê opgesluit in hul ervaring van die verrese Jesus Christus deur middel van die werking van die Heilige Gees en die ooreenstemmende getuienis van soortgelyke ervarings waarvan daar in die Bybel getuienis is en waarmee hulle kan identifiseer.

Vir die Pinkstermense gaan dit nie soseer om die Bybel self nie, maar eerder om hul verhouding met God, die een van wie die Bybel getuig (Burger, IS 1991:11). Die Bybel is vir die Pinksterbeweging Woord van God in 'n spesifieke gebeure of belewenis wat plaasvind as gevolg van die kragtige teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees. Volgens die Pinksterbeweging is die inhoud van die Bybel betroubaar en algenoegsaam en openbaar God Homself ten volle aan iemand wanneer Hy persoonlik deur Sy Gees in daardie persoon se lewe ingryp. Hierdie ervaring moet natuurlik weereens ooreenstem met die openbaringsgebeure soos waarvan in die Bybel getuig word (Clark & Lederle 1989:79-80).

Bybelse waarhede word beskou as handelinge en genadedade van God in die lewe van individue of 'n groep mense en nie as blote begrippe en beginsels wat weergegee word nie. Hierdie waarhede en begrippe kan slegs

begryp en verstaan word as of wanneer dit self beleef is (Möller 1988:25-26). Volgens die Pinksterbeweging is dit nie moontlik om die inhoud van die Bybel te verstaan sonder bemiddeling van die Heilige Gees nie (Ervin 1981:22-23).

## 2.3 DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES IN EN DEUR MENSE

'n Direkte uitvloeisel van die Pinksterervaring soos gekoppel aan die doping met die Heilige Gees, is die verdere werking van die Heilige Gees in en deur die lewens van diegene wat dit ondervind het (Möller 1975:49; Keys 1979:597). Vanuit en in die Pinksterbeweging word dus veral klem geplaas op die voortdurende werking van die Heilige Gees as deurslaggewend vir die funksionering van die kerk en die individuele gelowige. Daarsonder, dit wil sê sonder die voortdurende en kragtige inwerking van die Gees, kan mense nie slaag in die nakoming en uitlewing van hul roeping en opdrag nie.

Weereens moet beklemtoon word dat die werking van die Heilige Gees in die Pinksterbeweging primêr beskou word as die heilshandelinge van Jesus Christus (Möller 1988:25-26; Clark & Lederle 1989:47). Die fokus van hul ervaring is gerig op 'n ervaring van Jesus Christus en sy heilswerk wat in en deur hul lewens en in hulle gemeentepraktyke realiseer. Die gelowiges is dus self ook betrokke by hierdie handelinge van Jesus. Die heilshandelinge van die Heilige Gees kan beskryf word as handelinge "in" en handelinge "deur"

mense, waarin en waardeur die heilswerk van Jesus Christus in mense se lewens realiseer.

Die werkinge van die Heilige Gees "in" en "deur" mense is wel verskillende werkinge van die Heilige Gees wat van mekaar onderskei kan word, maar is nie werkinge wat teenoor mekaar gestel of teenoor mekaar afgespeel behoort te word nie. In beide gevalle is dit werkinge van dieselfde Heilige Gees wat besig is om die heil van Jesus Christus te realiseer. Daarom word in die Pinksterbeweging nie slegs klem gelê op die gawes van die Heilige Gees nie, maar ook op die vrug van die Heilige Gees.

Die Pinksterbeweging beklemtoon dus dat daar 'n balans moet wees tussen dit wat God "deur 'n mens" en "in 'n mens" doen. Die heil van Jesus Christus moet eers self 'n werklikheid in 'n mens se lewe word alvorens so iemand as 'n instrument in die hand van God kan ontwikkel en waardeur vervolgens die heil van Jesus Christus aan ander mense verkondig kan word. Dit sluit egter nie die moontlikheid uit dat God in sy soewereiniteit iemand kan en mag gebruik om deur daardie persoon te werk al het sy heilswerk nog nie in daardie persoon se eie lewe (ten volle) gerealiseer nie.

Dit is ook belangrik om weer daarop te let dat die Pinksterbeweging doelbewus poog om net soos in die geval van Paulus se geskrifte nie slegs die gawes van die Heilige Gees te beklemtoon nie, maar ook die *vrug* van die

Heilige Gees. Die vrug en die gawes van die Heilige Gees moet nie kontrasterend teenoor mekaar beskou word nie. Die onderskeid tussen die vrug en die gawes van die Heilige Gees kan aangetoon word deur na die vrug van die Heilige Gees te verwys as die werking van die Heilige Gees *in* 'n mens se lewe en die gawes van die Heilige Gees dui op die werking van die Heilige Gees *deur* 'n mens se lewe. Die werking van die Heilige Gees vind gestalte in beide die geestelike gawes wat aan gelowiges gegee word en die geestelike vrug wat deur hulle lewe na vore kom (Palma 1979:20). Die geestelike gawes kan beskryf en beskou word as die uiterlike manifestasies van die Heilige Gees se werking deur diegene wat gedoop is met die Heilige Gees (Möller 1975:49; Hortan 1971:29), terwyl die geestelike vrug beskryf en beskou kan word as die innerlike manifestasie van die werking van die Heilige Gees. Beide die gawes en die vrug het hul oorsprong in en deur die Heilige Gees en daarom moet daarteen gewaak word om hierdie twee teenoor mekaar te stel (Palma 1979:21). Die vrug en gawes is beide aanvullende werkinge van die Heilige Gees in en deur die gelowige.

Die onderskeid tussen die geestelike gawes en die geestelike vrug kan verder ontwikkel word deurdat die vrug in verband gebring kan word met geestelike groei en karakter wat 'n bepaalde lewenstyl, gewerk deur die Heilige Gees, tot gevolg het (Lim 1994:479). Die geestelike vrug van die werking van die Heilige Gees is die resultaat van 'n geestelike groeiproses (Grossmann 1981:84), sodat daardie gelowige kan verander om meer soos

Jesus te word. Een van die seker tekens van die werking van die Heilige Gees in 'n mens se lewe is die innerlike verandering wat plaasvind na die gelykenis van Christus (McLean 1994:388). Binne Pinkstergeledere word dus duidelik onderskei tussen die handelinge van die Heilige Gees in 'n gelowige se lewe en deur die gelowige se lewe.

Aan die ander kant kan die geestelike gawes in verband gebring word met die spontane werking van die Heilige Gees in spesifieke situasies soos wat dit nodig mag wees, dit wil sê volgens die bedieningsbehoefte op 'n bepaalde moment. Die Pinksterbeweging baseer hul beskouing oor die geestelike gawes op die getuienis wat daaroor opgeteken is in die Bybel, veral in die boek Handelinge en die Pauliniese geskrifte. Op grond hiervan word die gawes van die Heilige Gees beskou as God se werk deur mense (Lim 1994:461-462). Hiervolgens stel die Heilige Gees mense in staat om bokant hul natuurlike vermoëns tot diens te wees in die gemeente. Elke gawe vind op 'n unieke wyse uitdrukking onder andere vanweë die eie ondervinding, karakter, persoonlikheid en taalgebruik van die individue of groepe of gemeentes wat deur die Heilige Gees gebruik word.

Oor die algemeen word daar meestal verwys na die nege gawes van die Heilige Gees soos wat dit in 1 Korintiërs 12 aangetoon word. Hierdie gawes word die meeste onder die soeklig geplaas (Van Den Berg 1997:73-137). In die Bybel word daar egter na heelwat meer gawes verwys (Lim 1994:462) en

kan die gawes van die Heilige Gees ook in verband gebring word met die alledaagse en praktiese behoeftes van kerklike regering en administrasie (Lim 1994:465). Heelwat van die gawes van die Heilige Gees kan in verband gebring word met leierskap in die kerk (Grossmann 1981: 114-116; 127-128; 166-167; 170). Vergelyk hiervoor ook die sogenaamde "oop lyste" soos vermeld in Romeine 12 en Efesiërs 4.

Volgens die Pinksterbeweging kan die sukses van die vroeë kerk alleen toegeskryf word aan die werking van die Heilige Gees (Dusing 1994:541). Petrus se sukses byvoorbeeld op Pinksterdag toe duisende mense tot geloof gekom het, is nie toe te skryf aan sy persoonlike vaardighede ten opsigte van voorbereiding en of aflewering van die boodskap nie. Die effektiwiteit van die vroeëre gelowiges was nie as gevolg van hul eie vermoëns of pogings nie. Hulle was nie ongewone mense nie. Die resultate van hul handelinge was die gevolg van die Heilige Gees se werking in en deur hul lewens (Erickson 1985:104).

Die Pinksterbeweging vind ten nouste aansluiting by Lukas se beklemtoning in Handelinge van die belangrike en deurslaggewende rol wat die Heilige Gees gedurende die eerste drie dekades vervul het in die ontstaan en ontwikkeling van die vroeë kerk. Hulle sluit ook baie nou aan by die ander Nuwe Testamentiese briewe en die kerkgeskiedenis se aanduiding en

beklemtoning dat die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol in die lewe van die kerk vervul het.

Die Pinksterbeweging beklemtoon dat die kerk deur die krag en werking van die Heilige Gees tot stand gekom het en deur die Heilige Gees met krag toegerus en gelei word (Dusing 1994:540) om die opdrag van Jesus Christus uit te voer. Hulle beklemtoon dat elke geesvervulde gelowige 'n bydrae kan maak (Van der Spuy 1993:50) in die uitvoering van die kerk se opdrag (Fee 1991a:18).

In die Pinksterbeweging word verwag dat die Heilige Gees steeds handelend sal optree en gelowiges toerus met krag, hulle sal inspireer, gebruik en bemoedig. In Pinkstergeledere is daar nie alleen 'n sensitiwiteit vir die handelinge van die Heilige Gees in die kerk nie, maar word dit ook beklemtoon dat die Heilige Gees toegelaat moet word om handelend op te tree. Hierdie handelinge van die Heilige Gees kan soms verrassend wees en verg geloof van die  individu en gemeente om daarvolgens te handel en dan te ervaar dat dit werklik die Heilige Gees was wat so gelei het.

## 2.4 ASPEKTE VAN DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES WAT VANUIT 'N PINKSTERPERSPEKTIEF BETREKKING HET OP KERKLEIERSKAP

Die Pinksterbeweging beklemtoon dat die handelinge van die Heilige Gees in beide individuele leiers se lewens sowel as in die totale werksaamhede van die kerk van deurslaggewende belang is. Dit is dié kritiese faktor vir die kerk se sukses met betrekking tot die uitvoering van God se opdrag. Aangesien leierskap in die kerk nie in isolasie van die ander fasette van die kerk funksioneer nie, behoort dit daarom ook direk beïnvloed te word deur die werking van die Heilige Gees, omdat dit ook handelinge in diens van God is.

Vanuit 'n Pinksterperspektief is daar verskillende aspekte wat onderskei kan word met betrekking tot die werking van die Heilige Gees. Alhoewel die wat hier aangetoon word nie aanspraak maak op volledigheid nie, word hierdie aspekte beskou as van deurslaggewende belang met betrekking tot kerkleierskap. Hierdie aspekte kan ook geklassifiseer word as die Pinksterbeweging se vooronderstellings wat direk in verband staan met hul klem op die werking van die Heilige Gees.

Hierdie aspekte en vooronderstellings kan beskryf word as die vertrekpunt van die Pinksterbeweging se benadering tot kerkleierskap. In die lig van die besondere klem op hierdie verskillende aspekte geplaas word, is hierdie

aspekte van deurslaggewende belang met betrekking tot kerkleierskap, in so 'n mate dat kerkleierskap daarsonder nie suksesvol kan wees nie.

Die punte wat hieronder bespreek word raak in wese die lewe van elke gelowige. Dit word egter hier aangebied onder die bespreking van leierskap aangesien dit soveel te meer die lewe van leiers in die gemeente raak.

### 2.4.1 Wedergeboorte

Vanuit Pinkstergeledere word beklemtoon dat dit God se wil is dat elke mens 'n lewe sal leef wat gebaseer is op 'n persoonlike verhouding met Hom (Cronjé 1981:59; Klaus 1994:568). Daarom is een van die basiese voorvereistes wat gestel word ten opsigte van enige iemand wat binne kerklike verband diens doen as 'n leier, dat daardie persoon 'n persoonlike getuienis moet hê, wat ook deur ander mense bevestig kan word, met betrekking tot die ondervinding wat beskryf kan word as "wedergeboorte".

Wedergeboorte binne Pinkstergeledere dui op die bewustelike keuse en stappe (Cronjé 1981:66; Möller s.a.:199) wat 'n persoon neem om 'n lewe te leef wat gebaseer is op 'n persoonlik verhouding met God en alles wat daarmee verband hou. Dit is van nature 'n mens se neiging om eers te probeer leef vanuit 'n lewe wat aangewese is op jou eie vermoëns, insig en sonder 'n persoonlike verhouding met God. Mettertyd ontdek 'n mens dat so

'n lewe tekortkominge het as gevolg van die tekortkominge van 'n persoon se eie vermoëns en insigte. Eers by die ontdekking hiervan (dat 'n mens nie op jou self aangewese sinvol kan leef nie), besef die mens dat dit nodig is om te leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God en dat 'n mens dan alleen sinvol kan lewe en voldoen aan God se skeppingsdoel vir jou lewe.

Die Pinksterbeweging beskou bogenoemde proses as 'n direkte uitvloeisel van die werking van die Heilige Gees in 'n persoon se lewe (Möller s.a.:198; 1994:238), met die gevolg dat die betrokke persoon op 'n plek en tyd in sy of haar lewe kom waarin hy of sy 'n lewe begin leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God. Die direkte gevolg hiervan is dat die persoon van daardie oomblik daarop gerig is om die wil van God te ontdek, daarvolgens te lewe en in alle opsigte 'n lewe te leef wat tot eer van God is (Möller s.a.:185).

In die ontdekking van wat God se wil vir 'n persoon se lewe is, kan verwys word na God se algemene en spesifieke wil vir 'n persoon se lewe. God se algemene wil het betrekking op dit wat God van almal wat in 'n persoonlike verhouding met Hom leef, verwag. Die algemene wil van God is altyd geldend ongeag van wat ook al God se spesifieke wil vir 'n persoon se lewe is. Elke persoon moet altyd daarna streef om te voldoen aan dit wat God van almal verwag wat in 'n persoonlike verhouding met Hom leef. Dit is egter ook noodsaaklik dat 'n persoon wat in 'n persoonlike verhouding met God leef, moet uitvind wat God se spesifieke wil vir daardie persoon se lewe is.

God se spesifieke wil het nie slegs betrekking op 'n persoon se lewe in die algemeen nie, maar ook op 'n persoon se kerklike diensbaarheid. Die kerk verwys na daardie deel van die samelewing wat as 'n eie identifiseerbare gemeenskap onderskei kan word, op grond van hul gemeenskaplike fokus om te leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God en saam te werk in die uitbreiding van daardie gemeenskap, omdat hulle glo dat dit God se wil is. Binne kerklike verband kan ook verwys word na God se algemene wil vir almal wat deel uitmaak van die kerk en Sy spesifieke wil vir elkeen afsonderlik.

God se spesifieke wil binne die kerklike konteks verskil van persoon tot persoon aangesien daar 'n groot verskeidenheid take is wat verrig moet word en God aan elkeen 'n eie taak oplê om te verrig (1 Kor. 12) sodat die kerk uitvoering kan gee aan die opdrag van God. Na hierdie spesifieke en eie take kan verwys word as God se roeping vir spesifieke persone binne kerklike verband. In sommige persone se lewens staan die roeping van God vir hul lewe in direkte verband met dit wat God wil hê daardie persoon in kerklike verband moet doen. In ander gevalle verskil die persoon se lewensroeping van die kerklike roeping. Die implikasie hiervan is dat sommige byvoorbeeld geroep word om hul totale lewe te wy aan diens binne kerklike verband, terwyl ander geroep word om slegs 'n gedeelte van hul tyd en energie daaraan te wy.

Een van hierdie spesifieke en eie take is leierskap in die kerk. Sommige word deur God geroep om as leiers diens te lewer binne die gemeenskap van gelowiges. Alhoewel 2.4.4 spesifiek fokus op 'n persoon se roeping tot leierskap in die kerk, moet dit ook hier vermeld word dat die Pinksterbeweging die standpunt huldig dat 'n persoon se persoonlike verhouding met God 'n direkte verband het met die spesifieke persoon se roeping om as leier in die kerk te dien.

Na aanleiding van 1 Tim. 3:6 en Tit. 1:6 aanvaar die kerk dat dit raadsaam is dat iemand wat net met 'n persoonlike verhouding met God begin het nie gou binne kerklike verband betrokke sal raak in leierskap nie. 'n Persoon se persoonlike verhouding met God word as so belangrik beskou dat geglo word dat selfs die kwaliteit van die kerkleier se verhouding met God 'n direkte verband het met diensbaarheid tot leierskap in die kerk. Geen verhouding word as staties gesien nie, maar alle verhoudinge is dinamies van aard, daarin dat dit groei en ontwikkel met verloop van tyd en wedersydse interaksie. Dit is raadsaam en word ook aanbeveel dat 'n persoon die geleentheid gebied word, toegelaat en aangemoedig word om eers te fokus op sy/haar eie persoonlike groei in verhouding met God, alvorens daardie persoon ander daarin begelei.

'n Leier binne kerklike verband word in die eerste instansie gesien as in diens van God. Daarom is 'n goeie verhouding met God 'n voorvereiste. Die basis van alle sukses vir kerklike leiers is afhanklik van die genade en guns van God. Sonder 'n noue verbintenis en verhouding met God, word geglo dat niemand, selfs kerklike leiers, nie tot iets in staat is nie (vgl. Joh. 15:5). Daarom stel die Pinksterbeweging dit as 'n voorvereiste dat kerkleiers persone moet wees wat op die een of ander stadium hulself onderwerp het aan die werking van die Heilige Gees en sodoende wedergeboorte ondervind het, want dit het 'n bepalende invloed op die res van so 'n persoon se lewe, doen en late.

### 2.4.2 Geesvervuld

Pentekostaliste huldig die standpunt dat elkeen wat hulself daartoe verbind om te leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God, in die daaropvolgende proses 'n ondervinding sal nastreef wat beskryf kan word as die doping met die Heilige Gees. Die Pinksterstandpunt is dat indien iemand 'n lewe wil leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God, dit alleen gedoen kan word indien so 'n persoon onder die beheer en kontrole van die Heilige Gees kom. Daarom is dit noodsaaklik dat elkeen ook met die Heilige Gees vervul moet word, omdat 'n mens slegs deur die werking van die Heilige Gees in staat gestel word en gehelp word om te leef soos wat God dit wil hê.

Die doping in die Heilige Gees staan volgens die Pinksterbeweging direk in verband met God se toerusting van diegene wat in 'n persoonlike verhouding met Hom leef. Met die doping met die Heilige Gees word so iemand deur God toegerus met krag en vermoëns om 'n lewe te leef wat onder die direkte beheer van God is en waarin die wil van God vir daardie persoon se lewe vervul word. Wanneer iemand die doping met die Heilige Gees ondervind, is dit volgens die Pinksterbeweging die inisiële teken en duidelikste aanduiding van daardie persoon se verbintenis om 'n lewe te leef wat onderwerp is aan God se werking deur Sy Gees, die Heilige Gees. Volgens die Pinksterbeweging vorm dit die basis vir die totale werking van die Heilige Gees in en deur iemand se lewe.

Die Pinksterbeweging huldig ook die standpunt dat die doping met die Heilige Gees nie alleen in verband staan met 'n Geesbeheerde lewe nie, maar staan ook in verband met die toerusting van die gawes van die Heilige Gees. Volgens die Pinksterbeweging is die primêre rede vir die doping met die Heilige Gees te vinde in God se toerusting van diegene wat in 'n persoonlike verhouding met hom leef, vir diens in en deur die gemeenskap van diegene wat leef vanuit 'n persoonlike verhouding met Hom (Wyckoff 1994:449; Lim 1994:457; vgl. Lukas 24:49 en Handelinge 1:8). Die toerusting van mense met gawes van die Heilige Gees word deur die Pinksterbeweging beskou as van deurslaggewende belang vir diens aan God.

Pentekostaliste beklemtoon dat elkeen wat in 'n persoonlike verhouding met God leef 'n verantwoordelikheid het om vir ander van hul persoonlike verhouding met God te vertel, asook om instrumenteel te wees in die hand van God met betrekking tot die bediening van God se genade aan ander. Daarvoor moet iemand deur God self toegerus word met die nodige "krag" en "gawes" wat voortspruit uit die doping met die Heilige Gees (Hayford & Rosenberger 1994:89).

Bogenoemde het ook betrekking op diegene wat deur God geroep is om namens God as leiers in die kerk op te tree en instrumenteel te wees in dit wat Hy wil doen. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die doping in die Heilige Gees nie impliseer dat iemand daarmee outomaties die gawe van leierskap ontvang het nie (Richards 1972:28). Leierskap binne kerklike verband is 'n afsonderlike en onderskeibare gawe en roeping van God, waarvoor God daardie persoon spesiaal toerus deur die Heilige Gees se werking in en deur daardie persoon se lewe. Niemand se natuurlike vermoëns is voldoende vir kerkleierskap nie (Richards 1972:29).

Die Pinksterbeweging huldig die standpunt dat gehoorsaamheid aan God en afhanklikheid van die werking van die Heilige Gees van deurslaggewende belang is in kerkleierskap. Daarom beklemtoon die Pinksterbeweging dat dit uiters belangrik is dat enige iemand wat geroepe voel om binne hul geledere diens te doen as 'n leier, Geesvervuld moet wees deurdat so iemand 'n

getuienis het oor die ondervinding van die doping in die Heilige Gees wat gepaardgaan met die inisiële bewys van die spreek in vreemde tale (Hayford & Rosenberger 1994:26; McLean 1994:388). Bruikbaarheid in terme van die ander gawes van die Gees kan uit die aard van die saak help om die persoon se diensbaarheid en leierskap in die gemeente na vore te laat kom.

### 2.4.3 Christelike lewenswyse

Die Pinksterbeweging verleen groot prominensie aan die karakter van 'n kerklike leier. Dit wat die persoon geword het, is en nog steeds besig is om te word as gevolg van God se werking deur Sy Gees in daardie persoon se lewe, is van deurslaggewende belang in kerkleierskap. Kerkleiers word veral volgens hul karakter en lewenstyl beoordeel (Hayford & Rosenberger 1994:32). God eis nie slegs 'n gedeelte van 'n persoon op nie, maar die totaliteit van die persoon wat geroep word om as leier in die kerk diens te doen. Daarom is dit van deurslaggewende belang dat alle fasette van 'n kerkleier se lewe in ooreenstemming moet wees met iemand wat leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God.

Hayford (1994:36) wys daarop dat geestelike groei en vordering in die verandering na 'n lewenstyl wat gebaseer is op 'n persoonlike verhouding met God, duidelik waargeneem kan word. Daarom is daar duidelike voorskrifte dat iemand ook 'n voorbeeld vir ander sal wees in die aanneem

van 'n lewenstyl wat gebaseer is op 'n persoonlike verhouding met God. Slegs persone wat alreeds gevorder het in so 'n lewenstyl is geskik om diens te doen as leiers in die kerk.

In die vorming van iemand se karakter en lewenstyl na die van 'n persoon wat leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God, vervul die Heilige Gees 'n baie belangrike rol (Hayford 1997:71-73). Die verandering in 'n persoon se lewenstyl kan alleen plaasvind indien so iemand sensitief is vir die werk van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat 'n mens bewus maak van sekere dinge en wat leiding gee oor wat om te doen en nie te doen nie. Dit is elkeen se vrye keuse om aan die impulse van die Heilige Gees gehoorsaam te wees of nie. Slegs diegene wat sensitief vir die impulse van die Heilige Gees is en daaraan gehoorsaam is, ervaar hoedat hulle meer en meer verander na 'n Christus gelykvormige karakter.

Die werking van die Heilige Gees in iemand se lewe verkry 'n konkrete gestalte deurdat die persoon in denke en lewenstyl algaande meer en meer soos Jesus Christus word en as gevolg van die werking van die Heilige Gees in staat gestel word om dieselfde werke as Jesus Christus te doen.

### 2.4.4 Roeping

Vanuit Pinkstergeledere is die roeping van God in 'n persoon se lewe deurslaggewend vir so iemand se werksaamhede en diensbaarheid in die kerk. God werk deur mense wat Hyself roep en toerus deur Sy Gees om vir Hom te werk in Sy kerk en die kerk te lei volgens Sy wil (Hayford & Rosenberger 1994:86). Leiers binne kerklike verband is persone wat hul daarin begeef het as gevolg van 'n persoonlike ervaring dat God deur die werking van die Heilige Gees hulle roep om die een of ander spesifieke taak te verrig (Ford 1991:37).

God se roeping in iemand se lewe is meer as net 'n uitnodiging om vir Hom te werk, dit is 'n totale opeising, 'n appèl deur Sy Woord en die Heilige Gees wat oortuig dat God spreek en roep (Hayford & Rosenberger 1994:9). Hierdie leiers dien nie omdat hulle daartoe verplig of gedryf voel deur eie ambisie nie (Ford 1991:37; Hayford & Rosenberger 1994:11), maar omdat hulle daartoe getrek en gelei word deur God se Gees in ooreenstemming met God se tydsberekening en die plek waar Hy hulle wil gebruik.

God se roeping is nie gekoppel aan persoonlike en uitstaande gawes, talente of vermoëns nie, maar eerder aan bereidwilligheid, gewilligheid en gehoorsaamheid aan God (Maswanganyi 1991:12). Munroe (1993:6) wys daarop dat daar in die Bybel na heelwat leiers verwys word wat vanuit 'n menslike oogpunt beskryf kan word as sogenaamde onwaarskynlike leiers

wat nogtans deur God geroep en gebruik is, byvoorbeeld Moses, Gideon, Petrus en Paulus. Die Pinksterbeweging vind hierby aansluiting deurdat hulle die standpunt huldig dat die kerk nie slegs aangewese is op diegene wat sogenaamde gebore leiers is nie (mense met natuurlike gawes en talente vir leierskap). Wanneer iemand leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God en deur God toegerus is met die krag en gawes van die Heilige Gees, het daardie persoon die potensiaal om as leier diens te doen (Munroe 1993:6). Daarom is dit nie ongewoon dat sogenaamde onwaarskynlike leiers binne kerklike verband leiers is nie, want hul leierskap is nie gekoppel aan hul natuurlike talente en vermoëns nie, maar aan God se roeping en toerusting vir diens as leiers.

Binne die Pinksterkonteks is persoonlike talent en vermoëns nie so belangrik as 'n persoonlike verhouding met God en om toegerus te wees met die Heilige Gees nie. Wanneer 'n persoon in kerkleierskap gekonfronteer word met die eise daarvan, is die enigste deurslaggewende faktor wat daardie persoon deurdra die feit dat hy / sy deur God geroep is vir die spesifieke taak wat uitgevoer moet word.

### 2.4.5 Salwing

In die Bybel word 'n duidelike verband aangetoon tussen die salwing van God deur Sy Gees en al die verskillende ampte en bedieninge van diegene wat in

diens van God gestaan het en namens Hom opgetree het (Gordon 1964:88). Die sogenaamde salwing van God deur Sy Gees, wat op 'n besondere wyse waarneembaar teenwoordig is in iemand se lewe en werksaamhede, word in die Bybel in verband gebring met allerhande rolle en bedieninge wat deur verskillende mense vervul is, byvoorbeeld Moses en die sewentig (vgl. Num. 11:25); ambagsmanne (vgl. Eksodus 31:2); militêre leiers (vgl. Rigters 13:25 & 14:6); administratiewe beamptes, juridiese kenners, priesters, profete, konings, apostels en dissipels (vgl. Hildebrandt 1995:104-111; Kendall 1998:15-17; Lockyer 1981:194-196; Pytches 1998:36; Varner 1998:3). God roep verskillende mense om verskillende en spesifieke take te verrig. Hy rus hulle daarvoor toe op 'n unieke en besondere wyse deur Sy Gees volgens die eise van die take om hulle sodoende in staat te stel om die take suksesvol te kan uitvoer.

Die werking van die Heilige Gees hou nie daar op nie, maar is ook werksaam in die voortdurende toerusting van daardie persoon vir die spesifieke taak en aanverwante take waarvoor daardie persoon deur God geroep is. God roep nie alleen mense om diensbaar te wees as leiers nie, maar Hy rus hulle ook op 'n verskeidenheid van maniere deur die Heilige Gees toe en stel hulle so in staat om dit wat Hy wil hê hulle moet doen, te kan doen. God gee nie alleen die opdrag nie, Hy gee ook die vermoë en dit wat nodig is om die opdrag uit te voer (Smith s.a.:91). In beide die Ou en Nuwe Testament, asook die res van die geskiedenis is daar heelwat voorbeelde en getuienisse van

mense wat die sogenaamde onmoontlike kon vermag as gevolg van God se toerusting vir die taak waarvoor Hy hulle geroep het. Die sukses van die afhandeling van die taak word nie aan die mens self toegeskryf nie, maar hoofsaaklik aan God se toerusting wat die persoon in staat gestel het om dit te kon doen.

In die Pinksterbeweging word veral gefokus op die lewe en bediening van Jesus Christus as voorbeeld en rolmodel vir kerkleiers. Een van die kenmerke van Jesus Christus se lewe en bediening op aarde was die waarneembare teenwoordigheid van die salwing van die Heilige Gees (vgl. Dollar 1997:54-57; Hagin 1997:6-13; Lockyer 1981:182; vgl. Lukas 4:18; Hand. 4:27, 10:38). Jesus verwys nie alleen self daarna nie, maar beklemtoon dat sonder die salwing van die Heilige Gees Hy tot niks in staat sou gewees het nie. Hy stel dit ook as 'n voorvereiste vir Sy dissipels, en almal wat hulle navolg, om eers te wag totdat hulle met die krag van die Heilige Gees toegerus is (Handelinge 1:8) voordat hulle met hul bediening op aarde begin.

Die Pinksterbeweging onderskei die salwing van die Heilige Gees van die doping in die Heilige Gees. Laasgenoemde is die inisiële gebeurtenis waartydens die betrokke persoon die Heilige Gees *ontvang* met die gepaardgaande spreke in vreemde tale, soos in 2.2 uiteengesit. Met die salwing van die Heilige Gees verwys die Pinksterbeweging na geleenthede

waar die Heilige Gees op 'n besondere wyse vaardig word en 'n persoon in staat stel om 'n spesifieke taak effektief te uitvoer. Wanneer iemand 'n salwing ondervind, ervaar daardie persoon en diegene wat betrokke is by die aangeleentheid, dat daar 'n waarneembare krag in en deur die persoon se lewe na vore kom (Jakes 1997:62). Die feit dat Jesus Christus ook gesalf was om Sy opdrag te kon uitvoer, dui vir die Pinksterbeweging op die noodsaaklikheid daarvan dat die salwing 'n deurslaggewende faktor is in die vermoë om God se roeping en opdrag te kan uitvoer.

Hierdie toerusting van God se bonatuurlike krag en vermoëns was nie iets waaroor die dissipels sou wonder of hulle dit ontvang het of nie, maar hulle sou dadelik geweet het as hulle dit ontvang het, want hulle sou dadelik in staat wees om op 'n bonatuurlike wyse diensbaar te wees. Nadat hulle hierdie toerusting ontvang het en hul opdrag en roeping begin uitleef het, was die mense verbaas oor waartoe hulle in staat was, hoofsaaklik omdat hulle gewone mense was. Diegene wat hul lewe en bediening waargeneem het, het erken dat God hulle op 'n besondere wyse toegerus het vir die taak waartoe hulle geroep is. 'n Kenmerk van hul lewe was die teenwoordigheid en krag van God wat waarneembaar was in en deur die diens wat hulle gelewer het.

Vanuit Pinkstergeledere word die standpunt gehuldig dat dieselfde krag en toerusting wat Jesus Christus, die dissipels en diegene wat saam met hulle

deel gehad het in die totstandkoming van die kerk, ontvang het (vgl. Lukas 3:22 tot 4:36; Handelinge 10:38), dwarsdeur die eeue heen beskikbaar was en sal wees tot en met die wederkoms van Jesus Christus (Smith s.a.:99). In Pinkstergeledere word na die krag en toerusting van God, wat bemiddel word deur die Heilige Gees, verwys as salwing van die Heilige Gees. Kenmerkend van so 'n salwing is dat gewone mense deur God se bonatuurlike krag en vermoëns in staat gestel word om God se buitengewone opdragte uit te voer. Daarom plaas die Pinksterbeweging groot klem op die noodsaaklikheid van salwing.

Vanuit Pinkstergeledere word niemand sonder 'n salwing as geskik en as gekwalifiseerd geag om namens God op te tree nie (Gordon 1964:88). Daarom het die salwing van God betrekking op kerkleierskap en word dit vanuit 'n Pinksterperspektief as van deurslaggewende belang beskou. Iemand wat deur God geroep word om as 'n kerkleier diens te doen, het ook die salwing van God nodig sodat die persoon se roeping om as 'n leier diens te doen vervul kan word.

Salwing is nie iets wat deur 'n mens verwerf kan word nie, maar iets wat God alleen deur Sy Heilige Gees aan mense gee en hulle daarmee toerus om Sy roeping vir hul lewe te vervul. Alhoewel die salwing van 'n persoon 'n gawe van God is wat voortspruit uit onverdiende genade (Kendall 1998:12), is dit ook in 'n sekere mate voorwaardelik daarin dat slegs diegene wat in 'n

verhouding met God leef deur Hom gesalf word om deur Hom gebruik te word (Hinn 1992:149-161). Aangesien Jesus Christus die gesalfde was en is, is die salwing ten nouste aan Hom verbind en kan iemand slegs 'n salwing ontvang indien Hy hom of haar deur die Heilige Gees salf (Varner 1998:3).

Elke keer wanneer iemand deur God gesalf word, is dit vir 'n spesifieke taak met 'n spesifieke doel. Wanneer iemand deur God gesalf word, ontvang so iemand die krag van die Heilige Gees om vir God diensbaar te wees (Hagin 1997:3; Kendall 1998:9; Lockyer 1981:208-210). Die salwing is nie in die eerste plek gefokus op die persoon wat gesalf word nie, maar dit is bedoel sodat daardie persoon goed kan doen, ander aanmoedig en 'n seën kan wees (Kendall 1998:10). Om 'n salwing vir een spesifieke doel te hê beteken nie dat daardie persoon ook 'n salwing vir al die ander take het nie. Die moontlikheid bestaan egter ook dat 'n persoon 'n salwing kan hê vir 'n spesifieke doel, maar dat daardie persoon ook 'n salwing kan hê vir ander take. Net soos wat daar 'n salwing is vir prediking, die lei van aanbidding, bid vir genesing, profesie en evangelisasie, is daar ook 'n salwing vir leierskap in die kerk (Pytches 1998:38).

Die salwing van die Heilige Gees bring 'n bewuste ervaring van God se gesag en teenwoordigheid in en deur iemand se lewe en bediening, wat duidelik onderskei en waargeneem kan word wanneer daardie persoon optree as God se geroepe leier (Pytches 1998:38). Die salwing is nie die een

of ander gevoel, idee of atmosfeer nie, dit is die seker wete dat God met jou is (Varner 1998:2).

Volgens Pytches (1998:36, 47-51) en Hildebrandt (1995:127) kan die volgende kenmerke met betrekking tot die salwing van die Heilige Gees onderskei word, naamlik dat die salwing van die Heilige Gees

(a) is onafhanklik van menslike waardigheid;

(b) is niemand se permanente besitting nie;

(c) is 'n genadegawe wat deur God aan iemand gegee word en kan nie op die een of ander wyse verdien word nie;

(d) word nie deur enige menslike onvermoë aan bande gelê nie;

(e) is nie 'n vrywaring teen iemand se persoonlike subjektiwiteit wat waarborg dat so iemand nie hul eie kop sal volg en hul eie ding sal doen nie;

(f) gaan soms gepaard met sigbare wonders en tekens, alhoewel dit nie 'n noodwendigheid of algemeen geldende reël is nie;

(g) openbaar buitengewone gesag en helderheid met betrekking tot dit wat die persoon glo en verkondig aangaande Jesus Christus;

(h) plaas Jesus Christus in die middelpunt van alles wat gedoen en gesê word;

(i) het tot gevolg dat so iemand geneig is om streng volgens die beginsels van die Bybel te leef en daardeur die waarhede daarvan bevestig;

(j) stel so iemand in staat om nie deur struikelblokke of opposisie verhinder te word om uitvoering te gee aan God se opdrag nie en kan daarom as 'n oorwinnende mens leef.

Vanuit 'n Pinksterperspektief sal beklemtoon word dat resultate nie direk toegeskryf kan word aan kerkleierskap nie, maar dat dit direk en primêr toegeskryf kan word aan die salwing van die Heilige Gees. Smith (s.a.:101) wys daarop dat volgens die Bybelse gegewens dit duidelik is dat diegene wat hulself as ontoereikend beskou het om God se roeping te vervul, van die grootste 'suksesse' gehad het omdat hulle totaal en al aangewese was op die salwing van God. Dikwels kies Hy die swak en soms onbenullige en onverklaarbare dinge en mense om kragtig in en deur hulle te werk (McGavran 1986:122).

### 2.4.6 Direkte leiding deur die Heilige Gees

Die Pinksterbeweging se aksentuering van die doping met die Heilige Gees het ook tot gevolg dat die direkte teenwoordigheid en betrokkenheid van die Heilige Gees by hul onderskeie werksaamhede beklemtoon en verwag word (Klaus 1994:580). Binne die Pinksterbeweging vervul die direkte leiding van die Heilige Gees 'n belangrike funksie (Geyser 1990), en is dit nie ongewoon

vir hulle om aanspraak te maak dat sekere handelinge en besluite die resultaat is van die direkte leiding van die Heilige Gees nie (Gee 1936:29; Hagin 1982:24; Parker 1996:9, 12).

Met die direkte leiding van die Heilige Gees word verwys na die ingewings en inspirasie van die Heilige Gees om op die een of ander manier handelend op te tree. Hierdie ingewings en inspirasie kan in 'n wye verskeidenheid vorme voorkom (Geyser 1990:32-36; Parker 1996:14), waarvan nie een verabsoluteer of bo 'n ander verhef kan word nie (Geyser 1990:94).

Die Heilige Gees word deur Pinkstermense vanuit hul persoonlik ondervinding van die doping met die Heilige Gees verstaan en ondervind as 'n alomteenwoordige realiteit in hul lewens (Parker 1996:33). Wanneer Pinkstermense bid om die leiding van die Heilige Gees, verwag hulle dat iets konkreet en bewustelik sal gebeur as gevolg van hul gebede. Hulle verwag dat hulle leiding van die Heilige Gees sal ontvang (Parker 1996:16; Klaus 1994:580). Daarom is hulle geneig om in alles wat hulle doen ingestel te wees op die leiding van die Heilige Gees.

Die leiding van die Heilige Gees word verbind aan 'n verskeidenheid charismatiese manifestasies wat deel uitmaak van die Pinkstergeloof en praktyk soos wat dit voorkom in vergaderings en ander dag tot dag besluite wat geneem word (Möller 1989:44; Parker 1996:31-32). Pinkstermense neem

op baie verskillende maniere besluite. Daar is nie net een enkele manier of patroon waarop besluite geneem word na aanleiding van die leiding van die Heilige Gees nie. Die Pinksterideaal in besluitneming is om ooreenkomstig Handelinge 15:28 te kan sê "Want die Heilige Gees en ons het besluit ...".

Daarom beklemtoon die Pinksterbeweging dat die kerk nooit die Bybelse en teologiese belangrikheid van die voortdurende gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees uit die oog moet verloor nie (Dusing 1994:541). Die werking van die Heilige Gees is nie alleen beperk tot ongewone manifestasies van wonderwerke nie, maar kom ook voor in allerhande (soms onopsigtelik) leidinggewende en hulpverlenende maniere (Dusing 1994:541-542, 1 Kon. 19:11-12). Die kerk moet altyd sensitief bly vir en voortdurend onderwerp word aan die leiding van die Heilige Gees (Dusing 1994:542).

## 2.5 'N PINKSTERTEORIE OOR KERKLEIERSKAP

Daar is reeds daarop gewys dat die ontstaan van die Pinksterbeweging nie toegeskryf kan word aan 'n nuwe leerstellige of akademiese ontwaking nie. Trouens, die oorspronklike Pinksterpioniers het in 'n groot mate vyandigheid teenoor die amptelike formulering van hul teologie geopenbaar. Vir talle dekades het die Pinksterteologie slegs mondelings bestaan. Daar was feitlik geen tyd en aandag bestee om hierdie insigte op skrif te stel en presies reg te formuleer nie. Hiermee saam moet die belangrikheid van die

ervaringselement nie uit die oog verloor word nie. God die Vader is ervaar, Jesus Christus se werkinge is ervaar en die Heilige Gees se direkte aanraking is ervaar. Hierby moet nog een belangrike element gevoeg word: geloof. Die punt is dat vroeë Pinkstergelowiges en -pioniers wat as leiers opgetree het vanweë hierdie faktore 'n eenvoudige teorie opgebou het sonder dat dit op skrif gestel is. Hierdie teorie kom min of meer op die volgende neer:

a) God die Vader het Jesus as hoof van die kerk aangestel.

b) Jesus regeer oor die kerk in en deur die Heilige Gees.

c) Jesus en die Heilige Gees kies gewone mense om lid te word van die kerk. Hulle word lid van die kerk deur die proses van wedergeboorte.

d) Hierdie mense word verder deur die Heilige Gees gedoop en dit gee hulle die geleentheid om die gawes van die Gees deelagtig te word. Veral die spreek in tale is hier van belang. Hierdie doop met die Gees is die eerste en primêre geleentheid waarin mense deur die direkte werking van die Gees Jesus Christus as Heer ervaar.

e) Die geesgedooptes kan op enige plek en in enige omstandigheid deur die Gees gebruik word in enige van veral die nege gawes soos vermeld in 1 Kor 12: 7-11.

f) Om sy kerk effektief te bestuur, te lei en uit te bou kies Jesus deur sy Gees sekere mense as leiers uit en laat hulle binne die gemeente as leiers funksioneer.

g) Die feit dat hierdie leiers met die Gees gedoop is, die manifestasie van gawes ervaar en deur die Gees in verskillende omstandighede gelei word stel hulle in staat om Jesus se heerskappy in die kerk en deur die kerk in die samelewing uit te voer.

h) Al wat kerkleiers dus nodig het om as effektiewe leiers op te tree en om gemeentes effektief op te bou is 'n roeping en aanraking van Jesus Christus deur sy Gees.

i) Mense wat met die Gees gedoop is en dus die aanraking van God direk ondervind het sal ook die geloof hê dat God se planne vir hulle en vir sy kerk deur hulle tot volle ontwikkeling sal kom.

j) Enige ander middel wat as 'n hulpmiddel bestempel kan word moet met agterdog bejeën word. God se Gees is genoegsaam om sy kerk op te bou. Hy het nie hulpmiddele nodig nie. Geesgedoopte mense wat gehoorsaam onder sy leiding leef is al wat nodig is om die kerk effektief te lei en uit te bou. Bewys hiervan is in die Skrif self. Die Gees het gelei en gehoorsame, geroepe mense soos Petrus en Paulus het as sy instrumente opgetree. Waar nodig het die charismata deur hulle gewerk. Daar is niks meer as dit nodig nie.

k) Uitvloeiend uit die voorafgaande formulering het die verdere standpunte ontstaan: Die probleem met ander kerke, veral die Katolieke en historiese Protestantse kerke was juis dat hulle op hulle eie tradisies en/of op hulle eie teologiese insigte staatgemaak het. Mense wat as leiers in hierdie kerke opgetree het, was dikwels óf nie wedergebore nie óf ook ten minste nie met die Heilige Gees gedoop nie. Daarom was hulle nie werklik bruikbare instrumente in God se hand nie. Hulle het ook geen getuienis gehad van die direkte aanraking van God in hulle lewens nie. Teologiese opleiding was by implikasie ook 'n struikelblok aangesien mense daardeur in die versoeking gekom het om op hulle geleerdheid staat te maak en nie voortdurend afhanklik te wees van die Gees van God nie.

Die teologiese teorie soos in 'n ruwe vorm hierbo geskets, het nie op hierdie wyse op papier gefunksioneer nie. Dit was 'n teologiese teorie wat in die harte van Pinkstergelowiges geleef het. Die uitvloeisel hiervan het dramatiese gevolge gehad. Daarvan kan vele faktore getuig. Onder andere kan gewys word op die geweldige offers wat Pinksterpioniers gebring het wat betref diensbaarheidsoffers, wat betref die opoffering van eie lewens, gebed, vas en geloofsdade (Burger 1987:147)

Elkeen wat tot die geloof toegevoeg is was vir hulle 'n bewys daarvan dat God met hulle is, hulle wil seën en hulle wil gebruik. Die teorie soos hierbo

uitgespel is dus telkemale herbevestig as waar en sonder foute. Afhanklikheid van God en om te leef binne die kragveld van die Gees is al wat nodig is vir die ontplooiing van sy koninkryk.

Die Pinksterkerke het in die eerste 60 jaar van hulle bestaan fenomenale groei beleef het. Talle rekords is gebreek wat betref groeistatistiek en groeipatrone (Burger 1987:240; Synan 2001:383-385). Verskeie persone wys daarop dat saam met die charismatiese groep en kerke aanverwant aan Pinksterkerke hierdie afdeling meer Christene verteenwoordig as al die ander Protestantse groeperings tesaam. Hierdie groep word selfs getipeer as die "Third Force in Christianity" (Synan 2001:16), dit wil sê die derde groepering naas die Katolieke en die tradisionele Protestantse groepe. Nog nooit vantevore het een groep of beweging soveel mense in so 'n kort tyd binne hulle geledere ingeskakel nie (vgl. Barret 1997:24-25).

Toegepas op die teologiese teorie ter sprake beteken dit dus vir vele Pinkstermense dat die teorie reg is want dit werk. Die resultate wys dit aan. Totale afhanklikheid van die Gees is die enigste en belangrikste faktor wat volgens die Pinksterbeweging beklemtoon word vir kerkleierskap.

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat die basiese teorie vanuit 'n Pinksterperspektief met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees begin en gebaseer word op die betrokke persoon se

persoonlike verhouding wat bewustelik in aanvang neem met die ondervinding van wedergeboorte; daarna 'n ondervinding van die vervulling met die Heilige Gees; meegaande groei in 'n Christus-gelykvormige karakter en leefstyl; 'n roeping van God om in die kerk as leier diens te doen; wat bevestig word deur die gepaardgaande en waarneembare teenwoordigheid van God in en deur 'n kerkleier se lewe en bediening, wat beskryf kan word as salwing; en die direkte leiding van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat in mense se lewens werk om hulle in bogenoemde proses te begelei en hulle mettertyd by 'n aansluiting bring waar hulle besef dat God se spesifieke wil vir hul lewe is om diensbaar te wees as leiers binne die gemeenskap van diegene wat leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God.

## 2.6 PRAKTYKTEORIE

Vervolgens word gepoog om dit wat hierbo gesê is om te skakel tot 'n praktykteorie vir kerkleiers binne Pinkstergeledere. Die teorie wat volg is dus eerstens gebou op die belangrikste teologiese beklemtoninge binne Pinkstergeledere en die onderskeidende kenmerk wat daarmee saamhang. Vervolgens is dit gebaseer op die elemente van die teorie wat daaruit ontwikkel is (vgl. par 2.5 hierbo).

Daar moet op gelet word dat hierdie praktykteorie alleen 'n uitvloeisel is van wat hierbo aangebied is. Dit is 'n onkritiese teorie aangesien dit net die ideale

van dit wat hierbo ontwikkel is, verteenwoordig. Daar kan dus geen finale konklusies hieruit afgelei word nie. Besinning oor die werk van die Heilige Gees of prakties-teologiese nadenke oor die verband tussen die werking van die Gees en kerkleierskap in ander Christelike tradisies is nie in berekening gebring nie.

In sy eenvoudigste vorm sal 'n Pinksterteorie oor leierskap dus soos volg daar uitsien: Wanneer persone in leierskapsposisies binne 'n Pinksteromgewing funksioneer en die voorgenoemde ervaringe gehad en/of deurloop het (wedergeboorte, doop in die Gees, die voortdurende groei in Christus gelykvormige karakter, roeping, salwing en die direkte leiding deur die Heilige Gees) sal hulle dus vanselfsprekend as suksesvolle leiers kan funksioneer. Alhoewel die persone struikelblokke sal ondervind sal hulle telkemale onder andere op grond van die werking van die Gees, die manifestasies van die charismata en die salwing van die Gees sodanige probleme kan oorkom. Hierdie mense sal verder besondere insigte ontvang om probleme op 'n unieke wyse te identifiseer en die vermoëns kry om dit te hanteer. In sommige gevalle sal dit wat hulle in die Naam van die Here doen bevestig word met tekens en wonders. Ander mense sal kan waarneem dat hierdie leiers nie net gelowiges is nie maar 'n besondere roeping op hulle lewens het en dat hulle onder die salwing van die Heilige Gees werksaam is.

Hierdie praktykteorie vanuit Pinkstergeledere impliseer vanselfsprekend dat spesiale opleiding in leierskap en/of kerkleierskap oorbodig is en daarom nie van pas is nie. Verder moet gewaak word teen die toepassing van leierskapsbeginsels vanuit buite-kerklike of nie-kerklike omgewings in 'n kerklike konteks.

## 2.7 SAMEVATTING

Volgens die Pinksterbeweging is die doel van die doping met die Heilige Gees direk gekoppel aan gelowiges se roeping tot dienswerk in die uitvoering van Jesus Christus se opdrag soos vervat in Matteus 28:19. Die ervaring van die werking van die Heilige Gees word in alle opsigte voorveronderstel en as die deurslaggewende faktor beskou vir die werksaamhede en aktiwiteite binne 'n kerklike konteks. Dit het tot gevolg dat vanuit 'n Pinksterperspektief sekere aspekte van die werking van die Heilige Gees aangedui kan word as kritiese faktore wat onontbeerlik is in kerkleierskap. In die voorafgaande is aangetoon watter aspekte spesifiek deur die Pinksterbeweging uitgesonder word as deurslaggewend vir kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Vanuit 'n Pinksterperspektief sal dit van deurslaggewende belang wees dat hierdie aspekte van die werking van die Heilige Gees in die vakliteratuur oor kerkleierskap beklemtoon word.

# HOOFSTUK 3

# LITERATUURONDERSOEK

## 3.1 INLEIDING

Die navorsing vir hierdie hoofstuk is gebaseer op die kerkleierskapliteratuur wat ek in Suid-Afrika kon bekom en self oor jare tydens oorsese reise versamel het. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig aangebied van die aspekte en beklemtoninge wat in die literatuur voorkom met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon wat die moontlike elemente is van 'n teorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees soos wat dit in die literatuur voorkom.

## 3.2 ORIËNTASIE

In die literatuur oor kerkleierskap word daar in verskillende omvang en op verskillende maniere verwys na die werking van die Heilige Gees. Sommige bronne het 'n spesifieke afdeling oor die werking van die Heilige Gees in kerkleierskap. Ander bronne het op hul beurt weer net 'n spesifieke hoofstuk of hoofstukke daaroor en ander bronne het net die een of ander onderafdeling van 'n hoofstuk waarin verwys word na die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap. Daar is ook bronne waarin daar net op die

een of ander wyse 'n enkele verwysing of opmerking gemaak word rondom die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap. Om die hantering van die literatuur te vergemaklik en konstruktief daarmee te werk, moes dit op die een of ander wyse georganiseer word. Die literatuur het sigself daartoe geleen om hoofsaaklik in drie verskillende kategorieë verdeel te word, naamlik:

*Kategorie (1)*: literatuur wat in totaliteit fokus op die onderwerp kerkleierskap of op aspekte daarvan;

*Kategorie (2)*: literatuur wat nie geheel en al op kerkleierskap gerig is nie, maar om die een of ander rede 'n afdeling, hoofstuk of hoofstukke het wat oor die een of ander aangeleentheid van kerkleierskap of oor kerkleierskap self handel; en

*Kategorie (3)*: literatuur waarin terloopse opmerking(s) of verwysing(s) gemaak word na kerkleierskap of na die een of ander aspek wat daarop betrekking het .

Literatuur binne die bestek van kategorie (1) hierbo word spesifiek bemark as kerkleierskap-literatuur met die doel om kerkleiers behulpsaam te wees in die praktyk van kerkleierskap. Die literatuur wat onder kategorie (2) ingedeel is literatuur wat hoofsaaklik op die algemene kerklike praktyk en kerkgroei fokus. Kategorieë (1) en (2) literatuur vervul 'n belangrike rol daarin dat dit die heersende praktyk in kerkleierskap grootliks beïnvloed aangesien dit die literatuur is wat tot die beskikking van kerkleiers is. In die lig hiervan fokus

hierdie navorsing hoofsaaklik op die literatuur wat onder kategorie (1) en (2) aangetref word.

Die literatuur in kategorie (3) word nie by die ondersoek ingesluit nie, omdat dit nie spesifiek gerig is op kerkleierskap nie. Hierdie literatuur bevat hoofsaaklik terloopse opmerkings en verwysings na kerkleierskap en fokus nie op die kerklike praktyk nie. Voorbeelde hiervan word hoofsaaklik aangetref in dogmatiese literatuur (vgl. Horton 1994) wat vanuit 'n bepaalde perspektief geskryf is en 'n ander fokus het as die literatuur wat handel oor die algemene kerklike praktyk.

Nadat die literatuur, soos hierbo uiteengesit, georganiseer is, is een honderd en sestien literatuureenhede (sien Addendum saam met die Bibliografie vir 'n meer volledige en gedetailleerde uiteensetting van die spesifieke bronne) geïdentifiseer om ondersoek te word. Agt en sestig (59%) van die bronne is kategorie (1) literatuur wat in geheel fokus op kerkleierskap, terwyl agt en veertig (41%) van die bronne nie spesifiek gefokus is op kerkleierskap nie, maar gedeeltes bevat wat betrekking het op kerkleierskap en hier as kategorie (2) literatuur geklassifiseer word.

## 3.3 INHOUDELIKE OORSIG

Die kerkleierskapliteratuur wat die bestek van hierdie navorsing uitmaak, is sorgvuldig deurgewerk om te probeer vasstel watter teorieë daar in die literatuur oor kerkleierskap is met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Elke moontlike verwysing wat verkry kon word, hoe gering ook al, is in aanmerking geneem om te probeer bepaal watter verband aangetoon kan word tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

Van die begin af was dit duidelik dat daar in die literatuur oor kerkleierskap nie in dieselfde mate verwys word na die werking van die Heilige Gees soos die geval blyk te wees met verwysings na die funksionele aspekte van kerkleierskap nie. In die lig hiervan is 'n statistiese ontleding gedoen om aanduiding te verkry ten opsigte van die omvang van die verwysings na die werking van die Heilige Gees in die literatuur oor kerkleierskap (sien Addendum).

Van die agt en sestig bronne in kategorie (1), is daar slegs elf (16%) bronne waarin spesifiek verwys word na die verband tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees (Beasley-Murray 1990:22-28; Crix 1991:23-25; Doohan 1984:23; Elliston 1992:95-108; Engstrom 1976:92-93, 201-204; Greenslade 1984:19-26; Hayford en Rosenberger 1994; Munien 1998:24-26, 40-42; Richards & Hoeldtke 1980:255-261; Sanders 1994:79-83; Sibthorpe

1984:137-153). Hayford se boek in samewerking met Rosenberger (1994:4), *'Appointed to Leadership'*, bied die mees omvattende inligting rondom kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Heel waarskynlik kan dit daaraan toegeskryf word dat beide vanuit 'n Pinksteragtergrond afkomstig is. Daar is nie een bron in kategorie (1) wat in geheel fokus op kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees nie.

In kategorie (2) is daar net agt (17%) van die agt en veertig bronne wat op die een of ander wyse spesifiek verwys na die verband tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees (Barnet 1979:207-214; Cobble 1988:121; Hansen 1994:42-59; Hendrix 1988:18-21, 133-134; Ness 1984:64-69; Parrot 1982:9-46; Richards 1972:28-39; Snyder 1977:79-96).

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die omvang van die verwysings na die werking van die Heilige Gees in die literatuur oor kerkleierskap beperk is. In kategorie (1) is daar net elf (16%) en in kategorie (2) net agt (17%) bronne waarin na hierdie aangeleentheid verwys word. Uit een honderd en sestien bronne is daar slegs negentien (16%) bronne waaruit 'n aanduiding verkry kan word van hoe die outeurs die inwerking van die Heilige Gees in die optrede van leiers beoordeel en omskryf. In 84% van die bronne word daar glad nie op die een of ander wyse na hierdie onderwerp verwys nie.

Met inagneming van die feit dat die kerk die ruimte van die Gees is en dat die huidige era waarin daar nou in die kerk gewerk word beskou kan word as die era van die Heilige Gees, is dit feitlik vanselfsprekend dat daar in die literatuur oor die kerkleierskap meer behoort te wees oor die werking van die Heilige Gees en 'n beter begronding van die onderwerp. Hierdie voorlopige konklusie is belangrik vir die ondersoek in die lig daarvan dat die onderwerp ondersoek word vanuit 'n Pinksterperspektief.

Ten spyte van die ooglopende gebrek aan verwysings en die gevolglike leemtes in teorievorming oor die onderwerp is dit nogtans moontlik om vanuit die bestaande literatuur oor kerkleierskap sekere aanduidings te verkry van die elemente van die bestaande teorieë oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Vervolgens word gefokus op die onderskeie benaderinge tot kerkleierskap soos wat dit in die literatuur daaroor voorkom, aangesien dit moontlike lig kan werp op die huidige tendens binne kerkleierskapliteratuur.

## 3.4 TWEE VERSKILLENDE BENADERINGE TOT KERKLEIERSKAP

Die definiëring van 'n spesifieke aangeleentheid in die vakliteratuur daaroor gee 'n aanduiding van die mees basiese uitgangspunte en vertrekpunte wat 'n invloed het op die dinamika van dit wat binne daardie vakgebied plaasvind of nie plaasvind nie. Definisies toon aan wat inklusief en eksklusief is in die benadering tot daardie spesifieke aangeleentheid. Dit het alles 'n bepalende

invloed op die praktyk van daardie aangeleentheid. In die onderhawige geval moet die definiëring van kerkleierskap in die vakliteratuur dus die een of ander invloed hê op die praktyk van kerkleierskap.

Dit is 'n algemene tendens dat 'n wye verskeidenheid definisies oor leierskap - in hierdie geval kerkleierskap - selfs binne dieselfde konteks, aangetref word (Lee 1989:12; Dunn 1995:17). 'n Definisie van leierskap word grootliks beïnvloed deur die konteks waarbinne dit plaasvind en verskil van organisasie tot organisasie en van kultuur tot kultuur (Basson 1996:24, ook Callahan 1990:37-38). Die kerk is 'n eiesoortige organisasie met 'n unieke struktuur en beginsels waarvolgens dit funksioneer (Richards & Martin 1981:132). Daarom is dit belangrik dat leierskap vanuit en binne kerklike verband gedefinieer word om aan te toon wat die spesifieke vereistes en verwagtinge is met betrekking tot leierskap in 'n kerklike konteks.

Van die een honderd en sestien bronne wat ondersoek is, blyk dit dat daar in slegs dertig bronne (Addendum) 'n aanduiding gegee word van wat met kerkleierskap in daardie bron bedoel word. **Vier en sewentig persent** van die bronne funksioneer sonder dat daar enige spesifieke aanduiding is van die een of ander definisie van kerkleierskap. Slegs 26% van die bronne gee 'n aanduiding van wat met kerkleierskap bedoel word en binne watter raamwerk die inhoud van die boek verdiskonteer moet word. Hier is dus 'n merkwaardige leemte en die skrywers veronderstel dus dat diegene wat die

werke lees reeds weet wat met kerkleierskap bedoel word. Dit op sigself is natuurlik 'n groot aanname omdat die lesers nie vanselfsprekend net deur kerklike ervaring of leesstof beïnvloed word in die ontwikkeling van begrippe nie. Aangesien kerklidmate ook binne bepaalde samelewings woon is hulle ook aan ander vorme van leierskap blootgestel. Hierdie punt verdien meer aandag aangesien dit mag voorkom of daar talle skrywers is vir wie die algemeen aanvaarde konsep van wat 'n leier is of behoort te wees ewe maklik 'n onkritiese wyse op terreine binne en buite die kerk van toepassing kan wees.

In die literatuur oor kerkleierskap wil dit voorkom of daar hoofsaaklik onderskei kan word tussen twee verskillende benaderinge tot kerkleierskap. Drie en twintig van die dertig bronne kan saam gegroepeer word aangesien kerkleierskap daarin hoofsaaklik benader en voorgehou word as 'n *funksionele* aangeleentheid waarin die onderskeie funksies en gepaardgaande vaardighede van leiers om uitvoering te gee aan spesifieke funksies voorkeur geniet. Dit wil ook voorkom of die res van die literatuur oor kerkleierskap hierby aansluiting vind, alhoewel dit nie eksplisiet en duidelik gestel word nie, maar geïmpliseer word deurdat daar hoofsaaklik gefokus word op die funksionele aspekte van kerkleierskap. Die ander sewe bronne kan saam gegroepeer word op grond daarvan dat kerkleierskap daarin *ook* benader word as 'n *geestelike* aangeleentheid, waarin ander aspekte van kerkleierskap ook beklemtoon word as belangrike aspekte van kerkleierskap

wat bepalend is in die uitvoering van die verantwoordelikhede van 'n kerkleier.

### 3.4.1 'n Funksionele benadering

Kerkleierskap word in die algemeen benader as 'n funksionele aangeleentheid aangesien die literatuur daaroor hoofsaaklik funksionele aangeleenthede rondom leierskap in 'n kerklike konteks aanspreek. In die verskillende benaderinge wat oor kerkleierskap aangetref word, word hoofsaaklik vyf deurslaggewende aspekte aangedui wat 'n aanduiding gee van die algemene benadering tot kerkleierskap en die vereistes en verwagtinge wat daaraan gestel word. Die vyf punte word vervolgens aangebied.

a) **INVLOED**: Die mees algemene benadering tot kerkleierskap kan in een woord weergegee word: *invloed*. Binne die literatuur funksioneer die benadering tot leierskap as invloed baie sterk (Sanders 1967:24; Dale 1986:14; Habecker 1989:11; Marshall 1991:9; Elliston 1992:7; Maxwell 1993:1; Maswanganyi s.a.: 4 en Habecker 1996:11). In die 1990's was dit veral Maxwell wat verantwoordelik was vir die popularisering van die beskrywing *'leierskap is invloed'*. Alhoewel hierdie definisie van leierskap as gevolg van Maxwell se invloed ook sterk funksioneer in die korporatiewe wêreld, het dit 'n baie groot

invloed op die kerkwêreld omdat hy dit aanvanklik vanuit die sy eie konteks as 'n pastoor gepropageer het as dié deurslaggewende faktor in kerkleierskap.

b) **MOBILISERING VAN MENSE**: In aansluiting hierby word die beskrywing van 'kerkleierskap as invloed' ook verder uitgebrei deurdat daarop gewys word dat kerkleierskap deur beïnvloeding mense *mobiliseer in die bereiking van doelgerigte en gemeenskaplike oogmerke* (Gangel 1981:15; Lee 1989:27; Beasley-Murray 1990:14; Clinton 1992:245; Love 1994:67; Marais 1991:3; Finzel 1998:13)

c) **FOKUS**: Leierskap is verantwoordelik om toe te sien dat *die regte dinge gedoen word* (Bennis & Nanus 1985; Dale 1986:14; ook Shawchuck & Heuser 1993:21-22) en fokus sodoende behou word.

d) **VOORUITGANG**: Die doel van elke organisasie is om voordeel in te hou vir diegene wat op die een of ander wyse daarby betrokke is. Dit beteken dat voortdurende vooruitgang in die organisasie in die toenemende en veranderende behoeftes van mense sal voorsien. Leierskap is verantwoordelik om sodoende *dinge te laat gebeur wat andersins nie sou gebeur het nie* (Engstrom 1976:20; Lee 1989:24; Khathide 1995:35). Mattson (1994:21) stel dit in sy definiëring van

kerkleierskap dat kerkleierskap *verandering en ontwikkeling* inisieer en tot gevolg het.

e) **FASILITERING**: Kerkleierskap moet ook mense *help om hul eie lewensdoel te ontdek en dit in vervulling te bring* (Callahan 1990:64; Baker 1983:4). In aansluiting by bogenoemde is Hughes (1998:35) van mening dat leiers vir mense omgee, hulle ontwikkel en benut tot voordeel van die organisasie.

In die lig van die voorafgaande kan die uitgangspunt dus so saamgevat word: In die literatuur oor kerkleierskap word kerkleierskap hoofsaaklik benader as die beïnvloeding van mense met die oog daarop om hulle te mobiliseer in die bereiking van doelgerigte en gemeenskaplike oogmerke deur die regte dinge te doen en so te sorg dat dinge wat andersins nie sou gebeur het nie, wel gebeur deurdat individue hul eie lewensdoel vervul.

Vanuit bogenoemde blyk dit duidelik dat die algemene benadering tot kerkleierskap hoofsaaklik fokus op dit wat in en deur kerkleierskap *gedoen* word. Volgens Damazio (1988:2) en Barna (1997:25) kan dit wat in en deur leierskap gedoen word, beskryf word as die *funksionele aspekte* van leierskap. Adams (1981:329) beklemtoon dat kerkleierskap slegs funksioneel van aard is en daarom funksioneel benader moet word.

Habecker (1989:11 en 1996:11) is die enigste een wat in aansluiting by hierdie algemene tendens 'n voorwaarde stel, naamlik dat dit alleen moet plaasvind vanuit 'n verbintenis om dit te gebruik in navolging en harmonie met Bybelse beginsels. Sanders (1967:20-21) wys daarop dat alhoewel daar tog ooreenkomste is tussen kerkleierskap en nie-kerkleierskap daar in kerkleierskap ook ander faktore is wat in aanmerking geneem moet word. Hierdie "ander" faktore is binne die kerklike konteks aanvullend en soms oorheersend, byvoorbeeld kerkleiers beïnvloed nie mense slegs deur middel van hul natuurlike persoonlikhede nie, maar deur hul persoonlikheid wat verhelder is deur die Heilige Gees wat hulle deurdring en toerus. Kerkleiers kan slegs ander geestelik beïnvloed op grond van die werk van die Heilige Gees in en deur daardie persoon se eie lewe.

Die belangrike vraag ter wille van teorievorming en beter begrip is natuurlik presies wat die implikasies van die voorafgaande bevindinge is. Wat moet afgelei word uit die feit dat die meerderheid van skrywers klem lê op die funksionele aspek van leierskap? Wat presies is onderliggend aan Habecker en Sanders se opmerkings? Dit is sekerlik waar dat leierskap alleen moet funksioneer in navolging van en in harmonie met Bybelse beginsels maar dit sal ook uitgespel moet word anders bly hierdie goedbedoelde stelling in die lug hang. Dieselfde geld vir die stelling dat kerkleiers mense ook beïnvloed vanweë die werking van die Heilige Gees in hulle lewens. Is dit net 'n

geloofstandpunt of kan dit ook meer presies uitgespel word in die vakliteratuur?

Hoe dit ook al sy, dit blyk dus duidelik dat daar tog diegene is wat van mening is dat kerkleierskap nie alleenlik benader kan word as 'n funksionele aangeleentheid nie. Indien die ander faktore wat in die kerklike konteks 'n deurslaggewende rol speel in aanmerking geneem word, moet daar ook 'n ander benadering tot kerkleierskap wees.

### 3.4.2 'n Geestelike benadering

Naas bogenoemde benadering tot kerkleierskap dui die literatuur ook op 'n ander benadering wat van die funksionele benadering onderskei kan word. Volgens hierdie benadering word die klem geplaas op die feit dat kerkleierskap ook deurslaggewende geestelike aspekte het. In sewe van die bronne wat ondersoek is, word sterk klem geplaas op kerkleierskap as 'n geestelike aangeleentheid. In nie een van die gevalle word hierdie benadering teenoor die funksionele benadering gestel nie. Hierdie benadering probeer om die ander aspekte van kerkleierskap en die invloed daarvan op die vereistes en verwagtinge met betrekking tot kerkleierskap te inkorporeer en tot hul reg te laat kom.

Volgens Crossland (1955:20) is een van die belangrike aspekte wat 'n deurslaggewende rol in kerkleierskap speel die voorvereiste dat kerkleiers alreeds in hul *verhouding met God gevorder het om Christus-gelykvormig te word en dat hulle deur wysheid, selfopoffering en samewerking met ander, die wil van God ontdek en doen*. Means (1989:55) en Dibbert (1989) poog ook om die ander dimensies van kerkleierskap tot hul reg te laat kom deur daarop te wys dat kerkleierskap in wese daarop neerkom dat dit *geestelike leierskap* is. Volgens Sibthorpe (1984:11-12) is kerkleierskap *'diens aan God en medemens / gelowiges'*, wat 'n ander dimensie aan kerkleierskap verleen daarin dat dit nie alleen mensgeoriënteerd is soos in die geval van korporatiewe leierskap nie. Gangel (1997:31) wys daarop dat kerkleierskap ook benader kan en moet word as die gebruik van *geestelike gawes om 'n sekere groep mense te dien in die bereiking van hul Godgegewe doelstellings*. Volgens Clinton (1992:14 & 197) is kerkleierskap *'n dinamiese proses waardeur persone, met Godgegewe verantwoordelikhede en vermoëns, 'n spesifieke groep mense beïnvloed ten opsigte van die bereiking van God se doel vir daardie groep*.

Barna (1997:24) benader kerkleierskap deur drie duidelik onderskeibare aspekte en kwaliteite, waaroor elke kerkleier moet beskik, aan te toon: Die kerkleier moet

(a) persoonlik deur God geroep wees tot leierskap;

(b) 'n Christusgelykvormige karakter hê; en

(c) funksionele bekwaamhede hê wat 'n hom/haar in staat stel om sekere take uit te voer en mense te lei in die verwesenliking van God se doel.

Volgens Barna is dit die kombinasie van hierdie drie kwaliteite wat iemand in staat stel om te funksioneer as 'n kerkleier. Hierdie drie aspekte is interafhanklik en kan nie op hul eie tot hul reg kom in kerkleierskap nie. Hy stel dit soos volg:

> *A Christian leader is someone who is called by God to lead; leads with and through Christlike character; and demonstrates the functional competencies that permit effective leadership to take place.* (Barna 1997:24).

Hierdeur inkorporeer Barna nie alleen die nie-funksionele of anders gestel die geestelike aspekte van kerkleierskap nie, maar probeer hy aantoon dat die nie-funksionele aspekte van kerkleierskap net so belangrik is as die funksionele aspekte daarvan. In sy beklemtoning van die drie deurslaggewende faktore ten opsigte van kerkleierskap, is twee nie-funksioneel, of *'geestelik'*, en die ander een funksioneel. Alhoewel Barna met sy vorige publikasies 'n groot invloed gehad het op die huidige funksionele tendens tot kerkleierskap wil dit voorkom asof hy met die publikasie van *'Leaders on Leadership'* probeer beklemtoon dat daar ook 'n ander faset van kerkleierskap, naamlik die geestelike, is waarmee rekening gehou moet word. Byvoorbeeld in *The power of Vision* en *Church Marketing* word die belangrikheid van 'n visie en bemarking sterk beklemtoon sonder om dit enigsins in verband te bring met die uniekheid van die kerklike konteks.

Beginsels word dus aangebied wat ongewysig in die korporatiewe wêreld toegepas kan word en inderdaad toegepas word. Dit wil voorkom of dit boeke was wat korporatiewe beginsels wou deurgee aan kerkleiers om hulle behulpsaam te wees ten spyte van die feit dat hulle in 'n ander konteks funksioneer waarin die geestelike fasette ook in aanmerking geneem moet word.

## 3.5 ASPEKTE VAN DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES WAT IN DIE LITERATUUR OOR KERKLEIERSKAP VOORKOM

Ten spyte daarvan dat daar relatief min bronne in die literatuur oor kerkleierskap is wat verwys na die verband tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees, kan daar nogtans sekere teorieë uit die bronne wat wel daarna verwys, afgelei word. In die ondersoek het dit duidelik geword dat sekere temas, aspekte en beklemtoninge onderskei kan word. Die onderskeidinge staan direk in verband met die verskillende outeurs se beklemtoning van die rol en invloed van die werking van die Heilige Gees in kerkleierskap. Die onderskeiding is nie 'n skeiding nie, maar is slegs as 'n instrument behulpsaam in die poging om aan te toon watter omvang en invloed die werking van die Heilige Gees op en in kerkleierskap het. Nege onderskeibare aspekte in kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees het uitgekristalliseer en word as sodanig voorgehou.

### 3.5.1 'n Roeping bewerk deur die Heilige Gees

Hayford (Hayford en Rosenberger 1994:9) beklemtoon dat die Heilige Gees as God se agent optree in die roeping en opeising van 'n persoon se lewe om in die kerk as 'n geestelike leier diensbaar te wees. Die eerste hoofstuk van die boek *'Appointed to Leadership'* wat Hayford in samewerking met Rosenberger geskryf het, word in geheel gewy aan die feit dat niemand as 'n kerklike leier uit eie inisiatief kan funksioneer nie. Die inisiatief om vir God te werk as 'n kerklike leier kom van Hom af wanneer Hy deur sy Gees 'n persoon in totaliteit opeis om vir Hom diensbaar te wees. Dit is die Heilige Gees wat mense roep en opeis tot geestelike leierskap (Hayford & Rosenberger 1994:14).

Daar is heelwat ander verwysings in die literatuur oor kerkleierskap wat ook beklemtoon dat 'n kerkleier iemand behoort te wees wat deur God daartoe geroep is. Dit is egter by uitsondering waar daar spesifiek verwys word na die verband tussen iemand se roeping tot 'n kerkleier en die werking van die Heilige Gees. Van die bronne wat deel uitmaak van hierdie ondersoek, is daar slegs agt en twintig (24%) wat onder andere beklemtoon dat iemand deur God geroep moet wees om as kerkleier diens te doen.

Die algemene klem wat gelê word op roeping, begin by die beklemtoning dat binne die kerklike konteks *elke gelowige deur God geroep is om op die een of*

*ander wyse diensbaar te wees* (Richards & Martin 1981:295). Spesifiek word verwys na I Korintiërs 14 se klem daarop dat elke gelowige 'n genadegawe van God ontvang het om diensbaar te wees in die opbou van die liggaam van Christus. Elkeen van die gelowiges is God se gawe aan die gemeente sodat die gemeente gebalanseerd en effektief kan funksioneer.

Alhoewel almal in die liggaam van Christus geroep is om op die een of ander wyse diensbaar te wees in die opbou van die liggaam van Christus, is daar egter *sommige wat deur God geroep is om spesifiek as leiers in die gemeente diensbaar te wees* (Ness 1984:9; Damazio 1988:39 & 53; Lee 1989:19-25 & 187; vgl. Efesiërs 4:11). Diegene wat deur God geroep is om diensbaar te wees as leiers, is onder andere een van God se gawes aan die kerk met die oog daarop dat die kerk die roeping en doel waarmee en waarvoor God die kerk tot stand laat kom het, sal verwesenlik.

Wanneer iemand deur God geroepe voel om diensbaar te wees as kerkleier, is dit slegs 'n reaksie op God se inisiatief (Nel 1994:65). In die kerklike konteks word kerkleiers eers deur God gekies en nie deur die kerk self nie (Crix 1991:10). Binne kerklike verband kan niemand op eie inisiatief besluit om 'n leier te word of nie te word nie, aangesien kerkleierskap 'n roeping van God is (Barna 1997:25) waarin daardie persoon in totaliteit deur God opgeëis word om diensbaar te wees as 'n kerkleier (Hayford 1994:9).

God se roeping van kerkleiers geskied nie volgens die een of ander vasgestelde reël of patroon nie (Shawchuck & Heuser 1993:60; Habecker 1996:186). God roep ook nie noodwendig diegene wat op die een of ander wyse oënskynlik meer geestelike of begaaf is as ander nie (Shawchuck & Heuser 1993:60). Dit wil onder andere voorkom dat volgens getuienisse verkry uit die Bybel, God leiers kies op grond van 'n verskeidenheid aspekte ooreenkomstig die taak wat uitgevoer moet word en nie noodwendig op grond van die een of ander meriete nie (Habecker 1989:51). Menslike potensiaal speel nie die deurslaggewende rol by die roeping van kerkleiers nie (MacAuthur 1989:63).

Dit wil voorkom of die deurslaggewende faktor in God se roeping van kerkleierskap, te vinde is in diesulkes se persoonlike verhouding met God en die doel waarvoor God hulle tot kerkleierskap roep (Shawchuck & Heuser 1993:60-62; Habecker 1996:187). Dit word ook beklemtoon dat daar 'n verband is tussen God se roeping tot kerkleierskap en die persoon se geestelike groei en ontwikkeling op grond van daardie persoon se persoonlike verhouding met God (Richards & Martin 1981:295; Lee 1989:19).

Die fokus en doel van God se roeping van kerkleiers is diensbaarheid (Damazio 1988:41; Nel 1994:65). Wanneer iemand deur God geroep word, beteken dit dat God daardie persoon spesifiek roep om 'n spesifieke taak te verrig (Damazio 1988:39). God se roeping is nie gekoppel aan status, mag

en posisie nie. Alle status, mag en posisie is slegs funksioneel ten opsigte van die taak wat uitgevoer moet word. Diegene wat die verantwoordelikheid vir leierskap in die kerk opneem moet oortuig wees dat hulle dit doen in absolute gehoorsaamheid aan God se persoonlike roeping en nie in navolging van hul eie persoonlike ambisie of begeerte nie (Crix 1991:10).

Alhoewel almal binne die kerklike konteks op die een of ander wyse deur God geroep is om diensbaar te wees, is almal nie geroep om in regerende werksaamhede diensbaar te wees as leiers nie (Ness 1984:91; Damazio 1988:40 & 53; Shawchuck & Heuser 1993:59; 1 Petrus 2:9). Kerkleiers se roeping is nie belangriker as ander se roeping nie. Die verskil is slegs funksioneel van aard en lê nie in 'n verhoogde status nie. Beide is belangrik vir die effektiewe funksionering van 'n gemeente.

'n Kenmerk van diegene wat deur God geroepe voel, is hul huiwerigheid om die roeping te aanvaar op grond van hul persoonlike gevoel van onbekwaamheid en ontoereikendheid (Ness 1984:11-12; Damazio 1988:66; Crix 1991:11; Eims 1977:12). Dit behoort egter nie genoeg rede te wees om nie gehoorsaam te wees aan God se roeping nie, aangesien persone se geloof nie in hul eie vermoëns moet wees nie, maar in die vermoë van God wat algenoegsaam is om enige probleem of tekortkominge te oorkom (Eims 1977:12). Alhoewel daar voorbeelde is van persone se roeping wat gepaard gegaan het met 'n duidelik en uitsonderlik sigbare manifestasie, vind dit

gewoonlik plaas deur die ervaring van 'n bewustheid ten opsigte van God se doel vir 'n mens se lewe (Crix 1991:10). Die roeping van God in iemand se lewe is volgens Barna (1997:25) 'n innerlike bewustheid wat deur die Heilige Gees in die mens se hart gewerk word om te weet dat hy of sy geroep is ten spyte van tekortkominge.

Die roeping van God is 'n aanhoudende innerlike ervaring wat die begeerte wek om diensbaar te wees as 'n kerkleier (Hocking 1991:326-327). Die roeping tot kerkleierskap is nie die gevolg van die analise van 'n mens se persoonlikheid en talente op grond waarvan 'n beroepskeuse gemaak word nie. *Kerkleierskap is 'n Heilige Gees gegenereerde drang om 'n dienskneg van God te wees en Hom daardeur in die kerk te dien* (MacAuthur 1989:19).

God se roeping is persoonlik en uniek vir elke individu en elkeen is persoonlik teenoor God verantwoordelik en verantwoordbaar ten opsigte van Sy roeping (Briner & Pritchard 1997:10-11). Elkeen wat deur God geroep word, word op 'n unieke wyse geroep, in so 'n mate dat dit vir daardie spesifieke persoon 'n werklikheidservaring is wat daartoe aanleiding gee dat daardie persoon bo alle twyfel weet dat hy of sy deur God self geroep is (Ness 1984:9-10; Damazio 1988:53-54). Dit maak die beoordeling van iemand se geroepenheid moeilik, veral omdat dit 'n baie subjektiewe aangeleentheid is (Damazio 1988:54).

Volgens Barna (1977:26-27) en Crix (1991:10) is daar enkele riglyne wat behulpsaam kan wees in die evaluering en bepaling van die moontlikheid dat iemand deur God geroep is om diensbaar te wees as 'n kerkleier. Anderson (1985:22) en Habecker (1989:55) dui aan dat wanneer iemand voel dat hy of sy deur God geroep word om in die kerk diensbaar te wees as 'n leier, moet daardie persoon selfondersoek doen aan die hand van die riglyne wat vanuit die Bybel afgelei kan word met betrekking tot diegene wat dieselfde ondervinding gehad het.

Volgens Habecker (1989:54) is persone wat deur God geroep word om as kerkleiers diensbaar te wees, nie noodwendig gebore of natuurlike leiers nie. Die roeping tot leierskap is altyd gekoppel aan die opdrag en nie aan die persoon se persoonlike kwaliteite en vermoëns nie. Die tydperk van 'n persoon se roeping as leier word ook beïnvloed deur die spesifieke persoon se gehoorsaamheid aan God in die uitvoering van God se opdrag. Alhoewel iemand nie altyd onmiddellik die gevolge van ongehoorsaamheid aan God ondervind nie, realiseer dit mettertyd met die gevolg dat iemand anders deur God geroep word tot leierskap in die uitvoering van God se wil. God handhaaf Sy roeping tot leierskap slegs vir solank as wat die leier aan Hom gehoorsaam is in die uitvoering van Sy wil.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die outeur(s) voel dat God deur die werking van die Heilige Gees die inisieerder is van kerkleiers se roeping tot

diensbaarheid om 'n spesifieke opdrag uit te voer. Die sekerheid van 'n persoon se roeping tot kerkleierskap word deur die Heilige Gees bewerk in daardie persoon se hart en kan aan die hand van enkele riglyne, wat hoofsaaklik gebaseer is op Bybelse riglyne, geverifieer word. God se roeping is nie volgens die een of ander vasgestelde sisteem of gekoppel aan die persoon se leierskapkwaliteite, talente of vermoëns nie.

Geen van die ander literatuurbronne verwys spesifiek na kerkleierskap as 'n roeping van God wat deur die Heilige Gees bewerk word nie. Daar is egter heelwat ander verwysings in die literatuur oor kerkleierskap wat uitwys dat 'n kerklike leier iemand is en behoort te wees wat deur God daartoe geroep is, sonder om spesifiek die rol van die Heilige Gees in die roeping van God aan te dui.

### 3.5.2 Geesvervuld

In *'Spiritual Leadership'* deur Sanders (1967:70-74 & 1994:79-83) word 'n hele hoofstuk, *'Above All Else'*, gewy aan die belangrikheid van die verband tussen die Heilige Gees en kerkleierskap. Sanders beklemtoon dat geestelike leierskap Geesvervulde mense vereis. Terwyl ander kwaliteite belangrik is, is Geesvervuldheid onontbeerlik (1994:79).

Doohan se boek, *'Leadership in Paul'* bevat in die inleidende hoofstuk, *'Introduction: The Essentials of Christian Leadership'* 'n onderafdeling *'Christian Leadership – The Essentials'* waarin hy dit beklemtoon dat kerkleierskap ook verstaan moet word as die werk van die Heilige Gees en nie bloot aangewese is op menslike vermoëns en talente nie (1984:23).

Volgens Richards (1972:29) is iemand se natuurlike vermoëns met betrekking tot leierskap nie voldoende vir kerkleierskap nie. Kerkleierskap stel 'n dringende en radikale vereiste ten opsigte van 'n openheid vir die werking van die Heilige Gees en 'n waardering vir die gawes van die Gees binne die gemeenskap van die gelowiges. Daarom is Doohan van mening dat die enigste wyse waarop iemand deel kan hê in die leierskap van Jesus Christus, is om van Hom die gawe van die Heilige Gees te ontvang. Ten spyte van bogenoemde beklemtoning word daar verder in die boek nie naastenby dieselfde klem gelê op die Heilige Gees soos wat hy aanvanklik die verwagting gestel het nie. Die res van die boek handel, soos saamgevat in die laaste hoofstuk egter daaroor dat Paulus 'n baie goeie leier was wat aanpasbaar was in elke situasie van leierskap waarin hy homself bevind het (1984:164) en daarvolgens gehandel het.

Dit wat God wil hê deur die liggaam van Christus, die kerk, bereik moet word, kan alleen plaasvind wanneer die Heilige Gees toegelaat word om te werk. Die kompleksiteit van die taak is 'n goeie argument teen menslike pogings om

die kerk te bestuur. Daarom is interaksie met die Gees van God so belangrik aangesien dit neerkom op God wat die inisiatief neem en ons wat Hom gehoorsaam (Richards & Hoeldtke 1980:257).

Daarom is die vervulling met die Heilige Gees volgens Sanders (1994:82) van deurslaggewende belang vir kerkleierskap. In die uitvoering van God se roeping en opdrag het kerkleiers God se bonatuurlike toerusting deur die werking van die Heilige Gees nodig. Die geestelike gawes wat God deur die Heilige Gees aan die onderskeie individue gee, is God se 'bonatuurlike toerusting' (Sanders 1994:82) vir die taak waartoe die kerk geroep is. Wanneer iemand met die Heilige Gees vervul word, word hul natuurlike vermoëns aangevul met 'n nuwe dimensie van bonatuurlike effektiwiteit en krag (Sanders 1994:83).

Sibthorpe (1984:137-153) wy in sy boek *'A Man Under Authority: Qualities of Christian Leadership'* 'n hele hoofstuk, *'A Man of the Spirit'* aan die verband tussen die Heilige Gees en kerkleierskap. Om met die Heilige Gees vervul te wees is nie alleen beskore vir sekere enkelinge nie, maar is 'n lewensnoodsaaklik vir elke gelowige en soveel meer vir die leiers wat in kerklike verband diens moet doen. Geesvervuldheid is nie 'n aanduiding van iemand se geestelike volwassenheid nie, maar is essensieel vir almal wat volwasse in Jesus Christus wil word. Ten spyte van die dissipels se drie jaar persoonlike en praktiese opleiding wat hulle van Jesus Christus self ontvang

het, word hulle deur Hom verbied om te bedien voordat hulle krag van die Heilige Gees ontvang het (Lukas 24:49). Volgens oorleweringe van Jesus Christus wat in die Bybel weergegee word, het Hy dit self as 'n basiese voorvereiste gestel dat diegene wat die kerk as leiers wil en moet voorgaan, met die krag van die Heilige Gees toegerus moet wees (Sibthorpe 1984:140).

Hayford en Rosenberger (1994:26-27) beklemtoon dat indien die Heilige Gees op almal uitgestort moet word met die gepaardgaande tekens soos vermeld in Hand. 2:17, dit vanselfsprekend is dat diegene wat in leierskap funksioneer ook ontvangers van die Heilige Gees behoort te wees. Alhoewel hulle dit nie as 'n voorvereiste stel nie, suggereer hulle sterk dat kerkleiers met die Heilige Gees vervul moet wees soos getuig word in Handelinge. Handelinge toon duidelik aan dat leiers wat 'n betekenisvolle invloed gehad het op die vroeë kerk almal Geesvervuld was (Sanders 1994:80, Hand. 10:38, 2:4, 4:8, 6:3-5, 7:55, 9:17, 13:9 en 11:24).

Om Geesvervuld te wees beteken om ten volle oorgegee te wees aan die beheer van die Heilige Gees en 'n persoon is eintlik net soveel vervul met die Heilige Gees, as wat daardie persoon die Heilige Gees toelaat om in beheer te wees van sy of haar lewe (Sanders 1994:81-82).

Volgens Beasley-Murray (1990:218) is die deurslaggewende kwalifikasie en vereiste vir Christelike leierskap, by implikasie kerkleierskap, gebaseer op

Handelinge 6:3, naamlik dat 'n kerklike leier iemand moet wees wat 'vol van die Heilige Gees' is. Hierdie belangrike stelling word in die laaste hoofstuk, *'The leader: The Vital Relationship'* aangetref en wel in die voorlaaste paragraaf van die hoofstuk en die boek. Engstrom (1976) verwys ook eers aan die einde van sy boek *'The Making of a Christian Leader'*, in die laaste hoofstuk *'Marks of a Christian Leader'*, daarna dat dit volgens die boek Handelinge en die res van die kerk se geskiedenis duidelik is dat die leiers wat die Christelike kerk noemenswaardig beïnvloed het, persone was wat gevul en vol van die Heilige Gees was (1976:204). Hayford en Rosenberger (1994:40) beklemtoon dit ook dat kerkleiers, gebaseer op Hand. 6:3, vol van die Heilige Gees en wysheid moet wees.

Sanders (1994:79) wys uit dat volgens Handelinge 6:3-5 die deurslaggewende kwalifikasie vir diegene wat in die kerk mag optree as leiers, die vereiste is dat hulle 'vol van die Heilige Gees' moet wees. Kerkleiers moet bekend wees vir hul integriteit en goeie oordeel, maar hoofsaaklik vir hul geestelikheid. Een van die kenmerke van die apostels se bedieninge was die altyd teenwoordige aktiwiteite van die Heilige Gees (Sanders 1994:79).

Greenslade (1984:22) gebruik ook Handelinge 6:3 om te beklemtoon dat kerkleiers vol van die Heilige Gees moet wees. In die identifikasie van leiers binne kerklike verband moet noukeurig daarop gelet word dat diegene wat

geskik is om as leiers in die kerk te dien, vol van die Heilige Gees moet wees (Greenslade 1984:22). Wanneer leiers in die kerk geïdentifiseer word, moet dit nie gedoen word ooreenkomstig nie-kerklike wyshede, die kandidate se rykdom en of sosiale status nie.

Die hoofoorweging moet die geestelikheid van die persoon wees (Sanders 1994:80). Wanneer leiers in die kerk op grond van sekulêre en materialistiese uitgangspunte aangewys word, word die Heilige Gees verhoed om geestelike vooruitgang te bewerkstellig (Sanders 1994:80).

Dit wil voorkom asof daar in die literatuur oor kerkleierskap benadruk word dat kerkleiers nie alleen vervul moet wees met die Heilige Gees nie, maar dat hulle ook vol van die Heilige Gees moet wees. Nadat 'n spesifieke persoon die doping in die Heilige Gees ondervinding gehad het, is dit noodsaaklik dat daardie persoon daarna 'n lewe moet leef wat waarneembaar gekenmerk word as 'n lewe wat onder die beheer van die Heilige Gees geleef word.

### 3.5.3 Leiding deur die Heilige Gees

Crix (1991:23) dui in die hoofstuk *'Led by people, ruled by God'* aan dat om kerkleierskap te verstaan in gedagte gehou moet word dat die kerk beide 'n menslike organisasie en 'n geestelike entiteit is. Volgens hom is daar oor die algemeen eenstemmigheid dat Jesus Christus die hoof (leier) van die kerk is,

maar daar is nie eenstemmigheid oor *'hoe'* Jesus Christus die kerk lei nie (Crix 1991:24). Hy benadruk dit dat Jesus Christus die kerk lei deur die Heilige Gees wat deur elke lidmaat van die kerk werksaam is. Kerkleierskap is volgens Gobble (1988:121) 'n charismatiese aangeleentheid wat daarin van korporatiewe leierskap onderskei word dat dit primêr afhanklik is van die leiding van die Heilige Gees.

Munien (1998:24-26) toon aan dat die Heilige Gees 'n belangrike rol gespeel het in wat Paulus gedoen en nie gedoen het nie. Volgens Handelinge 16:6 is Paulus eers deur die Heilige Gees verbied om in Asië te preek. Later het die Heilige Gees wel toegelaat dat hy na Asië gaan om daar te preek (Hand. 19:6-10).

Dit is slegs die Heilige Gees wat aan iemand die kennis en wysheid kan gee om die geleenthede wat God gee raak te sien en te benut. Dit is van deurslaggewende belang vir 'n geestelike leier om die tye en seisoene van God te verstaan. Die enigste manier waarop dit waarlik geken en verstaan kan word, is deur die openbaring daarvan deur die Heilige Gees (Munien 1998:40-42). Die vroeë leiers was sensitief vir die leiding van die Heilige Gees omdat hulle hul totale lewe en wil oorgegee het aan die beheer van die Heilige Gees (Sanders 1994:81-82).

Hayford (1994:20 & 31) dui aan dat die Heilige Gees bepaalde ingewings aan geestelike leiers gee waarvoor hulle sensitief moet wees en aan gehoorsaam moet wees. Hulle wys daarop dat die Bybel heelwat getuienisse bevat oor insidente waar ingewings van die Heilige Gees in die lewens en bedieninge van die vroeëre kerkleiers deurslaggewend was (Hayford & Rosenberger 1994:22-25; Hand. 9:10-20, 13:1-3, 15:12-22, 16:6-10, 17:16-34, 19:21, 20:17-24).

In kerkleierskap word die leiers dikwels gekonfronteer met situasies waar daar besluite geneem moet word en dit nie op daardie oomblik moontlik is om al die feite en informasie bymekaar te maak om die 'regte' besluit te neem of om goeie raad en advies te gee nie. In sulke gevalle speel die ingewings van die Heilige Gees 'n belangrike rol daarin dat dit aan die betrokke leier of leiers spesiale insig en wysheid gee om die situasie te kan hanteer (Hayford & Rosenberger 1994:28; 2 Kon. 5:20-27, Joh. 4:1-18 en Hand. 15:1-31). Daarom is dit van deurslaggewende belang dat kerkleiers sensitief en gehoorsaam sal wees vir die ingewings van die Heilige Gees en nie alleen staat maak op die menslike rede en vermoë om die werk van God te doen nie (Hayford & Rosenberger 1994:31).

Die ingewings van die Heilige Gees kom voor in 'n wye verskeidenheid vorme (Hayford en Rosenberger 1994:29). Wanneer iemand die ingewings van die Heilige Gees gehoorsaam word daardie persoon 'n instrument van

God waardeur Sy wil in die vestiging van Sy koninkryk en heerskappy op aarde realiseer (Hayford & Rosenberger 1994:30).

In verwysing na Petrus se belydenis van Jesus Christus as die Christus, die Seun van die lewende God (Mat. 16:13-16) en Jesus Christus se kommentaar daarop, wys Hayford en Rosenberger (1994:20) daarop dat kerkleierskap in 'n groot mate gebaseer word op die leiers se gereedheid en ontvanklikheid vir die openbaringskennis van God wat deur die Heilige Gees bekend gemaak word en nie soseer op die menslike vermoëns om dinge uit te redeneer nie ( Ef. 1:17-18; en 3:14-19).

Die Heilige Gees neem nie beheer van en oor iemand teen daardie persoon se wil nie, maar slegs wanneer so iemand uit vrye wil gewillig saamwerk met die impulse wat van die Heilige Gees ontvang word. Indien iemand nie gewillig saamwerk met die impulse van die Heilige Gees nie, het dit tot gevolg dat die Heilige Gees nie werk soos wat Hy veronderstel is om te werk nie, wat 'n sogenaamde "ongeestelike" funksionering van leierskap in die kerk tot gevolg kan hê (Sanders 1994:80). Daar is dus die menslike moontlikheid van verkeerd doen al is iemand gedoop en vervul met die Gees.

Wanneer leiers van die gemeenskap wat leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God aan diegene leiding gegee het vanuit hul eie insig en vermoëns, dit wil sê sonder om God te raadpleeg en Sy wil voorop te stel, het

dit rampspoedige gevolge gehad wat aanleiding gegee het tot frustrasie op verskeie gebiede (Hayford & Rosenberger 1994:86). Leiers wat ingestel, sensitief en gehoorsaam was ten opsigte van die inspirasie en leiding van die Heilige Gees, het uitgetroon as uitstaande leiers wat deur God gebruik en geseën is.

Vanuit die literatuur oor kerkleierskap is dit opsigtelik duidelik dat alhoewel daar verwys word na die belangrikheid daarvan dat kerkleiers deur die Heilige Gees gelei moet word, word daar nie spesifieke riglyne aangedui vir hoe 'n kerkleier deur die Heilige Gees gelei word nie. Daar is dus 'n leemte met betrekking tot die ontwikkeling van kerkleiers se sensitiwiteit vir die leiding van die Heilige Gees.

### 3.5.4 Kerkleierskap as 'n gawe van die Heilige Gees

Beasley-Murray verwys in die boek *'Dynamic Leadership'*, in die hoofstuk *'Leadership Jesus way'*, daarop dat leierskap in kerklike verband, ooreenkomstig Paulus se drie lyste van die geestelike gawes wat in Romeine 12, 1 Korintiërs 12 en Efesiërs 4 voorkom, 'n gawe van die Heilige Gees is (1990:22-28). Richards (1972:28) huldig dieselfde mening, naamlik dat leierskap binne 'n kerklike verband 'n gawe van God is waarvoor God daardie persoon spesiaal toerus deur die werking van die Heilige Gees in en deur daardie persoon se lewe.

Die doping in die Heilige Gees impliseer nie dat iemand daarmee outomaties die gawe van leierskap ontvang het nie (Richards 1972:28). Met ander woorde, die gawe van leierskap is 'n afsonderlike gawe wat aan sekere persone gegee word in die liggaam van Christus sodat hulle diens kan doen as leiers van daardie spesifieke deel van die liggaam van Christus. Daarom kan kerkleiers nie deur die kerk, soos byvoorbeeld in die korporatiewe wêreld, op die een of ander manier gefabriseer word deur 'n bepaalde opleidingsprogram nie. Opleiding self produseer nie leiers nie. Opleiding vir diegene wat die gawe van leierskap ontvang het, kan hoogstens help om meer afgerond te wees (Richards 1972:28).

### 3.5.5 Die salwing van die Heilige Gees

Volgens Greenslade (1984:19) is dit vanuit die Bybel duidelik dat iemand se natuurlike persoonlikheid, hoe indrukwekkend en begaafd ook al, nie die oorsprong is van charisma nie. Die charisma van diegene wat deur God geroep is om vir Hom te werk, is ook nie direk afkomstig van opleiding en ordening nie. God se charisma is 'n direkte gawe van die Heilige Gees wat afkomstig is van die Gees se salwing. 'n Charisma wat in die lewe van die dienskneg van God na vore kom is daardie ondefinieerbare "plus faktor" wat gewig verleen aan die persoon se woorde en dade. Die teenwoordigheid daarvan sowel as die afwesigheid daarvan kan waargeneem word. Die

salwing van die Heilige Gees is die onontbeerlike en onmisbare vereiste vir kerkleiers (Greenslade 1984:19).

Die salwing van die Heilige Gees beperk nie of hef nie 'n persoon se natuurlike potensiaal op nie, maar laat dit eerder tot volle potensiaal kom en benut dit vir die uitbreiding en voordeel van God se koninkryk (Greenslade 1984:20). Dit wat die Heilige Gees doen is nie beperkend en onderdrukkend nie, maar is juis daarop gerig om die menslike potensiaal ten volle vry te stel en te verwesenlik. Bonatuurlike toerusting kanselleer nie natuurlike vermoëns nie, maar benadruk dit en brei daarop uit (Greenslade 1984:20). Die Heilige Gees se betrokkenheid in kerkleierskap is nie onderdrukkend van aard nie, maar het eerder die benutting en vrystelling van die menslike potensiaal wat opgesluit lê in so iemand se natuurlike talente en vermoëns tot gevolg. Bonatuurlike gawes versterk en vul die natuurlike talente en vermoëns van 'n persoon aan.

Die noodsaaklikheid en dringendheid van die Heilige Gees in die lewens van leiers word beklemtoon deur die belangrike rol wat die Heilige Gees in die lewe van Jesus Christus vervul het (Greenslade 1984:21). Leierskap in die vroeë kerk was in wese charismaties, deur die Heilige Gees geïnspireer en nie institusioneel nie (Greenslade 1984:22). Dunn (1995:176-182) beklemtoon dat die gesag van die vroeë kerkleiers geleë was in die charismatiese gesag van die Heilige Gees.

Hayford wys daarop dat salwing in die Ou Testament verwys na God se spesifieke aanwysing van iemand vir 'n spesiale taak of funksie wat namens God verrig moet word (Hayford & Rosenberger 1994:97). Die fisiese geleentheid waartydens iemand op 'n sigbare en tasbare wyse voor ander gesalf is, simboliseer God se spesiale toerusting vir 'n spesifieke taak (Hayford & Rosenberger 1994:98). Volgens die Joodse tradisie dui salwing op die goddelike toewyding en afsondering van iemand tot 'n 'heilige' amp en of opdrag en is as 'n daad van God self beskou (Hayford & Rosenberger 1994:99). Volgens die Ou Testament was salwing die amptelike teken dat die priesters, konings en profete deur God gekies en aan God toegewy is vir hul spesifieke take en was 'n aanduiding van die belangrikheid van die salwing en toerusting van God deur sy Gees vir effektiewe bediening (Hayford & Rosenberger 1994:102).

Volgens Hayford en Rosenberger (1994:98 & 102) is dit duidelik dat die Heilige Gees nie volgens die Nuwe Testament soos in die Ou Testament net aan sekere enkelinge gegee is om hulle toe te rus vir spesiale diens nie, maar aan almal. Vanuit die Evangelies is dit duidelik dat alhoewel Jesus Christus se geboorte 'n direkte gevolg was van die bonatuurlike bevrugting van sy moeder deur die Heilige Gees, Hy nie met Sy bediening van prediking, lering en wonderwerke begin het nie, voordat Hy nie met die Heilige Gees gesalf was nie. Hy het dus staatgemaak op die Heilige Gees se salwing vir

krag en leiding in Sy bediening. Dit is een van die hoofredes waarom Pinkstermense die salwing van die Heilige Gees in mense se lewens beklemtoon. Vanuit Johannes 5:30 en Lukas 4:18-19 kan afgelei word dat Jesus Christus dit beklemtoon het dat Hy uit Homself niks kan doen nie, maar dat dit die salwing van die Heilige Gees is wat Hom in staat gestel het om met gesag lering te kan gee, siekes gesond te maak, bose geeste uit te dryf, wonderwerke te doen en dooies op te wek (Hayford & Rosenberger 1994:103). Lukas 4:18-19 verwys spesifiek na die doel van Sy salwing, naamlik om die goeie boodskap aan armes te verkondig, die gebrokenes van hart te genees, die gevangenes te herstel, blindes te genees, verdruktes te bevry en die aangename jaar van God te verkondig (Hayford & Rosenberger 1994:104).

Richards en Hoeldtke (1980:254) beskryf die Heilige Gees as die stille vennoot in die bediening van geestelike (kerk) leiers. Dit is die Heilige Gees wat geestelike leiers met gawes en vermoëns toerus. Die altyd teenwoordige en inwonende Gees van God in die geestelike leier is die bron van so iemand om te bedien. Hy is die gewer van verskillende geestelike gawes. Hy is ook die bron van die krag wat die gawes aktiveer en in staat stel om te funksioneer. Hy is die een wat ook die geestelike leier lei en die rigting wat Jesus Christus, die hoof van die kerk, in 'n bepaalde saak aandui, aan 'n geestelike leier bekend maak. Die Gees van God is die stem van God in ons wat met ons praat om ons te lei en te help (Richards & Hoeldtke 1980:255).

Hulle beklemtoon ook dat dit vir die geestelik leier nie alleen om die gawes wat van die Heilige Gees ontvang kan word moet gaan nie, maar dat die deurslaggewende faktor met betrekking tot die Heilige Gees is dat 'n bepaalde verhouding met die Heilige Gees uitgebou moet word. Met ander woorde, 'n geestelike leier behoort groot waarde te plaas op 'n verhouding met die Heilige Gees. Hierdie verhouding word gebou wanneer so iemand sensitief raak vir die stem van die Heilige Gees en in gehoorsaamheid daarop reageer, en daardeur gelei word (Richards & Hoeldtke 1980:256).

Die Heilige Gees bring vrug in 'n mens se lewe na vore wat tot eer van God is (Sibthorpe 1984:141). Gawes vir die lewe en bediening word deur die Heilige Gees vrygestel in die kerk en moet sterk aangemoedig word en een van die kerk se sentrale fokuspunte wees (Sibthorpe 1984:142). Die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees stel iemand in staat om die stem van God te hoor en te weet wat God wil hê. Dit stel 'n mens in staat om nie te oordeel volgens menslike rede alleen nie, maar deur die wysheid van God (Sibthorpe 1984:144). Deur die salwing van die Heilige Gees word 'n persoon se roeping deur God bekragtig; so iemand verkry ook daardeur 'n goddelik gesag en outoriteit en daardeur kom die karakter van God in en deur die persoon se lewe na vore (Sibthorpe 1984:145). Die Heilige Gees is die enigste bron van salwing. Deur die salwing van die Heilige Gees verkry iemand wat deur God geroep is die nodige krag en toerusting vir die taak wat verrig moet word. Sibthorpe (1984:146) verwys na Jesus Christus wat eers

nadat Hy die krag van die Heilige Gees ontvang het, met Sy aardse bediening begin (Lukas 4:14).

Lawrence (1994:36) dui die verband tussen die Heilige Gees en kerkleierskap aan as dat kerkleierskap se oorsprong en toerusting afkomstig is van die Heilige Gees. Kerkleierskap is meer as net vaardighede wat aangeleer kan word. Alhoewel kerkleierskap baie in gemeen het met nie-kerkleierskap, is dit net kerkleiers wat aanspraak kan maak op die Heilige Gees om hul doel te bereik en verandering op geestelike gebied te weeg te bring. Die krag van die Heilige Gees maak nie 'n persoon 'n perfekte leier nie, maar begelei so iemand om te groei in geestelike volwassenheid en stel die persoon in staat om 'n geestelike impak te hê wat nie op enige ander manier moontlik sou wees nie (Lawrence 1994:38). Vanweë die aard van kerkleierskap vereis dit die krag van die Heilige Gees om God se doel te bereik

Volgens Hayford en Rosenberger (1994:104-105) is vrymoedigheid een van die duidelikste onderskeibare kenmerke van diegene wat met die Heilige Gees gesalf is. Diegene wat dit ervaar toon 'n vrymoedigheid om met gesag en outoriteit te handel (Hand. 2:1-4). Die salwing van die Heilige Gees het dus tot gevolg dat die kerklike leier met gesag en outoriteit die roeping van God kan uitleef.

Meeste mense wat deur God geroep voel om as kerkleier diensbaar te wees, voel ontoereikend en onbekwaam (Love 1994:138). Sedert die uitstorting van die Heilige Gees, waarvan in Handelinge gelees word, gebruik God 'n verskeidenheid gawes en bedieninge wat Hy op bonatuurlike wyse deur Sy Gees, die Heilige Gees, aan diesulkes gee om hul toe te rus en bekwaam te maak vir dit waarvoor Hy hulle geroep het (Ford 1997:127; Hayford 1994:89; Love 1994:139). Oor die algemeen word na hierdie toerusting verwys as die *'salwing'* van God deur die Heilige Gees op 'n persoon se lewe.

Hierdie toerusting van God staan direk in verband met die opdrag waartoe God die persoon geroep het en wat deur die persoon uitgevoer moet word (Greenslade 1984:19; Ness 1984:16; Crix 1991:11-13; Schawchuck & Heuser 1993:60-62; Barna 1997:52; Ef. 4:11-16). Die doel van die salwing van God is om daardie persoon in staat te stel om positief te reageer op die roeping en die uitvoering daarvan (Greenslade 1984:32).

Redelike eenstemmigheid bestaan ten opsigte daarvan dat binne die kerklike konteks die salwing van die Heilige Gees 'n onontbeerlike voorvereiste is vir leiers om suksesvol te wees (Lloyd-Jones 1971:328; Doohan 1984:23; Greenslade 1984:19; Damazio 1988:301; Mathew 1989:61; Elliston 1992:95; Sanders 1994:79). Sonder die salwing van die Heilige Gees sal niemand in staat wees om die roeping en opdrag van God te kan uitvoer nie. Die professionele en uiterlike aspekte van 'n leier is nie so 'n deurslaggewende

faktor soos die toerusting van die Heilige Gees nie (Damazio 1988:283). Selfs in Jesus Christus se lewe en bediening op aarde het die salwing van die Heilige Gees 'n baie belangrike rol gespeel (Greenslade 1984:21; Joh. 3:1 e.v.; Lk. 4:1, 14, 18, 10:21; Mt. 12:18).

Salwing staan ook nie noodwendig in 'n direkte verband met natuurlike talent; professionaliteit; die een of ander gesagsposisie; die resultaat van goeie opleiding; of die navolging van een of ander 'hoe om te doen ...' lys nie (Damazio 1988:284). Salwing is voortspruitend vanuit 'n spesifieke persoon se persoonlike verhouding met God en is 'n genadige werking van die Heilige Gees in en deur daardie persoon se lewe, waardeur daardie persoon se natuurlike vermoëns aangevul en selfs oortref word, tot die algemene voordeel van 'n spesifieke groep mense (Bittlinger 1973:18). Salwing kan nie op een of ander wyse verdien of verwerf word nie. Salwing bly die prerogatief van God wat enige iemand kan toerus met die oog op dit wat Hy in en deur daardie persoon wil doen, aangesien die salwing altyd in direkte verband staan met dit wat God gedoen wil hê.

Leiers binne die kerklike konteks is aangewese op die inspirasie, krag en bonatuurlike gawes wat God deur Sy Heilige Gees skenk aan diegene wat Hy roep om as leiers in die kerk diens te doen (Inrig 1994:29; 2 Kor. 3:5-6; 4:7). Natuurlike talente en vermoëns is nie voldoende om effektief en suksesvol te wees in kerkleierskap nie. 'n Persoon wat deur God geroep word om as 'n

kerkleier te dien het naas eie talente en vermoëns nodig om ook toegerus te word met die krag en vermoëns wat God deur die Heilige Gees aan daardie persoon gee.

Daar is 'n direkte verband tussen die salwing en die gawes van die Heilige Gees wat ook 'n integrale deel is van die kerk se funksionering as liggaam van Christus. Die doel van die gawes van die Heilige Gees is om diegene wat deel van die kerk is toe te rus om mekaar, asook mense buite die kerk te kan dien (Inrig 1994:31). Diegene wat deur God geroep word om as leiers verskillende funksies en take in die kerk te verrig, word ook daarvoor toegerus met 'n verskeidenheid gawes wat hulle in staat stel om hul roeping te vervul (Lee 1989:23; Snyder 1977:84). Die gawes van die Heilige Gees oorskadu en verdryf nie iemand se natuurlike gawes nie, maar vul dit aan deur dit te versterk en tot groter effektiwiteit in diens van God te stimuleer (Sanders 1994:82-83). Die manifestasie van geestelike gawes in iemand se lewe is nie 'n aanduiding van so iemand se geestelike en persoonlike volwassenheid nie, net soos wat die afwesigheid daarvan nie 'n aanduiding van die teenoorgestelde is nie (Getz 1974:116).

Dit is nie slegs die gawes van die Heilige Gees wat 'n direkte verband met die salwing van die Heilige Gees het nie, maar ook die vrug van die Heilige Gees. Net soos wat dit belangrik is dat die gawes van die Heilige Gees aanwesig sal wees by 'n leier en ontwikkel moet word, is dit belangrik dat die

vrug van die Heilige Gees ook aanwesig sal wees en voortdurend onder die leiding en werking van die Heilige Gees sal ontwikkel (Damazio 1988:291). Die Heilige Gees se werking in en deur 'n leier se lewe is nie slegs daarop gerig dat die gawes deur daardie persoon se lewe sal funksioneer nie, maar ook dat die vrug van die Heilige Gees in daardie persoon se lewe sal realiseer. 'n Kerklike leier moet nie slegs iemand wees met 'n salwing waardeur die gawes van die Heilige Gees funksioneer nie, maar moet ook iemand wees waarin die vrug van die Heilige Gees waarneembaar is deur die Christusgelykvormige lewenstyl wat deur die persoon geleef word. Dit is die Heilige Gees wat iemand met die gawes toerus en die vrug in 'n persoon se lewe ontwikkel (Mathew 1989:59).

Wanneer iemand deur God toegerus word, kom die krag van God in en deur daardie persoon in werking en verkry daardie persoon die vermoë om in 'n spesifieke situasie beheer te neem en gesag uit te oefen (Damazio 1988:302).

'n Volgende belangrike faktor met betrekking tot God se salwing van 'n persoon is die direkte verband wat bestaan tussen daardie persoon se gehoorsaamheid en navolging van die leiding van die Heilige Gees, wat altyd in diens staan van die verheerliking van Jesus Christus (Damazio 1988:286). Enige iemand kan in die navolging van vooraf beplande planne, preke, ens. onder die salwing van die Heilige Gees funksioneer, indien dit deur die

Heilige Gees geïnspireer is. Die salwing van die Heilige Gees kanselleer nie die belangrikheid van dissipline en organisasie nie. Die Heilige Gees maak ook nie die denke van die mens oorbodig nie. Dit gebruik dit egter as 'n instrument waardeur die hart van God oorgedra word in elke spesifieke situasie namate die leier handel en optree ooreenkomstig die ingewinge van die Heilige Gees (Damazio 1988:286).

Die salwing vereis van 'n leier om sensitief en bereid te wees om vooraf beplande planne ooreenkomstig die inisiatiewe en leiding van God deur die werking van die Heilige Gees vir elke geleentheid aan te pas (Damazio 1988:287).

### 3.5.6 Opleiding en ontwikkeling van kerkleiers

Elliston (1992) se werk handel hoofsaaklik oor die ontwikkeling van leierskap binne 'n kerklike konteks. Volgens hom is die primêre taak van die kerk en geestelike leiers 'geestelik', met die implikasie dat dit geestelike krag vereis. God is die bron van geestelike krag en elke volgeling van Jesus Christus kan deur die Heilige Gees toegerus word met geestelike krag om die werke van Jesus Christus te doen (Elliston 1992:51). Dit wil voorkom asof Elliston veral met betrekking tot die verband tussen die Heilige Gees en kerkleierskap die klem plaas op die Heilige Gees se werksaamheid in die fasilitering van 'n geestelike leier se voorbereiding en ontwikkeling (Elliston 1992:77-91). Hy

beklemtoon dat die Heilige Gees aanhoudend werk deur 'n verskeidenheid omstandighede en prosesse, asook mense en persone wat alreeds leierskapsrolle vervul.

Geestelike leierskap vind plaas of verkry beslag wanneer die Heilige Gees in iemand se lewe geloof en gehoorsaamheid werk (Elliston 1992:91). Parrot (1982:36) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die Heilige Gees iemand op 'n verskeidenheid maniere help om 'n pastoor of 'n kerkleier te word.

Geestelike leierskapsontwikkeling is 'n lewenslange Geesgedrewe en doelbewuste proses wat van beide die opkomende leier en die bestaande leier getrouheid en gehoorsaamheid vereis (Elliston 1992:91). 'n Hoofstuk, *'The Spirit's role in Leadership Development'* (1992:95-108), word in geheel gewy aan die rol van die Heilige Gees in geestelike leierskapsontwikkeling. Die Heilige Gees speel 'n sleutelrol in die ontwikkeling van geestelike leiers (1992:95, 99 & 106). Die Heilige Gees beheer en bepaal die ontwikkelingsproses van geestelike leiers (Elliston 1992:98, 106). Normaalweg is die fokus in leierskapsontwikkeling op opleiding. Volgens Elliston (1992:97) is dit slegs een van die kritiese elemente van leierskapsontwikkeling. Leierskapsontwikkeling moet ook ander leiers met hul karakter, vaardighede en ondervinding betrek (Elliston 1992:97). Elliston (1992:97) is van mening dat daar net in die verbygaan oppervlakkig verwys word na die rol van die Heilige Gees in die ontwikkeling van geestelike leiers

sonder dat daar daadwerklik erns gemaak word met hierdie onderwerp in die praktyk van leierskapontwikkeling.

### 3.5.7 Die Heilige Gees werk deur meervoudige leierskap

In die Ou Testament het God Israel hoofsaaklik deur individue soos die aartsvaders, rigters, konings en profete gelei (Hayford & Rosenberger 1994:85-86). Vanuit die Nuwe Testament is dit duidelik dat God nie Sy kerk deur enkele individue lei nie, maar deur Sy Gees wat deur 'n verskeidenheid gawes en bedieninge die gelowiges bruikbaar maak om diensbaar te wees in leierskap (Hayford & Rosenberger 1994:89). Elke gelowige is en word op die een of ander wyse deur die Heilige Gees toegerus om diensbaar te wees in die kerk (Ef. 4:7).

Hayford en Rosenberger (1994:86) beklemtoon in die hoofstuk *'Leadership God's way'* dat dit noodsaaklik is om toe te sien dat daar in die kerk ooreenkomstig God se wil gefunksioneer word ten opsigte van kerkleiers. Hulle wys egter daarop dat daar nie hieroor eenstemmigheid in die kerk is nie aangesien leierskapspatrone en God se wil vir verskillende mense verskillende dinge beteken. Daar is verskillende opinies ten opsigte van die wyse waarop kerkleiers in die kerk behoort te funksioneer, asook ten opsigte van die betrokkenheid van die lidmate in leierskap.

In sommige gevalle word kerkleierskap beskou en benader as 'n pastoorgesentreerde institusionele aangeleentheid, waar die pastoor die leier is en alles is en doen vir die gemeente, en in ander gevalle word dit beskou en benader as 'n speler-afrigter aangeleentheid, waarin lidmate toegerus en betrek word by die bediening van die kerk (Hayford & Rosenberger 1994:90). Wanneer kerkleierskap bloot benader word as 'n pastoor-gesentreerde aangeleentheid, het dit tot gevolg dat daar nie gefokus word op die ontwikkeling van die res van die gelowiges, om soos wat die gemeente groei, gereed te wees om leierskapsrolle op te neem en spontaan te funksioneer as geestelike leiers nie.

Een van die basiese en belangrikste riglyne wat vanuit die Nuwe Testament verkry word, is dat almal veronderstel is om priesters te wees, met ander woorde, God en mekaar te dien (Hayford & Rosenberger 1994:90). Daarom behoort die bedieningsgawes van apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (Efesiërs 4:11) daarop te fokus om die lidmate toe te rus sodat hulle ook diensbaar kan wees. Een persoon of leier kan nie alles doen en alles vir almal wees nie. Slegs wanneer die Nuwe Testamentiese beskouing van kerkleierskap as spanwerk geïmplementeer word, kan volkome in die leierskapbehoeftes van 'n bepaalde gemeente voorsien word (Hayford & Rosenberger 1994:94).

### 3.5.8 Waarneembare Christelike karakter

'n Leier binne kerklike konteks moet volgens vereistes wat in die Bybel aan kerkleiers gestel word, sekere karaktereienskappe hê (Getz 1974:105-107). Hy wys daarop dat die volgende karaktereienskappe voorgehou word as vereistes vir leiers binne 'n kerklike konteks: selfbeheersing (1 Tim. 3:2 en Tit. 1:7-8); verstandigheid (1 Tim. 3:2 en Tit. 1:8); algemene goeie gedrag (1 Tim. 3:2); gasvryheid (1 Tim. 3:2 en Tit. 1:8); die vermoë hê om ander te onderrig (1 Tim. 3:2, Tit. 1:9); nie 'n rusiemaker wees nie (1 Tim. 3:3 en Tit. 1:7); vredeliewend en inskiklik wees (1 Tim. 3:3); 'n goeie reputasie hê by ongelowiges (1 Tim. 3:7); lief wees vir die goeie (Tit. 1:8); regverdigheid (Tit. 1:8); toegewydheid (Tit. 1:8); onberispelikheid (1 Tim. 3:2, Tit. 1:7 en 2:7); getrouheid aan huweliksmaat (1 Tim. 3:2 en Tit. 1:6); nie 'n drankverslaafde nie (1 Tim. 3:3 en Tit. 1:7); nie geldgierig nie (1 Tim. 3:3, 1 Tit. 1:7 en 1 Pet. 5:2); iemand wat goed onderleg in en gehoorsaam aan die Woord van God is (Tit. 1:9).

Dit is veral duidelik uit 1 en 2 Timotheus, asook Titus, dat die voorvereiste wat aan iemand gestel word om as 'n leier binne die kerklike konteks diens te doen, 'n lewe is wat gekenmerk word deur groei in volwassenheid na Christus en verandering weerspieël na Christus-gelykheid (Richards & Martin 1981:300). Kerkleiers kan slegs gevolg word indien daar duidelike tekens is van God se werk in die persoon se lewe en karakter.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die vereistes waaraan kerkleiers behoort te voldoen allesomvattend is. Elke aspek van 'n kerklike leier se lewe word daardeur aangespreek, byvoorbeeld die persoon se huwelik, sosiale lewe, familielewe, besigheidsaktiwiteite en geestelike lewe (MacAuthur 1991:187). Hierdie vereistes is nie onderhandelbaar nie en dien as duidelike riglyne wat nagevolg moet word in die aanstelling van leiers in 'n gemeente (MacAuthur 1991:215). Hierdie vereistes is die ideaal waarna gestreef en gewerk moet word deur elkeen wat deur God geroep is tot kerkleierskap. Alhoewel elkeen nie gelyktydig aan al hierdie vereistes voldoen nie, moet elkeen God toelaat om deur die Heilige Gees in hul lewe te werk sodat hulle kan groei en ontwikkel na dit wat God wil hê hulle as leiers moet wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat die lys van kwalifikasies wat betrekking het op kerkleierskap op die karakter van leiers fokus en nie op die funksies wat deur die leiers verrig moet word nie (MacAuthur 1991:215). *In die kerklike konteks kwalifiseer iemand om te dien as leier op grond van wie en wat daardie persoon is en nie op grond van wat die persoon doen of kan doen nie.* Daarom fokus hierdie vereistes nie op die betrokke persoon se kennis, vaardighede en vermoëns nie, maar word die innerlike karaktereienskappe van 'n persoon beklemtoon (Getz 1997:84).

### 3.5.9 Diensbaarheid

Soos reeds aangetoon is die roeping van God 'n roeping tot diens aan God (Greenslade 1984:37; Damazio 1988:81; Boehme 1989:202; Love 1994:109). Vanuit die literatuur is almal dit eens dat kerkleierskap gerig is op diensbaarheid. 'n Kerklike leier is iemand wat ander dien (Love 1994:60; Mat. 23:11-12) en nie deur ander gedien word nie. Greenslade (1984:1) stel dit soos volg:

> "*To lead is to serve. ... We first learn to be leaders by learning to be servants.*"

Leiers kan alleen tot hul reg kom indien hulle daarop ingestel is om onbaatsugtige diens, waarin persoonlike opoffering ter wille van ander gemaak word, te lewer (Munroe 1993:25).

Marshall (1991:68) onderskei tussen twee kategorieë leiers, naamlik *natuurlike leiers,* diegene wat in enige situasie vanself die leiding neem deur beheer oor te neem, besluite te neem en bevele te gee; of *natuurlike diensknegte*, diegene wat slegs leierskapposisies opneem omdat hulle daardeur die geleentheid sien om ander te dien. 'n Diensknegleier is iemand wat van nature 'n dienskneg is en 'n diensknegkarakter het. Dienende leierskap is ook nie verbind tot die een of ander leierskapstyl nie. Daarom word die diensknegkarakter van iemand nie beïnvloed, geaffekteer of verander deur die rol, posisie of taak wat deur so 'n persoon vervul moet word nie (Marshall 1991:69-70).

Dale (1986:33) onderskei diensknegleiers van ander leiers op grond van die volgende: leiding word gegee vanuit verhouding en nie dwang nie; diensknegte gee leiding deur ondersteuning en nie deur kontrole of beheer van ander mense se lewens nie; diensknegleiers gee leiding deur ander mense te ontwikkel en nie al die bediening self te wil doen nie; diensknegleiers lei mense en dryf hulle nie; diensknegleiers lei vanuit liefde en nie vanuit oorheersing nie; diensknegleiers soek groei en nie posisie nie.

Boehme (1989:203-209) onderskei agt eienskappe van dienende leierskap, hierdie leiers is naamlik nederig; onderwerp hulle aan gesag; is verantwoordelik; ywerig in werk; gebalanseerd, het 'n betroubare karakter; moet deel van 'n span kan wees en in 'n span kan werk; strewe om die potensiaal in ander te ontwikkel; en nie besorg wees oor posisie nie.

Volgens Marshall (1991:71-73) openbaar dienende leierskap onder andere die volgende kenmerke: voorkeur vir die beste belang van die wat gelei word; werksbevrediging wat voortspruit uit die groei en ontwikkeling van diegene wat gelei word; gewillige aanvaarding van verantwoordelikhede; bereidwilligheid om rekenskap te gee; versorgende liefde vir die wat gelei word; gewilligheid om na ander te luister; nederigheid van hart as gevolg van 'n realistiese selfbeeld met betrekking tot eie vermoëns en tekortkominge; bereidwilligheid om mag met ander te deel.

Love (1994:25) wys daarop dat 'n diensknegleier sy sterk punte gebruik om die groep waarin bedien word, te dien. Hy werk saam in die ontdekking van sy beperkinge sodat die groep nie skade ly in die areas waarin hy nie heeltemal bekwaam en begaaf is nie. Hy weet nie alles nie en doen ook nie alles nie, en is leerbaar deur enige iemand. 'n Diensknegleier is nie iemand wat bedreig voel deur ander se bediening en sterk punte nie, maar dien hulle eerder daarin om hulle geleentheid te gee om te bedien en hul sterk punte aan te wend tot voordeel van die werk van die Here. 'n Dienende leier is nie iemand wat eie belang en voorkeure voorop stel nie, maar eerder die belang van die saak en ander dien deur die leiding en voorbeeld wat gestel word.

In kerkleierskap word gesag aan leiers verleen om hul taak te kan uitvoer. Dit is dan ook een van die probleme met kerkleierskap, naamlik die mens se natuurlike strewe na gesagsposisies en om invloedryk te wees en dit tot eie voordeel te gebruik (Marshall 1991:67). Elke keer wanneer daar in die geskiedenis van die kerk 'n groot krisis opgeduik het, blyk dit meestal te wees as gevolg van die verkeerde gebruik van gesag (Nouwen 1989:58-59; Means 1989:105).

Gesag wat aan leiers verleen word moet gebruik word om die wat gelei word te dien. Gesag is soos rykdom en kernenergie, moreel neutraal. Wat daarmee gedoen word bepaal of dit goed of sleg is. God het byvoorbeeld al die gesag, maar misbruik dit nie (Marshall 1991:44). Net so moet die

kerkleiers nie gesag misbruik nie, maar ander daardeur dien. Riglyne oor hoeveel gesag aan 'n leier verleen moet word is nie algemeen nie, aangesien die situasie en taak bepaal hoeveel gesag nodig is om die taak uit te voer. Die Bybel verskaf ook nie duidelike riglyne met betrekking tot hoeveel gesag aan leiers gegee moet word nie (Means 1989:27). Die enigste riglyne in die Bybel vir gesag, is dat dit nie misbruik en tot eie voordeel gebruik moet word nie.

'n Kerklike leier moet altyd onthou dat die oorsprong van alle gesag God is. Die gesag van 'n kerklike leier is slegs gedelegeerde gesag. Hierdie gedelegeerde gesag van God is slegs iets wat gebruik kan word deur diegene wat in 'n gehoorsame verhouding met die oorsprong van gesag, God self is (Marshall 1991:103). Die gesag van kerkleiers is geestelik van aard en gebaseer op die Woord van God en die werking van die Heilige Gees in daardie persoon se lewe (Means 1989:91; 97; 120).

Alhoewel kerkleiers nie veronderstel is om gesag oor diegene wat hulle dien uit te oefen nie, word dit nogtans van die gemeente verwag om hul leiers se leiding te respekteer en hulself daaraan te onderwerp (Fee 1991:134). Die dissipels was bekend met twee soorte leierskap (Hayford 1994:93): die heidene wat vername persone gehad het wat oor hulle geheers het en die Joodse godsdienstige leiers, dit will sê die Fariseërs wat oor hulle beheer uitgeoefen het. Volgens Jesus se lering in Matteus 23 soek 'n dienskneg nie

beheer, posisie of afsondering nie, maar eerder geleentheid om diensbaar te wees. Die kerkleiers van die gemeente word voorgehou as diegene wat die gemeente dien as diensknegte (1 Kor. 3:5-9) van die huishouding van die Here (1 Kor. 4:1-3).

Net soos in die geval van gesag is status ook een van die aangeleenthede wat vanselfsprekend deel is van leierskap. Status is een van die vernaamste nie-monetêre kompensasies van leierskap en soms is dit die vernaamste vergoeding en substituut vir monetêre vergoeding. Jesus beskou leierskap as diensbaarheid waaraan geen status gekoppel is nie (Joh. 13:12-13). Leiers moet leiding gee, dit is hulle werk. As 'n werk is dit nie meer belangrik as enige iets anders en het ook geen spesiale status nie. Status en eer of respek moet nie met mekaar verwar word nie. Eer kom leiers toe wat hulle werk goed doen (1 Tim. 5:17). Eer is die erkenning van waarde, daarom is eer altyd wedersyds tussen leiers en diegene wat hulle as leiers dien.

In Jesus se verwysing na die kontras tussen sekulêre en kerkleierskap (Mat. 20:25-26), wys Hy daarop dat kerkleiers persone is wat van nature diensknegte is en nie statusbewus is nie. Sulke persone kan vertrou word met mag sonder dat dit 'n negatiewe uitwerking op die leier en volgelinge sal hê (Marshall 1991:66).

## 3.6 VOORLOPIGE KONKLUSIE

In die literatuur oor kerkleierskap bestaan daar wel bepaalde boustene wat benut kan word met die oog op die ontwikkeling van teorieë oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Verskillende aspekte kan in die kerkleierskapliteratuur onderskei word wat 'n aanduiding gee van bestaande teorieë rondom die verband tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. In kort kan dit gestel word dat die bestaande teorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees op die volgende neerkom. Kerkleierskap is 'n gawe van die Heilige Gees aan die kerk, daarin dat die Heilige Gees persone wat Geesvervuld is roep om 'n spesifieke leierskapsrol in die kerk te vervul. Die Heilige Gees rus daardie persoon toe met bonatuurlike krag en vermoëns (salwing) en lei die persoon in wat gedoen moet word. Verder is die Heilige Gees voortdurend besig om die proses van geestelike karakter vorming en leierskapsontwikkeling te begelei. Die Heilige Gees werk ook in die persoon se lewe om daardie persoon diensbaar te maak met 'n diensbaarheidsgesindheid.

In die volgende hoofstuk word krities ingespeel op bogenoemde bestaande teorieë.

# HOOFSTUK 4

# 'N KRITIESE EVALUERING

## 4.1 INLEIDING

Die konteks waarbinne kerkleierskap funksioneer, dit wil sê die kerk en samelewing, vereis dat die werking van die Heilige Gees altyd in aanmerking geneem moet word as een van die deurslaggewende faktore. In hoofstuk 1 is aangedui watter spanning vanuit Pinkstergeledere ter sprake is rondom kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Hoofstuk 2 dui aan watter spesifieke fasette van die werking van die Heilige Gees vanuit 'n Pinksterperspektief betrekking het op kerkleierskap. Die belangrikste elemente waaruit 'n Pinksterteorie vir kerkleierskap opgebou sou kon word, is genoem. In die volgende hoofstuk is aangedui watter aspekte van die werking van die Heilige Gees in die literatuur oor kerkleierskap beklemtoon word en gebruik kan word om 'n teorie vanuit die kerkleierskapliteratuur te formuleer. In hierdie hoofstuk is dit die oogmerk om beide teorieë, dit wil sê 'n Pinksterteorie oor kerkleierskap en die teorie oor leierskap soos wat dit tans uit die literatuur self na vore kom, eers finaal te formuleer en dan aan kritiese besinning te onderwerp. Daarna sal gepoog word om aan te toon waar dit blyk nodig mag wees om die een of ander verstelling te maak ten opsigte van die huidige teorieë.

'n Volgende kritiese reflektering word gedoen rondom die moontlike wisselwerking tussen die twee teorieë. Daar sal gekyk word na waar en hoe die een die ander kan aanvul of kan dwing om krities te besin oor 'n spesifieke deel of dele van die onderskeie teorieë. Die moontlike invloede op die huidige teorieë word aangedui as 'n kritiese verwysingsraamwerk wat nie geïgnoreer kan word wanneer oor kerkleierskap besin word nie. Laastens word aangedui watter verdere navorsingsmoontlikhede noodsaaklik blyk te wees in die lig van hierdie ondersoek.

## 4.2 DIE KERK IS DIE RUIMTE EN KRAGVELD VAN DIE GEES

Die werking van die Heilige Gees speel 'n belangrike en deurslaggewende rol in die werksaamhede van die kerk as geheel, die onderskeie gemeentes en die individuele lidmate. Alle kerkgroeperinge is dit eens dat die kerk se werksaamhede onder die leiding van die Heilige Gees moet plaasvind en diegene wat die kerk lei moet dit onder leiding van die Heilige Gees doen. Oor die algemeen word die Heilige Gees beskou as die hoofstrateeg van die kerk wat 'n strategie vir elke plek het en dat dit die kerkleiers se verantwoordelikheid is om dit te onderskei en te implementeer (Hodges 1986:14). Menslike beplanning en insette is alleen van waarde indien dit 'n refleksie is van God se gedagtes en leiding deur die werking van die Heilige Gees.

Vanuit hierdie geloofstandpunt moet dit dus duidelik gestel word dat die handelinge wat deel uit maak van kerkleierskap, meer is as net menslike funksionele handelinge. Dit is ook handelinge waarin God deur sy Gees werk en mense inkorporeer by dit wat Hy doen. Een van die mees fatale foute wat in die kerk gemaak kan word, is om die werk van God deur sy Gees te onderskat of glad nie in aanmerking te neem nie (Burger 1999:105). Alhoewel daar baie geheimenisse rondom die werking van die Heilige Gees is, moet daar nooit aan die werklikheid van sy teenwoordigheid en werking in die kerk getwyfel word nie. Burger (1999:106) beklemtoon dat die kerk nie onverskillig mag staan teenoor dit wat in die Nuwe Testament voorgehou word aangaande die werking van die Heilige Gees in die kerk nie.

Klein Kranenburg (1994) verwys na die kerk as die *ruimte van die Gees* en Burger (199:119, 151) beklemtoon dat die kerk binne die kragveld van die Heilige Gees werksaam is. Die kerk moet verstaan word as 'n beweging wat op Pinksterdag begin het en wat sy oorsprong en krag vind in die werk van God die Heilige Gees (Burger 1999:156). Dit vereis dat diegene wat betrokke is by die werksaamhede van die kerk oop en sensitief moet wees vir die werk van die Gees (Burger 1999:157). Enige handeling binne kerklike konteks vind plaas in die *ruimte* en *kragveld* van die Gees.

Die implikasie hiervan is dat in kerkleierskap gewaak moet word teen die moontlike oorbeklemtoning van die mens se aandeel asof die mens die

enigste rolspeler is. Dit moet ook beklemtoon word dat God deur die werking van die Heilige Gees die mens as rolspeler inkorporeer by dit wat Hy in en deur die kerk doen. Dit wat in en deur die kerk gebeur, gebeur eerstens omdat dit God is wat in en deur die kerk werk. Dit is God wat in en deur die werking van die Heilige Gees mense toerus vir spesifieke werksaamhede (Efesiërs 4:11). Dit is ook God wat deur die werking van die Heilige Gees die onderskeie gawes van die Heilige Gees in en deur mense laat werk (1 Korintiërs 12:4-13). Dit is dus God wat in en deur mense werk om Sy doel te bereik. God se mense word betrek by God se werk, by sy missie, die *Missio Dei* (vgl. Kritzinger, Meiring en Saayman 1984:2).

Die gemeente is by uitstek God se werkplek. Binne die konteks van die gemeente werk God op 'n ander manier deur leiers as in nie-kerklike instansies. Dit wil voorkom dat al die outeurs waarna in die vorige hoofstukke verwys is in 'n mindere of meerdere mate met hierdie punt saamstem. Trouens, daar kan selfs aangeneem word dat die meeste Christelike kerke hulle ook daarmee sal vereenselwig.

In die lig van die voorafgaande is dit belangrik om daarop te let dat:

a) die algemeen aanvaarde Pinksterstandpunt wat hierdie saak betref nie so uniek is nie. Ander kerklike groeperinge se siening stem in 'n mindere of meerdere mate ooreen met die Pinksteruitgangspunt. Die meeste sal sekerlik bevestig dat sonder die werk van die Gees leierskap

in die kerk op niks sal uitloop nie. Die meeste van die outeurs wat wel die saak te berde gebring het, bevestig hierdie stelling. Selfs die wat radikaal téénoor die Pinksterstandpunt staan noem die belangrikheid van die werk van die Gees (vgl. Bv. MacArthur);

b) dit juis daarom uiters vreemd en ongewoon is dat soveel outeurs – verreweg die meerderheid – die saak totaal ignoreer en nie eens daarna verwys nie. Dit kan die indruk skep dat die gemeente as werkplek van die Gees moontlik nie vir hulle 'n bepalende faktor is nie en/of dat daar vir hulle nie veel van 'n onderskeid is van ander kontekste nie en/of dat dit wat in ander kontekste werk sonder enige noemenswaardige aanpassing net so op die gemeentelike konteks van toepassing gemaak kan word.

Aangesien die kerk meer as enige ander organisasie in die kragveld van die Gees funksioneer, beteken dit nie dat die kerk geheel en al anders funksioneer as enige ander nie-kerklike instelling of organisasie nie (Burger 1999:151). Omdat gemeentes hoofsaaklik uit mense en vir mense bestaan, behoort daar ooreenkomste te wees met dit wat van toepassing is op nie-kerklike organisasies. Alhoewel daar heelwat ooreenkomste behoort te wees, is daar ook 'n duidelike verskil wat 'n bepalende invloed het op dit wat in en deur die kerk gebeur, naamlik dat die kerk nie net die werk van mense is nie, maar ook die werk van God deur sy Gees is. Burger (1999:151) verwys hierna as die *'meer-faktor'*. Daar is dus in die kerk, anders as in nie-kerklike

kontekste, 'n *meer-faktor* waarmee altyd rekening gehou moet word. Wanneer besin word oor kerkleierskap moet hierdie sogenaamde meer-faktor ook in berekening gebring word.

Enige besinning oor kerkleierskap moet rekening hou met die feit dat die kerk ook die ruimte en kragveld van die Gees is, waar God ook werksaam is en daarom verskil van korporatiewe instellings en organisasies. Terselfdertyd moet daar ook rekening gehou word met die feit dat daar ooreenkomste sal wees met leierskap in ander instansies omdat dit *mense* is wat ook in die kerk werksaam is. Daar moet egter ook rekening gehou word met die feit dat daar nie net ooreenkomste tussen die kerklike en korporatiewe kontekste nie, maar dat daar ook groot verskille is wat in die algemeen ook 'n bepalende invloed het op kerkleierskap.

## 4.3 DIE PINKSTERTEORIE ONDER DIE SOEKLIG

Vervolgens word aangedui wat moontlik voorgehou kan word as 'n Pinksterteorie oor kerkleierskap. Die Pinksterideaal word voorgehou as die Pinksterteorie, dit wat in Pinkstergeledere geglo word die ideaal is met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Die Pinksterideaal word onderwerp aan 'n kritiese reflektering vanuit die kerklike praktyk van die Pinksterbeweging oor die afgelope honderd jaar. Faktore wat

moontlik aanleiding kon gegee het tot die huidige teorie asook die moontlike leemtes in die teorie word ook aangedui.

### 4.3.1 Die Pinksterideaal

Vanuit hoofstuk 2 is dit duidelik dat vanuit 'n Pinksterperspektief die basiese vereiste vir kerkleierskap begin en gebaseer word op elke kerkleier se persoonlike ondervinding met betrekking tot wedergeboorte, vervulling met die Heilige Gees, groei in 'n Christusgelykvormige karakter en leefstyl en 'n roeping van God om in die kerk as leier diens te doen. Dit is die Heilige Gees wat in mense se lewens werk om hulle in bogenoemde proses te begelei en hulle mettertyd by 'n aansluiting te bring waar hulle besef dat God se spesifieke wil vir hul lewe is om diensbaar te wees as leiers binne die gemeenskap van diegene wat leef vanuit 'n persoonlike verhouding met God.

Vanuit 'n Pinksterperspektief word ook beklemtoon dat die werking van die Heilige Gees nie daar ophou nie. Die Heilige Gees is ook werksaam in die voortdurende toerusting vir die spesifieke taak en aanverwante take waarvoor iemand deur God geroep is. God roep nie alleen mense om diensbaar te wees as leiers nie, maar Hy rus hulle ook op 'n verskeidenheid maniere deur die Heilige Gees toe en stel hulle so in staat om dit wat Hy wil hê hulle moet doen, te kan doen. God gee nie alleen die opdrag nie, Hy gee ook die vermoë en gawes wat nodig is om die opdrag uit te voer (Smith s.a.:91).

Pinkstermense verwys graag daarna dat in beide die Ou en Nuwe Testament, asook die res van die geskiedenis, daar heelwat voorbeelde en getuienisse is van mense wat die sogenaamde onmoontlike kon vermag as gevolg van God se toerusting vir die taak waarvoor Hy hulle geroep het. Die sukses van die afhandeling van die taak word nie aan die mens self toegeskryf nie, maar hoofsaaklik aan God se toerusting wat die persoon in staat gestel het om dit te kon doen.

In die eenvoudigste vorm kan 'n Pinksterteorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees soos volg geformuleer word (vgl. 2.5): diegene wat in 'n Pinksterkonteks as leiers funksioneer behoort op grond van hul ondervindinge met betrekking tot wedergeboorte, doop in die Gees, die voortdurende groei in Christus gelykvormige karakter, roeping, salwing en die direkte leiding deur die Heilige Gees vanselfsprekend suksesvol te wees. Alhoewel Pinksterleiers struikelblokke sal ondervind, behoort hulle as gevolg van die werking van die Heilige Gees, die manifestasies van die charismata en die salwing van die Gees, sodanige probleme te kan oorkom. Hulle sal ook as gevolg van die werking van die Heilige Gees besondere insigte ontvang om probleme op 'n unieke wyse te identifiseer en die vermoëns om dit te hanteer. In sommige gevalle sal dit wat hulle in die Naam van die Here doen bevestig word met tekens en wonders. Ander mense sal kan waarneem dat hierdie leiers nie net gelowiges is nie maar dat daar 'n roeping van God

op hulle lewens is en dat hulle onder die salwing van die Heilige Gees werksaam is.

### 4.3.2 Kritiese beoordeling

Die geloofstandpunt dat die Heilige Gees (veral) in die gemeente en op 'n besondere manier deur leiers werk het egter klaarblyklik vir die eerste Pinksterpioniers tog gelei tot elemente van hulle ongeformuleerde teorie oor kerkleierskap wat hier bespreek moet word. Die een vraag is of dit werklik so is dat indien gesê kan word dat die Heilige Gees op 'n besondere manier lei, dit impliseer dat alles reg sal verloop en alles in die gemeente volmaak sal ontplooi – net omdat die leiers deur die Heilige Gees gesalf is vir hulle taak. Die tweede vraag is of die empiriese werklikheid bevestig dat Pinksterleiers altyd die werking en leiding van die Gees in bedieninge ervaar. Is die charisma van leierskap en veral die gawes in 1 Korintiërs 12 genoem – byvoorbeeld woorde van kennis en insig, profesie en genesing - altyd so teenwoordig dat leiers die teenwoordigheid van God op hierdie wyse in elke situasie ervaar?

'n Volgende punt kom na vore: Gedurende die afgelope honderd jaar waarin die Pinksterbeweging bestaan en gevestig is as een van die hoofstroom-kerkgroeperings in die wêreld, het daar op sosiale en kerklike gebied baie veranderinge plaasgevind. Dit het ook die Pinksterkerke nie onaangeraak

gelaat nie. Die konteks waarin 'n teorie ontstaan het 'n bepalende effek en invloed op daardie teorie. Daarom sal 'n veranderde konteks waarbinne 'n spesifieke teorie funksioneer altyd nuwe en indringende vrae aan die ou teorie stel. Gevolglik is dit noodsaaklik dat daar – afgesien van die vrae hierbo genoem - in die huidige konteks indringend en krities na die bestaande Pinksterteorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees besin word.

#### *4.3.2.1 Vanuit die Bybel*

Een van die belangrikste vrae waaroor besin moet word, is of die Bybelse gegewens dieselfde teorie as die Pinksterbeweging onderskryf? Hierdie vraag is veral relevant aangesien die Pinksterbeweging sterk klem daarop plaas dat die Bybel hulle handboek en maatstaf is vir hul kerkpraktyk.

Die standpunt dat die salwing en leiding van die Heilige Gees alles reg sal laat verloop word nie deur gegewens vanuit die Bybel ondersteun en onderskryf nie. In die Bybel word onder andere verwys na iemand soos Petrus wat gedoop is met die Gees, in tale gepraat het, van tyd tot weer vervul is met die Gees, kragtig gebruik is, maar ten spyte daarvan nogtans groot foute begaan het. Hiervan vertel Paulus in sy brief aan die Galasiërs. Ook Barnabas, van wie baie mooi dinge gesê kan word en wat dieselfde dinge ondervind het, kon huigel. Timoteus moes ook aangespreek word om

reg op te tree. Trouens, in die briewe aan hom maak Paulus sterk uitsprake ten opsigte van mense binne die gemeente wat as leiers kan en sal dwaal en misleidend kan optree. Timoteus word bedag gemaak op sulke mense. Vanuit die Bybel is dit dus baie duidelik dat mense wat die merkwaardige en persoonlike ervaringe van die krag van God beleef het en kon getuig van hul persoonlike belewenisse van sy teenwoordigheid, nie outomaties en vanselfsprekend gevrywaar was van die moontlikhede dat hulle ook foute kon maak en selfs kon sondig nie, al was hulle Geesvervulde kerkleiers.

#### *4.3.2.2 Vanuit die praktyk*

Kritiese besinning kan ook vanuit praktykondervinding en -waarneming gedoen word. Vervolgens word etlike vrae gestel en opmerkings gemaak wat kan dien as aanduiding dat die Pinksterteorie oor kerkleierskap heel waarskynlik nie so realisties in die praktyk werk as wat dit op papier lyk nie.

a) In die lig daarvan dat in Pinkstergeledere sterk klem geplaas word op die feit dat kerkleiers hoofsaaklik afhanklik is van die werking van die Heilige Gees, is aanvanklik gemeen dat opleiding van kerkleiers nie noodsaaklik was nie (vgl. Burger 1987:438), want al wat 'n kerkleier nodig gehad het was die werking van die Heilige Gees. Mettertyd het die Pinksterbeweging, heel waarskynlik vanweë die realiteite van die kerklike praktyk, weg beweeg van bogenoemde standpunt deurdat hulle

ook soos ander kerke begin het om hul kerkleiers op te lei. Hierdie verskuiwing het mettertyd so momentum verkry dat opleiding een van die belangrikste aspekte van voorbereiding geword het vir Pinksterkerkleiers en selfs 'n voorvereiste geword het vir diegene wat voltyds in diens van die kerk wil staan. 'n Verdere gevaar het vir Pinkster ontstaan daarin dat opleiding prominensie verkry het bo enige iets anders as die toerusting vir bediening as 'n kerkleier. Die kwalifikasies vir 'n kerkleier in Pinkstergeledere het meer akademies van aard geword as geestelik.

b) Oor die afgelope honderd jaar het 'n groot verskeidenheid van Pinkstergroeperings ontstaan. Elkeen maak daarop aanspraak dat hulle op die een of ander wyse leiding van die Heilige Gees ontvang het. In sommige gevalle is hierdie sogenaamde leiding van die Heilige Gees in skerp kontras met die leiding wat ander Pinkstergroepe en kerke ontvang het. Insigself skep dit 'n probleem daarin dat binne Pinkstergeledere daar nie ooreenstemmigheid is oor wat presies die leiding van die Heilige Gees is of behels of oor hoe dit werk nie. As dit bloot op gesigswaarde beoordeel moet word, kom dit voor asof die Heilige Gees teen Homself werk en verdeeld is. Dit is dus nodig dat daar gewaak moet word teen die invloed van 'n persoon se eie subjektiwiteit en die rol wat dit speel in kerkleierskap. Ek is van mening dat die meeste sogenaamde foute wat onder die leiding van die Heilige Gees gemaak word, daaraan toegeskryf kan word dat dit wat as leiding

van die Heilige Gees ervaar word , hoofsaaklik voortspruitend is vanuit daardie persoon of persone se subjektiewe omgang of worsteling met die een of ander probleem of aangeleentheid sonder om dit bewustelik in berekening te bring.

c) Die teologiese navorsing wat oor die afgelope honderd jaar gedoen is het heelwat nuwe insigte na vore gebring wat dit duidelik maak dat die werking van die Heilige Gees nie so eenvoudig en simplisties is as wat deur die Pinksterbeweging voorgegee word nie. Die werking van die Heilige Gees is in 'n mate in groot misterie omhul aangesien dit die menslike begripsvermoë transendeer. In aansluiting by die voorafgaande punt kan en moet die rol van die kerkleier se eie subjektiwiteit nie onderskat word nie.

d) Die Pinksterkerke kan nie aanspraak maak op 'n geïsoleerde bestaan waarin veranderinge op sosiale gebied (die groter konteks waarbinne die kerk bestaan) nie die een of ander invloed het op hul kerkpraktyk nie. Verandering in die kerk is dikwels verandering op grond van sosiale druk en nie altyd omdat die leiding van die Heilige Gees nagevolg word nie. Daar moet dus ook rekening gehou word met die sosiale verandering. Aanvanklik was daar 'onder die leiding van die Heilige Gees' die oortuiging dat die AGS as vier aparte kerke, in ooreenstemming met vier verskillende rassegroepe, moet bestaan en funksioneer. Na die mate wat apartheid in die sosiale konteks bevraagteken is en veranderinge ten opsigte daarvan aangebring is, het

daar ook 'onder die leiding van die Heilige Gees' 'n nuwe oortuiging binne die AGS ontstaan dat apartheid eintlik sonde is en dat die kerk moet verenig. Nie alles wat in en deur die kerk gebeur kom dus direk van die Heilige Gees af nie. Daar is baie ander menslike en sosiale faktore wat ook 'n rol speel in dit wat in en deur die kerk gebeur. Kerkleiers is in 'n mate produkte van hulle tyd en word grootliks daardeur beïnvloed. Daarom kan kerkleiers nie altyd daarop aanspraak maak dat hulle net deur die Heilige Gees gelei en beïnvloed word nie.

e) Spanning binne Pinkstergeledere rondom die werking van die Heilige Gees, is 'n algemene verskynsel. Selfs binne hul liturgie wat veronderstel is om die leiding van die Heilige Gees te fasiliteer, is daar verskille oor watter elemente van 'n bepaalde diens deur die Heilige Gees geïnspireer is en watter nie (Van der Spuy 1985:227-230). Die implikasie hiervan is dat hul klem op kerkleierskap as leierskap waarin net die leiding van die Heilige Gees gevolg moet word, te idealisties is en gewoon onprakties is. Daar is te veel ander faktore wat ook 'n rol speel - soos hierbo alreeds uitgewys is - dat dit alleen nie 'n geskikte teorie vir die praktyk kan wees nie.

f) Namate institusionalisering binne Pinkstergeledere plaasgevind het en al hoe meer ekumeniese kontak en wisselwerking ontwikkel het, is die Pinksterbeweging in 'n sekere mate ook deur hierdie twee faktore beïnvloed. Die aanvanklike verhouding met ander kerke was vyandig. Die Pinksterkerke het die "groot kerke" gesien as dood en ongeestelik

en net ingestel op formele aspekte terwyl hulle die werking van die Gees probeer smoor het. Daarenteen het gevestigde kerke die Pinksterbeweging gesien is as groep wat 'n sogenaamde valse leer verkondig het (onder andere vanweë die beoefening van die charismata) en daarom nie erken is as kerk nie. Oor 'n baie lang periode van ekumeniese wisselwerking het die AGS eers in 1990 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk amptelike erkenning ontvang as 'n kerk, nadat die AGS alreeds in 1945 die NGK om erkenning versoek het. Gedurende hierdie ekumeniese wisselwerking het beide groepe ontdek dat daar in beide gevalle mense is wat kan getuig van die werking van die Heilige Gees in en deur hul lewens. Pinksterleiers is nie die enigste kerkleiers waardeur die Heilige Gees werk nie. Kennis moet ook geneem word van die werking van die Heilige Gees buite Pinkstergeledere en daarmee saam die ryke verskeidenheid en omvang van die werk van die Heilige Gees in en deur nie-Pinkstermense. Die implikasie hiervan vir die Pinksterideaal, is dat die Heilige Gees nie alleen in en deur sogenaamde Geesvervulde kerkleiers binne Pinkstergeledere werk nie. Die Heilige Gees werk ook in leiers wat nie presies dieselfde dinge glo as die Pinkstermense nie – nie eens dieselfde glo oor die "werk van die Gees" nie! Die interessante punt is dat dit nie net die leerstellinge of geloofsoortuigings van die nie-Pinkstermense is wat die deurslag gee vir die veranderende houding in Pinkstergeledere nie maar ook die feit dat Pinkstermense die leiers in

ander kerke *ervaar* as Godsmanne en vroue. Hiervan getuig die talle konferensies wat deur mense uit nie-Pinksterke gereël word en met groot vrug deur persone uit die geledere van die klassieke Pinksterdom bygewoon word.

g) Met die totstandkoming van die Charismatiese Beweging het daar ook heelwat groot verskuiwings na vore gekom. Talle mense buite die Pinksterbeweging het ook die doping met die Heilige Gees ondervind – alhoewel die ervaring nie altyd in Pinksterterme gegiet is nie. Alhoewel hulle nie by die een of ander Pinksterkerk aangesluit het nie, deel hulle nogtans dieselfde ondervinding. Vir die Pinksterbeweging het dit verreikende implikasies gehad. Hulle moes hierdeur ook kennis neem en aanvaar dat die Heilige Gees breër werk as net in Pinkstergeledere. Dit het die implikasie dat die Pinksterbeweging nie meer die 'alleenreg' het op die Pinksterideaal, byvoorbeeld die spreek in tale nie. Hulle is dus genoodsaak om saam met ander sogenaamde nie-Pinkstermense oor die werking van die Heilige Gees te besin en ook van ander van Hom te leer. Oor die afgelope paar dekades het heelwat sogenaamde charismatiese kerke hulle boonop gevestig as "onafhanklik kerke" of as "Third Wave" kerke – laasgenoemde naas die klassieke Pinkstergroepe en die Onafhanklike Kerke - juis met die doel om hulle te distansieer van die Pinksterbagasie wat oor die afgelope honderd jaar deel van die Pinksterbeweging geword het. Sommige van hierdie kerke groei ook vinniger as Pinksterkerke en het 'n groter impak op hulle omgewings.

Sommige van hierdie groepe ontken selfs die doping met die Heilige Gees as aparte ervaring terwyl hulle wel 'n openheid en sensitiwiteit vir die werking van Heilige Gees het, maar nie klem daarop lê nie. Nogtans groei die gemeentes fenomenaal, byvoorbeeld Willowcreek in Illinois (VSA) en Moreletapark NG gemeente in Pretoria. Kerkleiers van die sogenaamde Charismatiese Beweging het ewe skielik uitgestyg en amper 'n nuwe era ingelei rondom makro-gemeentes, 'n gemeentemodel wat feitlik ongekend was in Pinkstergeledere. Ook hierdie punt moes in Pinkstergeledere verwerk word en in Pinksterterme kan sulke "suksesse" alleen verstaan word as "die werk van die Heilige Gees". Alhoewel Charismatiese makro-gemeentes volgens my mening nog steeds baie meer in getal is as Pinkster makro-gemeentes, het Pinkster makro-gemeentes mettertyd in navolging van die werk van Charismatiese kerkleiers tot stand gekom. Die hoofrede hiervoor is volgens my opinie daarin te vind dat Charismatiese kerkleiers hul ondervinding begin deel het deur middel van kerkleierskap-seminare en daardeur nuwe insigte gebring het wat Pinksterkerkleiers gehelp het om ook deur te breek na 'n nuwe vlak van kerkleierskap.

h) Aanvanklik was die Pinksterbeweging se gemeentes relatief klein in vergelyking met die van ander gevestigde kerke. Gedurende die afgelope dekades het daar ook in die Pinksterbeweging makro-gemeentes ontstaan. Sommige maak daarop aanspraak dat dit direk toegeskryf kan word aan die werking van die Heilige Gees, vergelyk

byvoorbeeld die Assemblies of God gemeente in Pensecola Florida, VSA. Daar is egter ook gemeentes wat byvoorbeeld binne die geledere van die Pinksterbeweging tot 'n makro-gemeente ontwikkel het alhoewel hulle nie die tradisionele Pinksterwaardes onderskryf nie, byvoorbeeld die AGS gemeente te Randburg. Hierdie gemeente het vier dienste per Sondag. In drie van die vier dienste word daar nie ruimte daarvoor gemaak dat die Heilige Gees op eg Pinksterwyse werk nie. Die spontane werk van die Gees deur middel van die charismata word dus nie in hierdie eredienste toegelaat nie. Niemand word toegelaat om op grond van die werking van die Heilige Gees, tydens die diens, daaraan uiting te gee of dit met die gemeente te deel nie. Die gemeente het 'n sterk uitgewerkte liturgie waarby streng gehou word. Nogtans is dit nie net een van die vinnigste groeiende gemeentes in die AGS nie, maar ook in die wêreld. Bo en behalwe dat hulle aansluiting vind by Bill Hybels en die Willow Creeck gemeente in Illionois (VSA) se "soeker sensitiewe benadering", benadruk hulle veral die belangrikheid van effektiewe leierskap ten opsigte van gemeentegroei. Die AGS en die res van die Pinksterbeweging word hierdeur genoodsaak om weer opnuut te besin oor die rol en invloed van die werking van die Heilige Gees as die deurslaggewende faktor vir die kerklike praktyk.

i) Met terugkeer van Dr. Johan Engelbrecht na Suid-Afrika, was daar heel waarskynlik 'n openheid en ontvanklikheid vir nuwe gedagtes wat die AGS behulpsaam kon wees met die uitvoering van hul Godgegewe

opdrag. Vanuit 'n kerkgroeiperspektief is kerkleierskap beklemtoon as dié deurslaggewende faktor in die kerklike praktyk. Mettertyd is dus al hoe meer klem op kerkleierskap (weg van kerk*groei*) geplaas, in so 'n mate dat al hoe meer kerkleierskapseminare aangebied is. Dit het weer daartoe aanleiding gegee dat hierdie spesifieke onderwerp ook geïnkorporeer is in die kurrikulum van die voorbereiding van voornemende pastore. 'n Verdere ontwikkelling wat hieruit voortgespruit het is die aanbieding van nagraadse kursusse in kerkleierskap – veral die een wat in samewerking met die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied word.. Sonder dat dit enigsins aan die groot klok gehang is of spesifiek gepropageer is wil dit voorkom asof daar tog sprake kan wees van 'n klemverskuiwing in die geledere van die AGS en dat die moontlikheid bestaan dat daar 'n verandering gekom het in die algemeen aanvaarde Pinksterteorie oor kerkleierskap. By implikasie wil dit voorkom asof die Pinksterbeweging nie meer dieselfde klem plaas op kerkleierskap as charisma nie, maar dat kerkleierskap ook ontwikkel kan word deur gefokusde en voortgesette opleiding.

j) Die huidige kerklike praktyk word ook gekenmerk deur sogenaamde lidmaatverskuiwings. Lidmate beweeg baie meer vrylik tussen denominasies en die verskillende gemeentes van 'n spesifieke denominasie. Meestal vind hierdie verskuiwings nie plaas as gevolg van die een of ander leerstellige of geloofsverandering nie. Die mees algemene rede wat deur mense aangevoer word vir hul verskuiwing, is

die leiding van die Heilige Gees. Hulle beweer dat hulle *gelei voel* om van kerk of gemeente te verander. Indien hierdie leiding ondersoek word deur gesprekvoering vind ons uit dat die leiding hoofsaaklik beïnvloed is deur die persoon se persoonlike voorkeure of die moontlikheid dat 'n spesifieke gemeente op daardie stadium van die persoon se lewe nie meer die potensiaal het om in die persoon se persoonlike en geestelike behoefte te voorsien nie. Dus is die "leiding van die Heilige Gees" ook hier baie subjektief van aard. Dieselfde is van toepassing op kerkleiers wat van gemeentes of visies verander. Die verklaring (of voorwendsel) daarvoor is gewoonlik dat dit geskied onder die leiding van die Heilige Gees. Die vraag sou ook gevra kan word of die verandering nie maar in werklikheid grootliks beïnvloed is deur hul eie subjektiewe voorkeure en behoeftes nie. Weereens bevraagteken die kerklike praktyk die Pinksterideaal.

k) Volgens die Pinksterideaal is dit voldoende indien iemand daarop aanspraak kan maak en daarvan kan getuig dat die Heilige Gees hom/haar geroep het om diensbaar te wees in kerkleierskap. Opleiding speel oor die algemeen 'n sekondêre rol binne Pinkstergeledere en word nie van dieselfde waarde geag as die direkte werking van die Heilige Gees nie. Hoofsaaklik word gefokus op die Skrifgegewens verkry in Handeling 6 wat verwys na die sewe manne wat "vol van die Heilige Gees" was. Dit is in daardie tyd as voldoende toerusting vir hulle dienswerk beskou . Ook ten opsigte van hierdie redenasie blyk daar 'n

probleem met die Pinksterideaal te wees in die sin dat hier sprake is van 'n baie selektiewe keuse van Skriftekste. Die Handelinge 6 gebeure is nie die enigste Skrifgegewens wat in aanmerking geneem moet word nie. Dit blyk tog uit ander dele van die Nuwe Testament dat Timoteus intensiewe in-diens-opleiding ontvang het deurdat hy saamgeneem is om opgelei te word in fasette van kerkleierskap.

l) In die materiaal wat hierbo aangebied is, kom daar twee aspekte na vore wat kritiese besinning van die Pinksterideaal noodsaak. Sonder dat dit ten volle hier ontplooi gaan word, word dit net kortliks aan die orde gestel:

  (i) Opleiding van kerkleiers en die rol wat dit speel is belangrik binne kerkgroei- en kerkleierskapliteratuur maar word nie in Pinksterkringe genoegsaam erken nie.

  (ii) Die feit dat die Pinksterstandpunt klaarblyklik met die teoretiese ideaal werk terwyl die kerkgroeiliteratuur konsentreer op die ontwikkeling van mense om die ideaal te bereik, wys op twee verskillende benaderinge wat tans téénoor mekaar staan.

m) In die praktyk het daar ook 'n verskuiwing by Pinkstermense plaasgevind in die praktiese hantering van lering uit nie-Pinksterbronne. Waar hulle 'n paar dekades gelede radikaal sou standpunt inneem teenoor leringe wat enigsins geruik het na materiaal wat klink na nie-

Pinkster nie, is hulle tans wel bereid om ten opsigte van bepaalde onderwerpe na mense uit ander geledere te luister. Hierdie stelling werk natuurlik met 'n paar aannames soos byvoorbeeld dat Pinksterleiers hulle wel ten opsigte van kerkleierskapliteratuur blootstel aan skrywers uit ander geledere. As daar egter na die belangrikheid van literatuur uit die verskillende bronne gekyk word blyk dit dat dit nie 'n verkeerde aanname is nie. Literatuur uit talle bronne word oral aangebied as dat dit 'n antwoord het op probleme waarmee die kerk te doen het.

## 4.4 TEORIEË ONDER DIE SOEKLIGK

### 4.4.1 Die ideaal

Soos in hoofstuk 3 na vore gekom het, is dit duidelik dat daar in die literatuur oor kerkleierskap hoofsaaklik nege aspekte beklemtoon word met betrekking tot kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Hierdie nege fasette bied 'n aanduiding van die teoretiese ideaal wat in die literatuur voorgehou word rondom hierdie onderwerpe.

Hiervolgens is kerkleiers een van die gawes van die Heilige Gees aan die kerk. Kerkleiers behoort Geesvervuld te wees met getuienis van 'n spesifieke werking van die Heilige Gees in hul lewens as aanduiding van hul spesifieke roeping tot kerkleierskap. Een van die waarneembare kenmerke van die werking van die Heilige Gees in diegene wat tot kerkleierskap geroep voel, is

'n groeiende Christusgelykvormige lewenstyl wat gepaardgaan met 'n gesindheid van diensbaarheid, nie net aan God alleen nie, maar ook aan mense. Verder is dit ook noodsaaklik dat kerkleiers deur die werking van die Heilige Gees voortdurend 'n salwing sal ondervind waardeur die persoon en ander bewus word van die waarneembare teenwoordigheid van God wat in en deur daardie persoon se lewe werksaam is. Hierdie salwing is 'n bonatuurlike toerusting vir 'n spesifieke geleentheid of taak wat deur die Heilige Gees aan daardie persoon opgedra is. Kerkleiers moet ook sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees en bereid wees om deur die Heilige Gees gelei te word. Die werking van die Heilige Gees in kerkleierskap is nie 'n eenmansaak nie, maar 'n span aangeleentheid. Die Heilige Gees werk nie net in indiwidue nie, maar in almal in die gemeente en daarom kan ander bevestig of dit die Heilige Gees is wat werk of nie. Kerkleiers mag nie hierdie belangrike punt vergeet nie. Die Gees werk ook deur die totale som van individue in die gemeente. Op hierdie manier kom 'n volgende voordeel na vore naamlik die beginsel van meervoudige leierskap as 'n kontrole vir individue en beskerming vir die res van die kerk.

Bogenoemde dien as 'n opsomming van die ideaal ten opsigte van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees soos wat dit in die literatuur oor kerkleierskap voorkom.

### 4.4.2 Kritiese beoordeling

In hierdie proefskrif word vanuit 'n Pinksterperspektief krities besin oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat daar in die literatuur oor kerkleierskap wel bepaalde aspekte is wat beklemtoon word en gebruik kan word in die ontwikkeling van teorieë oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees, met ander woorde wat ook 'n Pinksterstandpunt sal bevredig. Hierdie punte omgekeerd ook sinvol gebruik word om onder andere krities te besin oor die Pinksterteorieë oor die onderhawige onderwerp.. Voordat dit gedoen word, word daar nou eers 'n kritiese beoordeling aangebied ten opsigte van die teorieë in die literatuur oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

a) Alhoewel daar in die afgelope paar jaar heelwat literatuur oor kerkleierskap tot stand gekom het, word in net negentien (16%) van die eenhonderd en sestien bronne wat by hierdie ondersoek ingesluit is, die een of ander verwysing gemaak oor die verband tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Omgekeerd beteken dit dat in die oorgrote meerderheid van hierdie literatuureenhede, naamlik 84%, daar geen verwysing is na die verband tussen kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees nie. In die lig daarvan dat feitlik alle kerke daarmee saam stem dat ons in die era van die Heilige Gees leef en dat God self handelend deur die Heilige Gees in die kerk werksaam is, dui

bogenoemde op 'n algemene gebrek aan die verrekening van die werking van die Heilige Gees in kerkleierskap. Indien die skrywers vanuit Pinkster - en charismatiese geledere buite rekening gelaat word, is daar weinig literatuur wat die werking van die Heilige Gees met kerkleierskap integreer. Die belangrikheid van bogenoemde word versterk deur die feit dat die literatuur waarin die werking van die Heilige Gees in en deur kerkleierskap wel uitgebou word, afkomstig is van outeurs in Pinkstergeledere, byvoorbeeld Hayford & Rosenberger, Ness en Munien. Indien hierdie outeurs buite rekening gelaat word, blyk dit dat die persentasie van diegene wat nie eers na die onderhawige verband verwys nie, nog veel groter is. Die indruk word hierdeur geskep dat kerkleirskap grootliks ooreenstem met enige ander nie-kerklike leierskap en weinig daarvan verskil.

b) Tydens die navorsing het dit ook duidelik geword dat die werking van die Heilige Gees *in* en *deur* kerkleierskap nie in dieselfde mate beklemtoon word as die ander aspekte nie, byvoorbeeld onderwerpe soos visie, missie, konflikhantering, mobilisering van lidmate, strategiese beplanning, bemarking, finansiële bestuur en nog heelwat ander aspekte. Daar is dus 'n duidelike leemte in die teoretiese ideaal soos wat dit in die literatuur voorkom oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. Hiermee word bedoel dat die outeurs wel kortliks verwys na die werking van die Gees maar wanneer hulle die eintlike

inhoud van hulle werke ontwikkel vervaag hierdie punt gou en dra die onderwerpe wat hierbo genoem is die grootste gewig.

c) Outeurs verwys wel na die belangrikheid van die werking van die Heilige Gees in en deur kerkleierskap, maar is geneig om soos Beasley-Murray (1990:218) net te stel dat kerkleierskap 'n gawe van die Heilige Gees is en dat die Heilige Gees in die lewe en bediening van die kerkleier 'n deurslaggewende rol speel. Hierdie punt word gestel sonder om verder enige riglyne daarvoor uit te werk of te sê wat die implikasies daarvan is. Indien hulle hulle eie stellinge ernstig bedoel het sou hulle genoodsaak gewees het om ruimte vir die implikasies daarvan in hul literatuur af te staan. Dit is nie net goed genoeg om te wys op die belangrikheid van die werking van die Heilige Gees in en deur kerkleierskap nie. Dit is noodsaaklik dat die belangrikheid van die Heilige Gees in en deur kerkleierskap uitgewerk moet word om reg daaraan te laat geskied en om die lesers en kerkleiers te help rondom die praktyk van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

d) In aansluiting by bogenoemde is dit belangrik om daarop te let dat in sommige gevalle waar daar na kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees verwys word, dit nie gedoen word met die nodige erns nie. Daar is naamlik diegene wat in die begin van hulle werke sê dat die verband tussen die werking van die Heilige Gees en kerkleierskap belangrik is maar tog nie die saak uitbou wanneer hulle hul gedagtes ontwikkel nie. Net so is daar diegene wat sê die saak is belangrik maar

omdat hulle dit net in die laaste paragrawe van die laaste hoofstukke van hulle werke noem is dit nie oortuigend nie. Dit is asof die onderwerp as 'n laaste nagedagte op papier land, dit wil sê net voor die boek afgesluit word. Die indruk word gewek dat alles wat werklik belangrik is reeds vooraf gesê is. Vanuit 'n Pinksterperspektief is dit nie net onverstaanbaar nie maar ook onaanvaarbaar.

e) Die onderskeie outeurs waarna in hierdie ondersoek verwys word, kom vanuit uiteenlopende en teenoorgestelde tradisies. Byvoorbeeld MacArthur en Getz kom uit bepaalde evangeliese kringe wat hoegenaamd nie die voortbestaan van die geestelike gawes in ons tyd aanvaar nie. Soos reeds gesê is MacArthur veral bekend vir sy vyandigheid en uitgesprokenheid teenoor mense wat voorstanders is van die gedagte dat die gawes van die Heilige Gees vandag nog kan werk.

f) In die literatuur oor kerkleierskap word heelwat klem geplaas op een belangrike nie-funksionele aspek van kerkleierskap, naamlik integriteit (karakter). Hieruit kan afgelei word dat in die literatuur oor kerkleierskap meer klem geplaas word op en erkenning gegee word aan die innerlike werking van die Heilige Gees as op die uiterlike werking van die Heilige Gees. Die werking van die Heilige Gees *in* die kerkleier verkry meer prominensie as die werking van die Heilige Gees *deur* die kerklike leier.

*Sewe en twintig (40%)* van kategorie (1) en elf (23%) van kategorie (2) literatuureenhede beklemtoon en verwys na die belangrikheid en omvang van integriteit as 'n aspek wat direk in verband staan met die werking van die Heilige Gees in kerkleierskap. Gesamentlike verwys 33% van die literatuureenhede na die belangrikheid van integriteit. In die literatuur word meer klem geplaas word op die werking van die Heilige Gees *in* kerkleiers as die werking van die Heilige Gees *deur* kerkleiers. Vanuit 'n Pinksterperspektief en in die algemeen is beide belangrik en word beide beskou as van deurslaggewende belang. Dus behoort daar in die literatuur meer aandag gegee word aan die werking van die Heilige Gees *deur* kerkleierskap. In die literatuur is daar dus 'n duidelike leemte. Gevolglik kan gesê word dat op hierdie punt daar 'n leemte is en aanduidings is van 'n gering-ontwikkelde teorie rondom kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

h) Vanuit die literatuur oor kerkleierskap is dit opsigtelik dat alhoewel daarna verwys word dat kerklike leiers deur die Heilige Gees gelei moet word, daar nie spesifieke riglyne gegee word vir hoe dit moet plaasvind nie.. Daar is dus 'n leemte met betrekking tot die ontwikkeling van kerklike leiers se sensitiwiteit en beoordeling van die leiding van die Heilige Gees.

i) Alhoewel daar 'n duidelike en algemene erkenning is van die belangrikheid van God se salwing vir diegene wat deur Hom geroep is om te dien as leiers, is dit opmerklik dat daar nie veel aandag daaraan

gegee word nie. Slegs twee skrywers, Greenslade (1984) en Damazio (1988), wy elkeen 'n hoofstuk daaraan. Daar bestaan dus 'n leemte in die literatuur oor die verband tussen die toerusting van die Heilige Gees, wat beskryf kan word as die salwing van die Heilige Gees, en kerkleierskap. Selfs teenoor die ander nie-funksionele aspekte is salwing daardie aspek wat direk in verband met die Heilige Gees gebring kan word, wat die minste aandag verkry. Die rede hiervoor is heel waarskynlik te vind in die misterie daaraan verbonde omdat dit nie in 'n direkte verband staan met die een of ander menslike handeling nie maar een honderd persent 'n handeling van God is, dit wil sê volgens Pinksterstandpunt. Binne die literatuur oor kerkleierskap word daar die minste aandag gegee aan salwing. In kategorie 1 verwys sewe (10%) van die bronne na die salwing van die Heilige Gees, terwyl in kategorie 2 daar geen verwysing is nie. In geheel beskou is daar in net 6%, sewe uit een honderd en sestien literatuureenhede, 'n spesifieke hoofstuk of afdeling wat na die salwing van die Heilige Gees verwys. Hier en daar is daar ook terloopse verwysings na die salwing van die Heilige Gees, sonder om enigsins daarop uit te brei.

j) Crix (1991:23) dui in die hoofstuk *'Led by people, ruled by God'* aan dat kerkleierskap alleen verstaan kan word indien in gedagte gehou word dat die kerk beide 'n menslike organisasie en 'n geestelike entiteit is. Dit wil voorkom asof die literatuur oor kerkleierskap

hoofsaaklik kerkleierskap benader vanuit 'n organisatoriese vertrekpunt waarin die handelinge van mense voorop gestel word. In kerkleierskap moet ook rekening gehou word met God se handelinge deur die werking van die Heilige Gees om enigsins reg te laat geskied aan die kerk as 'n geestelike dimensie.

## 4.5 TEORIEË IN ONDERLINGE DIALOOG

Vanuit die literatuur oor kerkleierskap is daar baie belangrike en positiewe aspekte wat in ooreenstemming met 'n Pinksterperspektief beklemtoon word en waardeer kan word. Byvoorbeeld die beklemtoning dat iemand se roeping wat van die Heilige Gees uitgaan nie vir almal op dieselfde wyse plaasvind nie en nie gebaseer word op daardie persoon se bepaalde meriete nie. Verder word ook beklemtoon dat kerkleiers op 'n waarneembare manier 'n Christelike leefstyl moet leef, Geesvervuld oftewel vol van die Gees moet wees, deur die Gees gelei moet word, sensitief moet wees vir die salwing van die Heilige Gees, meervoudige leierskap moet respekteer as 'n wyse waardeur die Heilige Gees werk en diensbaar moet wees.

Met die eerste oogopslag wil dit tog voorkom asof daar nie veel verskil is in die twee teorieë nie. Die hoofrede hiervoor kan seker weereens daaraan toegeskryf word dat van die enkele outeurs wat wel die werking van die Heilige Gees beklemtoon vanuit Pinkster en charismatiese geledere

afkomstig is. Daar is egter een groot verskil wat nie net van kennis geneem moet word nie, maar wat erns mee gemaak moet word indien daar enigsins 'n verstelling gemaak wil word aan die onderskeie twee teorieë.

Vanuit 'n Pinksterperspektief kan aangevoer word dat in die literatuur oor kerkleierskap die werking van die Heilige Gees *deur* kerkleiers nie sterk genoeg beklemtoon word met die nodige uiteensetting en riglyne daaroor nie. Hier kan sprake wees van 'n gering ontwikkelde teorie wat in die toekoms verder uitgebou moet word sodat kerkleiers gehelp kan word in die aspek van die werking van die Heilige Gees. Die werking van die Heilige Gees deur kerkleiers is net so belangrik as enige ander aspek van die werking van die Heilige Gees en moet daarom behoorlik ontwikkel word in die literatuur oor kerkeleirskap.

Aan die anderkant kan weer aangevoer word dat vanuit Pinkstergeledere die werking van die Heilige Gees deur kerkleierskap oorbeklemtoon word. Daar is egter binne Pinkstergeledere 'n groter balans tussen die beklemtoninge met betrekking tot die werking van die Heilige Gees in en deur kerkleiers as wat in die geval van die literatuur oor kerkleierskap blyk te wees. Ek is egter van mening dat die Pinksterbeweging in die praktyk die werk van die Heilige Gees *deur* kerkleiers meer beklemtoon as die werking van die Heilige Gees *in* kerkleiers. Dus sal dit nodig wees om verdere navorsing hieroor te doen

om die Pinksterbeweging se praktykteorie te bepaal en indien dit my vermoede bevestig die nodige verstellings te maak.

Soos reeds uitgewys beklemtoon die literatuur oor kerkleierskap hoofsaaklik die werking van die Heilige Gees *in* kerkleiers. Hierin hoef daar dus nie 'n aanpassing gemaak te word nie. 'n Wisselwerking tussen die onderskeie teorieë is uiters noodsaaklik sodat beide in die toekoms baat kan vind by 'n beter praktykgerigte teorie oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

## 4.6 DIE HUIDIGE TENDENSE KRITIES BEOORDEEL

In die literatuur oor kerkleierskap word kerkleierskap hoofsaaklik as 'n funksionele aangeleentheid benader deurdat gefokus word op die handelinge en vaardighede van mense as die deurslaggewende faktor. Dit wil voorkom asof die literatuur oor kerkleierskap nie rekening hou met die kerklike konteks se eiesoortigheid en die gepaardgaande faktore wat 'n deurslaggewende rol daarin speel nie. In die oorgrote meerderheid van die literatuureenhede oor kerkleierskap word die ander aspekte van die kerklike konteks wat op die een of ander wyse 'n invloed op kerkleierskap het, nie verreken nie.

In slegs 16% van die literatuur eenhede wat oor kerkleierskap ondersoek is, word op die nie-funksionele of geestelike aspekte van die kerklike konteks

wat betrekking het op kerkleierskap nadruk gelê. Deur hierdie opmerking te maak word gepoog om ook te beklemtoon dat leierskap in 'n kerklike konteks nie slegs 'n funksionele aangeleentheid is nie. Die nie-funksionele aspekte van kerkleierskap is ook 'n integrale deel daarvan en vervul 'n belangrike en deurslaggewende rol daarin. Ander aspekte van die kerklike konteks soos byvoorbeeld die werking van die Heilige Gees, die invloed van tradisie, die aanvaarding van leerstellige punte, en so meer word nie in dieselfde mate beklemtoon, in aanmerking geneem en geïntegreer met die funksionele aspekte van kerkleierskap vir 'n meer gebalanseerde benadering nie.

Dit is belangrik om in aanmerking te neem dat kerkleierskap meer is as 'n wetenskap (Weems 1993:21) waarin bepaalde sake of grondstowwe klinies analities bestudeer kan word. Kerkleierskap is ook 'n geestelike fenomeen (Maswanganyi s.a.:4) waarin nie-funksionele aspekte 'n deurslaggewende rol en invloed het. In die lig daarvan dat kerkleierskap hoofsaaklik in die literatuur benader word as 'n funksionele aangeleentheid, kan verstaan word waarom daar in 'n mindere mate aandag geskenk word aan die nie-funksionele of geestelike aspekte van kerkleierskap. Daarom kan dit ook verstaan word waarom daar nie in die literatuur oor kerkleierskap sterk klem geplaas word en breedvoerig uitgebrei word op die werking van die Heilige Gees nie.

Die benadering tot kerkleierskap in die literatuur is verteenwoordigend van 'n ongebalanseerde benadering waarin die funksionele die nie-funksionele fasette oorskadu. Die gevolg daarvan is dat daar nie rekening gehou word met die unieke aard van die kerk en leierskap in 'n kerklike konteks nie. Een van die grootste leemtes in die literatuur oor kerkleierskap is die gebrek aan 'n gebalanseerde benadering tot leierskap binne die kerklike konteks, wat die geestelike aspekte daarvan tot hul reg laat kom.

Die benadering tot leierskap binne 'n kerklike konteks, met inagneming van die geestelike aspekte daarvan, moet in die literatuur oor kerkleierskap aangespreek word sodat 'n meer gebalanseerde benadering beide die funksionele en geestelike aspekte daarvan kan inkorporeer. Kerkleierskap moet vanuit die totale konteks van die kerk benader word en alle fasette wat 'n invloed daarop kan hê moet in aanmerking geneem word sodat 'n gebalanseerde benadering gehandhaaf kan word.

Die huidige benadering tot kerkleierskap waarin dit vanuit die funksionele aspekte daarvan benader word, kan problematies wees en sekere gevare inhou vir die praktyk van kerkleierskap. Een van hierdie gevare is onder andere dat dit tot gevolg kan hê dat kerkleierskap nie van nie-kerklike leierskap, anders gestel korporatiewe leierskap, onderskei kan word nie en nie rekening gehou word met die eie en unieke aard, verwagtinge en vereistes wat vanuit 'n kerklike konteks aan kerkleierskap gestel word nie.

Die algemene indruk wat hierdeur geskep word, is dat kerkleierskap nie eintlik veel van nie-kerklike leierskap verskil nie. Indien kerkleierskap hoofsaaklik benader word as 'n funksionele aangeleentheid waarin die handelinge van mense dominant is, verskil dit nie veel van korporatiewe leierskap nie en kan dit ook nie van korporatiewe leierskap onderskei word nie. Ter wille van duidelikheid word hierdie punt nou verder ontwikkel.

## 4.7 MOONTLIKE INVLOEDE OP DIE HUIDIGE TENDENSE EN PRAKTYKTEORIEË

In die lig van die voorafgaande is dit noodsaaklik om ook aandag te gee aan die moontlike redes vir die huidige tendens in die literatuur oor kerkleierskap met betrekking tot die werking van die Heilige Gees. In hierdie gedeelte word drie moontlike redes aangetoon wat daartoe aanleiding kon gee dat die huidige tendens in die literatuur oor kerkleierskap nie die werking van die Heilige Gees sterker beklemtoon en meer daaroor riglyne bied nie.

### 4.7.1 Institusionalisering

In vorige gedeeltes is alreeds na die moontlike invloed van institusionalisering verwys. Vanweë die problematiek rondom kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees en die moontlike rol en invloed wat institusionalisering daarin mag hê, is dit noodsaaklik om afsonderlik aan hierdie onderwerp aandag te gee.

Institusionalisering het van die begin van die kerk se ontstaan 'n belangrike rol en invloed gehad op die kerklike praktyk, dit wat in die kerk en nie in die kerk gebeur nie. Die vroeë kerk wat in die begin as 'n gemeenskap onder die direkte leiding van Jesus en die Heilige Gees gefunksioneer het, het reeds van die begin af tendense tot institusionalisering geopenbaar. Die rolle wat ouderlinge, opsieners, diakens, apostels, profete en evangeliste hierin gespeel het, het reeds in die tyd van die Nuwe Testament na vore gekom. Sonder om daarop in te gaan kan net gesê word dat die kerkgeskiedenis aantoon dat hierdie proses deur die eeue verder ontwikkel het.

Institusionalisering het dus deurgaans in die kerk 'n belangrike rol gespeel en 'n invloed gehad op die wisselwerking tussen teorie en praktyk (Richards & Martin 1981:152, 176, 201; Snyder 1977:63-64). Dit is 'n fundamenteel antropologiese proses waarin menslike handelinge gevestig word as normatiewe handelinge wat aan 'n groepering mense, byvoorbeeld die kerk, stabiliteit en sekerheid verskaf (Theron & Van den Berg 1992:27).

Institusionalisering het ook binne die AGS 'n rol gespeel en invloed gehad op die verwagtinge en vereistes wat aan kerkleiers gestel word (Van der Berg 1991:63, 65-68, 109, 138). 'n Eenvoudige voorbeeld hiervan is dat aanspreekvorme van diegene wat in leierskapsposisies gefunksioneer het mettertyd verander het. Waar gemeenteleiers aanvanklik net as "broer"

bekend gestaan het, het daar in die veertig- en vyftigerjare van die vorige eeu 'n ontwikkeling gekom waarvolgens hulle "voorganger" genoem is. Daarna het die titel "pastoor" prominensie verkry (Burger 1987:305-306). Selfs die kleredrag van die pastore het verander. Kortom, hierdeur is van nie-funksionele beklemtoninge beweeg na fasette waarin die funksionele dimensies belangrik is. Onderlinge verhoudinge en waardes het algaande verander na funksionele verhoudinge en waardes, met die gevolg dat iemand hoofsaaklik geken is en erkenning ontvang het ooreenkomstig daardie persoon se funksionele waarde.

Institusionalisering binne die kerk het onder andere tot gevolg dat sukses statisties gemeet en bepaal word (Henrichson & Garrison 1983:103), byvoorbeeld deur lidmaatgetalle, bywoningsyfers en finansiële posisies. Institusionalisering kan ook aanleiding gee tot die oorbeklemtoning van institusionele doelwitte en wedywering tussen gemeentes wat weer tot gevolg kan hê dat ander aspekte verwaarloos word (Heyns 1986:85).

Die Pinksterbeweging was nog altyd baie sterk 'sukses'-georiënteerd. Die 'geestelike' rede wat oor die algemeen daarvoor aangevoer word, is dat hulle ervaar dat dit die Heilige Gees is wat hulle gedryf om die Evangelie te verkondig. Die Pinksterbeweging is ook van mening dat waar die Heilige Gees werk daar goeie resultate moet wees. Dit was immers in die vroeë kerk so en dit behoort nou ook so te wees. Waar die Heilige Gees deur mense

werk wat Hy spesiaal geroep en toegerus het kan dieselfde resultaat as wat in die boek Handelinge gelees word, verkry word. Namate institusionalisering binne die AGS 'n invloed begin uitoefen het, het die meting van sukses al hoe belangriker geword. Gaandeweg is al hoe meer stelsels ontwikkel wat vergelyk kan word met korporatiewe stelsels, beginsels en waardes. Hiervan is die Werkersraadbundels van 1995 (1995:20-25) en 1996 (1996:21-27) goeie voorbeelde.

Institusionalisering het feitlik al die aspekte en handelinge in die kerk op die een of ander wyse beïnvloed. Daarom is dit noodsaaklik dat die moontlike invloed van institusionalisering op kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees verder ondersoek word sodat vasgestel kan word watter verstelling gemaak kan word vir 'n beter praktykteorie. Die vraag is dus hier na die dryfveer agter die AGS se prominente belangstelling in kurusse oor kerkleierskap. Is dit die Heilige Gees wat die kerk in die rigting lei, is dit 'n sterk soeke na "sukses" wat hier 'n rol speel of is dit die magte van institusionalisering wat die proses op die spits dryf? Of is dit dalk 'n kombinasise van een of meer van hierdie faktore?

### 4.7.2 Invloed vanuit die nie-kerklike korporatiewe konteks

Met die verwysing na die nie-kerklike korporatiewe konteks word na die leierskapskontekste binne groot industriële maatskappy oftewel korporasies

verwys. Die kerk bestaan nie in isolasie nie aangesien die lidmate van die kerk in hul alledaagse lewe en wandel te doen kry met leierskap in 'n korporatiewe omgewing. Daar is dus ongevraagd maar vanselfsprekend 'n wisselwerking tussen die korporatiewe omgewing en die kerklike konteks. Hierdie wisselwerking kan nie geïgnoreer word nie. Dit is feitlik vanselfsprekend dat daar in kerkleierskapkringe rekening gehou moet word met die moontlike invloed van korporatiewe leierskap. Die vraag wat relevant en onontbeerlik is ten opsigte van die huidige probleem waarop gefokus word, is die vraag na die mate waartoe die literatuur oor kerkleierskap, wat die kerklike praktyk van leierskap ten grondslag lê, beïnvloed word deur korporatiewe leierskaptendense?

In die korporatiewe konteks word leierskap hoofsaaklik as 'n funksionele aangeleentheid beskou en gehanteer (Silbiger 1993:13). Silbiger het nadat hy sy MBA studies voltooi het navorsing gedoen oor watter universiteite in die wêreld die leiers is op die gebied. Hy het ook spesifiek probeer vasstelwat deur hulle aangebied word as die deurslaggewende faktore ten opsigte van leierskap in 'n korporatiewe konteks. Sy navorsing het getoon dat daar eintlik vyftien universiteite is wat al om die ander jaar meeding om die top tien plekke as die universiteite met die beste opleidingsprogramme in korporatiewe leierskap (Silbiger 1993:12). Hy toon aan dat hoofsaaklik nege aspekte beklemtoon word in en deur die opleidingsprogramme, naamlik bemarking, etiek, boekhouding, organisatoriese gedrag, kwantitatiewe

analises, finansies, ekonomie, strategie en operasionele aangeleenthede (Silbiger 1993:13). Hierdie oorsig toon duidelik aan dat die opleidingsprogramme vir korporatiewe leierskap hoofsaaklik fokus op die funksionele aspekte van leierskap. Die breë hooftrekke van elkeen van hierdie aspekte sal kortliks vermeld word. By elkeen van die aspekte word ook aangetoon hoedat dieselfde aspek in die literatuur oor kerkleierskap ook beklemtoon word. Dit bevestig die sterk vermoede dat dit wat tans in die kerkleierskapliteratuur te vinde is hoofsaaklik deur die korporatiewe konteks beïnvloed is en net met 'n kerklike kamoeflering en in kerklike taal aangebied word. Dit is dus nie die bestudering van die Bybel wat skielik nuwe insigte oor leierskap oplewer nie. Veel eerder word die kerk beïnvloed deur die groot suksesse en klemverskuiwings binne groot korporasies. Die invloed van hierdie deel van die samelewing word onkrities deur die kerk toegelaat en oorgeneem.

Vervolgens word die belangrikste punte in die verband aangetoon.

(i) ***Bemarking*** poog om 'n suksesvolle bemarkingstrategie te skep en te implementeer. Hierdie strategie word gebaseer op die analise van die potensiële verbruikers se behoeftes met die oog daarop om hul produk so aan te bied dat die verbruiker eerder húl produk koop as die van 'n ander verskaffer (Silbiger 1993:19). Die huidige tendense binne kerklike konteks vind sterk hierby aansluiting. Kerkleiers word al hoe

meer daarop bedag gemaak dat hulle die behoeftes van hul lidmate en nie-lidmate moet navors en analiseer sodat hul gemeentes meer 'soeker-sensitief' (Barna 1991; Dobson 1993; en Hybels 1995) kan wees en in die behoeftes van lidmate en nie-lidmate kan voorsien. Hulle word ook aangemoedig om die gemeentes as verbruikersvriendelik en - sensitief te bedryf en van bewese bemarkingstrategieë gebruik te maak (Barna 1992(a)). Net soos in die korporatiewe konteks, is die kerngedage rondom bemarking sintuiglik waarneembare sukses. Kerkleiers word dan ook soos korporatiewe leiers ge-evalueer volgens die sintuiglik waarneembare sukses van hul werksaamhede. Indien 'n leier nie sintuiglik waarneembare sukses kan aantoon nie, word so iemand nie net as onsuksesvol geag nie, maar word daaraan aandag gegee om so 'n leier te vervang. Net soos in die korporatiewe konteks, kan gemeentes wat nie in getalle groei nie, nie saampraat oor leierskap met gemeentes wat wel in getalle groei nie. Bemarking het ook ten doel om nuwe besigheid te kry vanaf ander besighede wat in dieselfde bedryf is. 'n Bemarkingstrategie wat geskoei is op die behoeftes van die verbruiker kan 'n verreikende gevolge hê nie alleen vir die spesifieke gemeente nie, maar ook die gemeentes rondom daardie gemeente. In so 'n mate dat een gemeente ten koste van ander gemeentes groei omdat daar 'n gefokus word op mense se behoeftes meer as op dit wat hulle nodig het.

(ii) ***Etiek*** is 'n nuwe toevoeging tot die opleidingsprogramme vir korporatiewe leiers (Silbiger 1994:67). Die doel daarmee is nie om van korporatiewe leiers sogenaamde model-leiers te maak nie, maar is eerder daarop gerig om korporatiewe leiers bewus te maak van die etiese implikasies van besigheidsbesluite (Silbiger 1993:70). DePree (1989 & 1992), een van die bekendste en invloedrykste skrywers oor korporatiewe leierskap, beklemtoon dat leierskap baie meer is as net funksionele handelinge (1989:136). Volgens hom is leierskap 'n kuns wat oor 'n tydperk aangeleer kan word (1989:3) en waarin die persoon se geloof en hartsingesteldheid ook 'n bepalende rol speel (1989:136). Leierskap word onder andere bepaal deur dit wat die persoon is en nie is nie, dit wat in daardie persoon se hart aangaan. Alhoewel hierdie 'n nuwe toevoeging tot leierskap in die korporatiewe konteks is, is dit ook een van die vernaamste aspekte wat in kerkleierskapliteratuur beklemtoon word. Weereens die aansluiting tussen die twee kontekste ooglopend. Literatuur vir kerkleiers kan hierdie punt met gemak opneem en met die byvoeging van Bybeltekste selfs verder uitbou.

(iii-iv) ***Finansies*** is in enige organisasie 'n bepalende faktor ten opsigte van wat gedoen en wat nie gedoen kan word nie. Vier van die nege aspekte in korporatiewe leierskap wentel rondom finansiële sake, naamlik boekhouding, kwantitatiewe analise, finansies op sigself en ekonomie. Dit wil dus voorkom asof 'n deeglike begrip en verstaan van

die interaksie rondom finansiële aangeleenthede in korporatiewe leierskap van deurslaggewende belang is. Boekhouding is die taal waarin die korporatiewe wêreld se resultate aan die buitewêreld gekommunikeer word en bied interne beheer- en evalueringsmeganismes wat help met beplanning en begrotings (Silbiger 1994:77). Alle korporatiewe aktiwiteite word in geldeenhede gemeet en geëvalueer (Silbiger 1994:78).

Net soos korporatiewe instellings, is die kerk grootliks afhanklik van finansies vir die onderhoud en vooruitgang daarvan (Henry 1995). Daarom vervul finansiële bestuur in die kerk 'n belangrike en deurslaggewende funksie aangesien die befondsing en bestuur van die fondse bepalend is vir die 'sukses' van 'n gemeente (Manfred 1990:164-221; Bergstrom, Fenton & Pohl 1992). Vanuit persoonlik ondervinding oor die afgelope twintig jaar in die AGS, kan gesê word dat finansiële verslae gebruik word as 'n barometer waaraan die sukses van 'n gemeente, en by implikasie die sukses van die leier van daardie gemeente, gemeet word. Dit het die implikasie dat 'n gemeente op dieselfde wyse beoordeel en deur dieselfde instrumente gemeet word as 'n besigheid wie se hoofdoel is om finansies te genereer en winste vir hul aandeelhouers te bewerkstellig. Alhoewel finansies in die kerk 'n belangrike rol speel om die kerk daartoe in staat te stel om die evangelie aangaande Jesus Christus te verkondig,

Behoort dit nie die kerk se hoofoogmerk te wees om geld te genereer en finansiële winste te toon nie. Die kerk se hooftaak is om mense behulpsaam te wees in die fasilitering van hul persoonlike verhouding met God en hul medemens. Indien toegelaat word dat die finansies van 'n gemeente gebruik word as 'n meetinstrument van die gemeente se effektiwiteit kan dit maklik daartoe aanleiding gee dat daar meer daarop gefokus word en die eintlike fokus van 'n gemeente agterweë gelaat word. Vanuit my persoonlike waarneming en ondervinding gebeur dit maklik dat ons as kerkleiers vasgevang word in finansiële aangeleenthede en werksaamhede met die gevolg dat ons nie by ons eintlike werksaamhede kan uitkom nie.

In die leerplan van die meestersgraad in kerkleierskap wat deur die AGS aangebied word, is dit duidelik dat daarin ook in 'n groot mate klem geplaas word op finansiële aspekte. Een van die modules word in geheel gewy aan finansiering (M.Teol. in Kerkleierskap 2001:2 en 6). In hierdie module word gefokus op rentmeesterskap en befondsing. Kennis hieroor sal kerkleiers in staat sal stel om 'n befondsingsplan te kan optrek.

(vi) ***Organisatoriese gedrag*** fokus op verhoudingsvaardighede en -bestuur wat daarop gerig is om korporatiewe leiers toe te rus om effektief met mense oor die weg te kom, te kan kommunikeer en die

uitdagings van interpersoonlike verhoudings te kan hanteer (Silbiger 1994:119). Dit is belangrik dat korporatiewe leiers hul eie persoonlikheidseienskappe sal verstaan asook dié van diegene waarmee saamgewerk word (Silbiger 1994:129). Korporatiewe leiers word nie alleen hierdeur bewus gemaak van hul eie potensiaal en tekortkominge nie, maar word ook gehelp om sekere praktiese interpersoonlike vaardighede aan te leer wat hul sukses kan bepaal (Silbiger 1994:133). Suksesvolle leierskap vereis dat die leier die vermoë sal bemeester om mense te hanteer en hulle funksionering te verstaan (Uris 1991:v). Indien iemand in die korporatiewe konteks 'n suksesvolle leier wil wees, moet daardie persoon onder andere mense verstaan, weet hoe om gesag te hanteer, objektief, aanpasbaar en kommunikasievaardig wees (Uris 1991:22).

Die literatuur oor kerkleierskap beklemtoon op 'n soortgelyke wyse die belangrikheid van interpersoonlike verhoudings en kommunikasie deurdat heelwat aandag gegee word aan kerkleiers se mensvaardighede en selfbegrip (vgl. Cook 1989; Means 1993). Die kerk het ook hierin 'n raakpunt met die korporatiewe wêreld, daarin dat daar in die kerk interaksie plaasvind tussen mense. Dit maak dit noodsaaklik dat daar ook in die kerk rekening gehou moet word met aspekte wat fokus op die interaksie tussen mense. Weereens is dit maklik vir outeurs om die beklemtoning van hierdie saak in die

korporatiewe wêreld oor te dra in die kerkwêreld. Trouens, dit kan selfs lyk asof die korporatiewe omgewing dit vanuit die Bybel of kerk kon geleer het

(viii) ***Strategie*** fokus op die instelling se planne om 'n spesifieke doel te bereik (Silbiger 1994:307). Hiervoor is nie alleen 'n besigheidsplan nodig nie, maar ook 'n strategie waarvolgens die besigheidsplan geïmplementeer en uitgevoer gaan word. Strategie het mettertyd in die kerk ook 'n belangrike rol begin speel en in die literatuur oor kerkleierskap word daar 'n sterk klem geplaas op die belangrikheid van die formulering van 'n visie- en missie en die implementering daarvan (Barna 1992 & 1996; Dayton & Engstrom 1979). Geen instelling kan funksioneer sonder definitiewe ideale en doelwitte nie. Die kerk kan ook hier nie anders as om aansluiting te vind by die korporatiewe wêreld nie.

(ix) ***Operasionele aangeleenthede*** fokus op die produsering van produkte en die lewering van dienste, wat die eintlike doel is van enige besigheid (Silbiger 1993:246). Die volgende aspekte word daarin beklemtoon: kapasiteit, skedulering, voorraadopname, standaarde en beheer (Silbiger 1993:250). In die kerk word ook gefokus op lewering van dienste ooreenkomstig die behoefte van lidmate en die gemeenskap. Daarom word daar heelwat klem geplaas op bestuur en

die toerusting in bestuur, soos die geval is in die korporatiewe omgewing.

Uit bogenoemde nege punte is dit duidelik dat korporatiewe leierskap hoofsaaklik fokus op die funksionele aspekte, omdat leierskap in die korporatiewe konteks as 'n funksionele aangeleentheid beskou en hanteer word. Daarom word in die toerusting en ontwikkeling van korporatiewe leiers gefokus op die verkryging van kennis en bemeestering van funksionele vaardighede. Dit wil voorkom of dit binne die korporatiewe konteks moontlik is om die persoon van die leier, dit wat daardie persoon is en doen buite die korporatiewe konteks, te skei van die funksionele doen en late van iemand wat in 'n korporatiewe konteks werksaam is as 'n leier. Aangesien dit in die korporatiewe konteks meer gaan om iemand se funksionele vaardighede, word daar in die opleiding van korporatiewe leiers meer gefokus op funksionele vaardighede.

In kerkleierskap vorm die persoon, dit wat iemand is en doen, 'n integrale, onafskeidbare eenheid en hierdie faktor het anders as by korporatiewe leierskap, 'n bepalende invloed op die effektiwiteit van die leier.

Dit is verder duidelik dat die kerk definitiewe raakpunte met die korporatiewe wêreld het. Die kerk bestaan nie geïsoleerd nie. Daarom kan en moet die kerk ontvanklik wees om gebruik te maak van die kennis en beproefde

beginsels wat in die korporatiewe wêreld bydrae tot die effektiwiteit van 'n organisasie. Dit is egter ook belangrik dat daar in die kerk daarmee rekening gehou word dat die kerk nie alleen 'n organisasie is wat op dieselfde wyse kan funksioneer as 'n besigheid nie, maar dat die kerk ook 'n lewende organisme is waarin God ook werksaam is in en deur Sy Gees. Daar kan dus sterk ooreenkomste wees met die korporatiewe omgewing maar terselfdertyd is daar enorme verskille tussen die manier waarop kerk en industrie bestuur moet word.

Binne kerklike verband is daar, meer as in enige ander verband, 'n baie nouer verhouding tussen die funksionele en nie-funksionele aspekte van leierskap. In die kerklike konteks, anders as in die korporatiewe konteks mag die onderlinge verhoudinge nie slegs funksioneel wees nie. In die korporatiewe konteks is verhoudinge hoofsaaklik funksioneel. Daarom is 'n benadering wat hoofsaaklik klem lê op die funksionele fasette van kerkleierskap, vanuit 'n Pinksterperspektief nie geskik vir die konteks waarin dit moet funksioneer nie.

In die korporatiewe konteks word hoofsaaklik gebruik gemaak van meetbare suksesparameters en diegene wat in leierskap funksioneer se prestasies word daaraan gemeet. Binne die kerklike konteks is dit heelwat moeiliker om net van meetbare parameters gebruik te maak omdat daar 'n nie-sintuiglike waarneembare dimensie betrokke is wat feitlik onmeetbaar is. Tog is daar 'n

sterk neiging in die kerk om leiers en die sukses van 'n gemeente hoofsaaklik te meet aan parameters wat sintuiglik waarneembaar is, byvoorbeeld die aantal mense wat die erediens bywoon, die aantal lidmate waaruit die gemeente bestaan en hoeveel daarby aansluit asook die vertoning van die finansiële state binne die gemeente. Die prominensie wat hierdie maatstawwe in die laaste tyd verkry kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die oorbeklemtoning van die funksionele aspekte en dat dieselfde meetbare suksesparameters gebruik word as wat in die korporatiewe konteks van toepassing is. Die waarde van iemand se werksaamhede binne die kerklike konteks kan egter nie alleen en direk gekoppel word aan sintuiglik waarneembare en meetbare werksaamhede nie.

In die korporatiewe konteks word 'n leier se persoonlike verhouding met God nie beskou as een van die deurslaggewende faktore in die bepaling van die persoon se optrede nie. Iemand wat vanuit 'n goed ontwikkelde persoonlike verhouding met God leef kan moontlik in die korporatiewe konteks geneig wees tot sukses en dit kan 'n positiewe invloed hê op die persoon se korporatiewe werksaamhede. Die omgekeerde is egter problematies. Iemand wat in die korporatiewe konteks as 'n leier suksesvol is, sal nie noodwendig in die kerklike konteks as 'n leier suksesvol wees nie. In die kerk is daar immers 'n ander dimensie, naamlik 'n sogenaamde geestelike dimensie, waarmee deeglik rekening gehou moet word en wat uiteindelik die deurslaggewende faktor is. Mense se lewens en optrede word binne die

kerklike konteks anders beoordeel en ander maatstawwe geld as in die korporatiewe omgewing. In die oorbeklemtoning van die funksionele aspekte rondom kerkleierskap kan die indruk geskep word dat jou persoonlike verhouding met God nie so belangrik is nie en dat al wat jy nodig het om 'n suksesvolle kerkleier te kan wees, funksionele vaardighede is.

Funksionele gebreke en foute by kerkleiers kan makliker gekorrigeer word as nie-funksionele tekortkominge. Die rede hiervoor is te vind daarin dat eersgenoemde te doen het met die aanleer en opskerp van funksionele vaardighede, terwyl laasgenoemde te doen het met die persoon se geestelike hartsingesteldheid wat bepalend is ten opsigte van daardie persoon se sensitiwiteit vir die werking van die Heilige Gees in en deur daardie persoon. Ander waardes van aanvaarding en sorg bestaan ook (of behoort te bestaan) in die gemeentelike raamwerk. In die korporatiewe omgewing is dit moontlik anders om. Leiers moet hier bepaalde doelwitte bereik en prestasies behaal. Weereens, wie hulle is en wat presies hulle karaktereienskappe is, is nie altyd vrae wat op die voorgrond is nie.

Leierskapbeginsels vanuit die korporatiewe konteks kan nie sonder meer van toepassing gemaak word op kerkleierskap nie aangesien die kerk naas dit wat met die korporatiewe konteks gedeel word, 'n eie en unieke aard het wat in aanmerking geneem moet word. Kerkleierskap is meer as net 'n funksionele aangeleentheid. Daarom behoort die vele ander fasette wat eie is

aan kerkleierskap ook in aanmerking geneem te word wanneer daaroor besin word. Dit sal 'n enorme verskraling tot gevolg hê as daar in laasgenoemde konteks net gekonsentreer word op die punte wat van korporatiewe leierskapinsigte oorgeneem kan word. Dit blyk dat dit juis is wat gebeur.

Net soos wat korporatiewe leierskap as 'n funksionele aangeleentheid benader word en die opleidingsprogramme daarvolgens ingerig word, is dieselfde tendens waarneembaar in die opleiding en toerusting van kerkleiers. Die aanvanklike opleiding en toerusting van kerkleiers het hoofsaaklik gefokus op teologiese begronding, terwyl daar aanvanklik weinig, indien enige aandag gegee is aan leierskapsopleiding en -ontwikkeling (Coetzee 1982:55-59; Rooy 1988:51-72). As gevolg van die ontwaking ten opsigte van kerkleierskap is begin met spesifieke opleidingsprogramme in kerkleierskap, waarvan Fuller Theological Seminary een van die eerste en nog steeds een van die toonaangewendste aanbieders is.

Wanneer hierdie kerkleierskap-opleidingsprogramme vergelyk word met wat in die korporatiewe konteks aangebied word rondom leierskap, blyk dit dat die sogenaamde gefokusde kerkleierskap-opleidingsprogramme ook hoofsaaklik fokus op die funksionele aangeleenthede en vaardighede wat benodig word in kerkleierskap. 'n Voorbeeld hiervan is die kerkleierskap-opleidingsprogram vir Honneurs- en Meestersgraadstudente wat vir die AGS onder leiding van doktore Johan Geyser en Gert Basson aangebied word in

samewerking met die Randse Afrikaanse Universiteit (M.Teol. in Kerkleierskap 2002:3). Die onderskeie modules, doelstellings en voorgeskrewe boeke dui alles daarop dat dit hoofsaaklik daarom gaan om voornemende en bestaande kerkleiers toe te rus ten opsigte van die funksionele aangeleenthede van kerkleierskap.

Agt modules word aangebied (M.Teol in Kerkleierskap 2002:5-6):

| | |
|---|---|
| Module 1: | Persoonlike leierskap |
| Module 2: | Die proses van visionering |
| Module 3: | Die oordra van visie |
| Module 4: | Konflikhantering |
| Module 5: | Bybelse teologie vir kerkleierskap |
| Module 6: | Bedieningsfilosofie |
| Module 7: | Spanbou en leierskapontwikkeling |
| Module 8: | Rentmeesterskap en befondsing |

Die eerste vier modules fokus op strategiese beplanning (M.Teol. in Kerkleierskap 2002:5) en die laaste drie op gemeenteontwikkeling en -bestuur (M.Teol. in Kerkleierskap 2002:6). Die algemene doelstelling van die M.Teol. is daarop gerig om kerkleiers se kennis, insig en vaardighede in kerkleierskap te ontwikkel deur die teologie, teorie en praktyk van kerkleierskap te ondersoek (M.Teol. in Kerkleierskap 2002:4). Die vyf en twintig voorgeskrewe boeke reflekteer bogenoemde doelstelling en is almal

gerig op die ontwikkeling van kerkleiers se vaardighede (vgl. M.Teol. in Kerkleierskap 2002:6-7). Sterk klem word geplaas op die formulering van 'n gemeentevisie wat gebaseer is op 'n gemeente-analise (M.Teol. in Kerkleierskap 2002:8).

Dit wil amper voorkom asof hierdie kerkleierskap-opleidingsprogram nie veel verskil van 'n gewone korporatiewe leierskap-opleidingsprogram nie. Die enigste verskil blyk te wees in die fundering van alles wat in hierdie program gedoen word. Om dit aanvaarbaar te maak vir 'n kerklike konteks word alles gefundeer in die Bybel. Die Bybel is nie 'n kerkleierskaphandboek nie en moet nie as sodanig gebruik word nie.

Kerkleierskap word van korporatiewe leierskap onderskei daarin dat die salwing van God deur Sy Gees 'n deurslaggewende rol daarin speel en 'n bonatuurlike en geestelike dimensie bybring wat nie noodwendig deel van korporatiewe leierskap is nie. Gobble (1988:121) beklemtoon dat kerkleierskap 'n charismatiese aangeleentheid is wat van korporatiewe leierskap onderskei kan word daarin dat dit primêr afhanklik is van die leiding van die Heilige Gees.

### 4.7.3 Spanning tussen die funksionele en geestelike aspekte

Die ongenuanseerde Pinksterteorie het kerkleierskap met baie spesifieke kerklike handelinge verbind en dit daarmee saam as geestelike leierskap getipeer. Hier word veral verwys na die rol van broers of later voorgangers en nog later pastore wat leiding geneem het – veral in gebed, prediking en die funksionering van geestelike gawes. Ander werksaamhede is as minder geestelik beskou. Dit wat vroeër getipeer is as nie-funksionele aspekte van leierskap het dus 'n ander waarde gehad.

Verskeie outeurs laat 'n ander lig op hierdie punt val. Grossmann (1981:115) onderskei byvoorbeeld in kerklike verband tussen administratiewe en profetiese leierskap, wat onderskeidelik verwys na die funksionele en die nie-funksionele aspekte van kerkleierskap (Grossmann 1981:128). Hy sê beide aspekte van kerkleierskap is noodsaaklik vir die kerk indien gemeentes gesond en dinamies gebalanseerd wil bly. Volgens hom behoort daar nie spanning te wees tussen die twee aspekte van kerkleierskap nie, aangesien beide 'n belangrike rol vervul en aanvullend tot mekaar is. Die funksionele aspekte van kerkleierskap is daardie aspekte wat verantwoordelik is vir die versorging van die kerk, terwyl die nie-funksionele verantwoordelik is vir die voortdurende transformasie van die kerk (Grossmann 1981:128).

Die effektiwiteit van 'n gemeente se uitleef van God se spesifieke roeping vir daardie gemeente word bepaal deur die effektiewe benutting en aanwending

van die funksionele aspekte van die gemeente (Cousins 1990:17). Betrokkenheid in kerkleierskap, ongeag die benadering, het tot gevolg dat so iemand ook betrokke sal wees in die funksionele aspekte van die kerklike lewe (Boyd 1995:194). Geen kerkleier is net suiwer 'n geestelike leier daarin dat kerkleiers net besig is met geestelike handelinge nie. Kerkleierskap vind ook konkrete uitdrukking in funksionele handelinge wat daarop gerig is om uitvoering te gee aan God se roeping en opdrag vir die kerk.

Met inagneming van die totale werking van die Heilige Gees, soos aangedui in hoofstuk 1 en 2, het die werking van die Heilige Gees dus nie alleen betrekking op die nie-funksionele aspekte van kerkleierskap nie, maar ook op die funksionele. Daar is ook 'n verband tussen die funksionele aspekte van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees. In die literatuur oor kerkleierskap word daar hoofsaaklik gefokus op die verband tussen die werking van die Heilige Gees en die nie-funksionele aspekte van kerkleierskap. Dit wil voorkom asof die meeste skrywers hierdeur implisiet aantoon dat daar sprake kan wees van 'n onderliggende en ongeskrewe verskil ten opsigte van die terreine waarop die Heilige Gees werk of nie werk nie. Die voorafgaande dui daarop dat 'n aanpassing in die praktykteorie oor kerkleierskap noodsaaklik is ten opsigte van 'n duidelike aanduiding van die verband tussen funksionele handelinge van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees.

Slegs Hendrix (1988:18-19) verwys na die verband tussen die Heilige Gees en die funksionele aspekte van kerkleierskap. Hy beskou die funksionele aspekte van kerkleierskap as *'gereedskap'* wat onder leiding van die Heilige Gees deur kerkleiers gebruik kan word. Die funksionele aspekte van kerkleierskap bestaan uit 'n wye verskeidenheid vaardighede wat aangeleer kan word en onder leiding van die Heilige Gees in verskillende situasies gebruik kan word. Daar word nou by sy gedagtes stilgestaan omdat dit verder lig op hierdie saak kan werp.

Volgens Hendrix (1988) wentel die problematiek van die verhouding tussen die funksionele aspekte van kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees hoofsaaklik rondom die geestelikheid of nie-geestelikheid van die funksionele aspekte. Hy beklemtoon dat dit nie gaan om die geestelikheid van die funksionele aspekte van kerkleierskap nie, maar eerder oor die geestelikheid van die kerkleier self. Die geestelikheid van die kerkleier moet eerder beklemtoon word as die geestelikheid van die funksionele vaardighede of gereedskap. Die geestelikheid van die kerkleier is van deurslaggewende belang in die gebruik van die geskikste gereedskap. 'n Kerkleier is aangewese op die werking van die Heilige Gees om die geskikste en effektiefste stukkie gereedskap te gebruik in uitvoering van die opdrag van God. Hy beklemtoon dat alle funksies van kerkleierskap belangrik is en dat kerkleiers vir alle funksies binne kerkleierskap afhanklik is van die werking van die Heilige Gees.

Soos reeds aangedui is daar in Pinkstergeledere 'n neiging om meer klem te plaas op die nie-funksionele aspekte van die kerklike lewe as die funksionele. Daarmee word die funksionele nie verontagsaam en as onbelangrik beskou nie, maar word beklemtoon dat die funksionele sonder die nie-funksionele nie 'n waarborg vir sukses is nie. Dikwels is dit die nie-funksionele aspekte wat kompenseer vir die gebrek aan of verkeerde gebruik van funksionele aspekte. Die funksionele aspekte kan egter nie kompenseer vir die gebrek aan nie-funksionele aspekte nie.

Indien twee of meer dinge van mekaar onderskei kan word, is dit moontlik dat die onderskeiding daarvan juis aanleiding kan gee tot spanning tussen mekaar. Die spanning is meestal kunsmatig en word meestal gefabriseer omdat mettertyd die een of ander aspek belangriker geag word as die ander. Hierdie proefskrif toon duidelik aan hoedat daar tog 'n mate van spanning is tussen die funksionele en nie-funksionele aspekte van kerkleierskap, as gevolg van die oorbeklemtoning van die funksionele aspekte in die literatuur.

Bogenoemde redenasie toon aan dat in aansluiting by Hendrix (1988:18) dit wel moontlik is om op die een of ander manier spanning te ondervind tussen die funksionele en nie-funksionele aspekte van die kerkleierskap. In die lig van die Pinksterbeweging se benadering tot kerkleierskap kan in aansluiting by Hendrix die spanning tussen die funksionele en nie-funksionele aspekte

hoofsaaklik toegeskryf word aan die algemene beskouing van die funksionele aspekte as nie-geestelik en die nie-funksionele aspekte as geestelik.

Dit laat egter nie aan beide reg geskied nie. Die funksionele aspekte is net so deel van kerkleierskap as die nie-funksionele aspekte. 'n Kerkleier het ook vir die funksionele aspekte die leiding en werking van die Heilige Gees nodig. Daarom moet daar ook aandag gegee word aan die verband tussen die Heilige Gees en die funksionele aspekte van kerkleierskap.

Aangesien die funksionele aspekte van leierskap in die nie-kerklike wêreld ook van toepassing is binne 'n kerklike konteks, kan dit meebring dat kerkleierskap slegs benader word as funksionele handeling wat in net nog 'n menslike organisasie toegepas moet word. Dit kan tot gevolg hê dat die rol van die Heilige Gees geheel en al geïgnoreer word. Dit is ook moontlik dat aan die anderkant die werking van die Heilige Gees so oorbeklemtoon word dat die funksionele aspekte as minder geestelik of ongeestelik afgemaak kan word.

Hendrix (1988:18) wys daarop dat dit in kerkleierskap gaan om die begeleiding van 'n geestelike organisme en - organisasie. Daarom moet die klem eerder op die geestelikheid van die kerklike leier geplaas word, aangesien dit 'n bepalende invloed sal hê op die persoon se vaardige hantering van die funksionele gereedskap. Die aanwending van funksionele

gereedskap is nie 'n aanduiding van die persoon se ongeestelikheid nie, net so min as wat die afwesigheid daarvan 'n aanduiding is van die persoon se geestelikheid. Funksionele gereedskap is neutraal aangesien dit hoofsaaklik gebruik word as instrumente of gereedskap, en die effektiewe gebruik word bepaal deur die gebruiker daarvan en nie die geestelikheid daarvan of nie. In die kerk is die geestelikheid van mense wat hierdie gereedskap gebruik van deurslaggewende belang.

Soos reeds aangetoon beklemtoon die Pinksterbeweging die werking van die Heilige Gees in die gemeentelike werksaamhede. Dit gee ook aanleiding tot verdere spanning rondom die funksionele aspekte in die kerk, aangesien daar 'n vrees is dat dit plaasvervangend kan word vir dit wat vir die kerk van deurslaggewende belang behoort te wees, naamlik die werking van die Heilige Gees. Hendrix (1988:18-19) wys daarop dat gewaak moet word teen die siening dat die funksionele aspekte van kerkleierskap plaasvervangend is vir belangrike aspekte binne die kerklike lewe. Hy verwys spesifiek na die werking van die Heilige Gees. Die rol van die funksionele aspekte in die kerklike funksionering is aanvullend tot die werking en leiding van die Heilige Gees en nie plaasvervangend nie. Die funksionele aspekte kan niks vervang nie, dit kan alleen in 'n aanvullende hoedanigheid van hulp wees vir die geestelike leiers en bestuurders. Dit is allermins plaasvervangend vir gebed en die werking van die Heilige Gees (Hendrix 1988:133). Funksionele gereedskap is eerstens tot beskikking van die Heilige Gees se gebruik in die

kerk. Dit is die Heilige Gees wat die kerklike leier inspireer ten opsigte van watter 'gereedskap' gebruik moet of kan word en selfs die kerklike leier se vaardighede ten opsigte van die gereedskap optimaal te benut in 'n spesifieke situasie.

Die aanleer van sekere vaardighede met betrekking tot verskillende funksionele aspekte, het nie ten doel om plaasvervangend te wees vir die toerusting en leiding van die Heilige Gees nie. Die beste kerklike leier sonder die werking van die Heilige Gees is gelyk aan niks (Berkley 1990:9) en bring niks tot stand nie. 'n Kerklike leier wat 'n goeie funksionele leier is, maar geestelike krag en vermoëns kortkom, sal die gemeente goed kan hanteer as 'n organisasie, maar nie daarin slaag om die gemeente effektief te laat funksioneer as 'n kerk nie. Vaardighede soos byvoorbeeld die ry van 'n fiets moet aangeleer word. Wanneer dit aangeleer is en genoegsaam ontwikkel het, word dit iets wat met min inspanning en instinkmatig gedoen word (Hendrix 1988:18). Netso is dit vir 'n kerklike leier nodig om die nodige funksionele vaardighede aan te leer en te ontwikkel.

Funksionele handelinge in die kerk staan nie in 'n direkte verband met die een of ander spesifieke persoonlikheidseienskap of -tipe nie, maar bestaan uit goed gedefinieerde vaardighede wat deur enige iemand aangeleer kan word (George & Logan 1987:14). Rudge (1976:xi) onderskei verskillende funksionele aspekte in die kerk: onder andere algemene bestuur;

personeelbestuur; finansiële bestuur; eiendomsbestuur; huishoudelike bestuur; kantoorbestuur; industriële bestuur; kommersiële bestuur; en tydsbestuur.

Binne die konteks van die kerk is daar dus heelwat funksionele gereedskap (Hendrix 1988:18) wat aangewend kan word deur kerkleiers. Die gebruik van funksionele gereedskap kan slegs van waarde en nut wees wanneer dit gebruik word onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees (Hendrix 1988:133-134). Lindgren en Shawchuck (1984:18-19) vergelyk die benutting van die funksionele aspekte in 'n gemeente met die navigasie van 'n boot. Die kerklike leier behoort die vermoë te hê en is verantwoordelik om die omstandighede en situasie waarbinne die gemeente is, te kan interpreteer om sodoende die gemeente ongeag veranderde omstandighede en onvoorsienigheid te lei tot die bereiking van hul Godgegewe doelwit. Dit is alleen moontlik onder die leiding en werking van die Heilige Gees.

Aanwending van die verkeerde funksionele gereedskap of die verkeerde gebruik van 'n spesifieke funksionele gereedskap kan tot gevolg hê dat ten spyte van die kerklike leier se harde werk en vertroue op God, daardie kerklike leier nie effektief is of daar nie vordering en vooruitgang in die gemeente is nie (Cousins 1990:76). Die effektiwiteit van kerkleiers word grootliks bepaal deur hul vermoë om 'n verskeidenheid aangeleenthede wat betrekking het op hulself en die gemeente te hanteer (Berkley 1990:9).

Van kerkleiers word verwag om ook leiding te neem en te gee ten opsigte van die funksionele aspekte van 'n gemeente. Daarom moet kerkleiers vaardig wees in 'n verskeidenheid funksionele gereedskap wat onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees gebruik kan word. Om dit te kan doen behoort kerkleiers nie alleen opgelei en voorberei te word om geestelike leiers te wees nie, maar moet hulle ook opgelei word in vaardighede wat hulle kan help om effektief te wees in hul funksionele handelinge.

Die funksionele aspekte in die kerkleierskap kan beskryf word as 'gereedskap' wat tot beskikking van kerkleiers om die kerk goed te laat funksioneer en hul werk te doen. Van kerkleiers word verwag om in sekere aspekte vaardig te wees en dit te kan gebruik wanneer ook al dit nodig mag wees, byvoorbeeld konflikhantering, beplanning en afhandeling van aktiwiteite en projekte, die opstel van begrotings, vergaderingsprosedures en vele ander.

Laasgenoemde is voorbeelde van funksionele gereedskap, maar die vermoë om dit te gebruik kan beskryf word as dat die leier sekere vaardighede het of bemeester het. Net soos wat 'n ambagsman sekere gereedskap nodig het om 'n spesifieke ambag te beoefen, het kerkleiers sekere gereedskap nodig om te kan bestuur of ander soortgelyke take te verrig. Die effektiewe gebruik van die gereedskap vereis sekere vaardighede van die ambagsman en die

kerkleier. Die eindproduk word bepaal deur die vaardige gebruik van die gereedskap wat van toepassing is met betrekking tot 'n spesifieke taak wat verrig moet word. Die effektiewe funksionering van 'n gemeente is afhanklik van kerkleiers se vaardige gebruik van 'n verskeidenheid van funksionele gereedskap in die alledaagse funksionering van die kerk.

Die funksionele gereedskap wat tot die beskikking van kerkleiers is, is nie en kan nie plaasvervangend wees vir die werking van die Heilige Gees nie (Hendrix 1988:21). Met ander woorde, funksionele vaardigheid mag nooit 'n substituut word vir die werking van die Heilige Gees nie. Dit kan hoogstens instrumenteel en aanvullend wees. Die gebruik van die verskillende funksionele aspekte van kerkleierskap as gereedskap kan slegs van waarde en nut wees wanneer dit gebruik word onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees (Hendrix 1988:133 en 135).

### 4.7.4 Samevatting

In die literatuur oor kerkleierskap is dit duidelik dat kerkleierskap hoofsaaklik benader en beskou word as 'n funksionele aangeleentheid. Kerkleierskap word nie duidelik genoeg van korporatiewe leierskap onderskei nie, met die gevolg dat daar in die literatuur oor kerkleierskap 'n ongebalanseerde benadering is tot die funksionele en nie-funksionele aspekte van kerkleierskap. Kerkleierskap word hoofsaaklik voorgehou as funksioneel van

aard en daarom word kerkleiers hoofsaaklik opgelei en toegerus in die funksionele aspekte van kerkleierskap. 'n Verdere bydraende faktor tot hierdie ongebalanseerde benadering kan ook waarskynlik toegeskryf word aan die rol en invloed van institusionalisering van kerkleierskap, wat ook 'n invloed het op die huidige tendens in die opleiding en toerusting van kerklike leiers.

'n Verdere leemte wat deur die literatuuranalise aangetoon word is die gebrek aan 'n duidelike uiteensetting van die verband tussen die Heilige Gees en die funksionele aspekte van kerkleierskap. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die wanbalans wat daar in die literatuur is oor kerkleierskap tussen die funksionele aspekte en die nie-funksionele aspekte van kerkleierskap.

Om die leemtes oor kerkleierskap en die werking van die Heilige Gees aan te spreek, moet ook aandag gegee word aan die ander nie-funksionele aspekte van kerkleierskap. Daardeur moet gepoog word om 'n balans te skep tussen die funksionele en nie-funksionele aspekte van kerkleierskap. Kerkleierskap is nie net menslike handelinge nie, maar is ook handelinge van God deur die werking van sy Gees waardeur bemiddelend gehandel word in die realisering van Sy heil aan die mens. Dit vereis dat in die teorieë binne kerkleierskap rekening gehou moet word met die verband daarvan met die werking van die Heilige Gees.

## 4.8 OPLEIDING

Die gawe van leierskap is 'n afsonderlike gawe wat aan sekere persone gegee word in die liggaam van Christus sodat hulle diens kan doen as leiers van daardie spesifieke deel van die liggaam van Christus. Daarom kan kerkleiers nie deur die kerk, soos byvoorbeeld in die korporatiewe wêreld, op die een of ander manier gefabriseer word deur 'n bepaalde opleidingsprogram nie. Opleiding self produseer nie leiers nie. Opleiding vir diegene wat die gawe van leierskap ontvang het, kan hoogstens help om meer afgerond te wees (Richards 1972:28). Kerkleiers benodig nie alleen funksionele vaardighede nie, maar ook geestelike insig en vaardighede. Beide sal aandag moet kry in die opleiding en toerusting van kerkleiers.

Die Pinksterbeweging het van die begin af spanning geopenbaar teenoor opleiding aangesien formele opleiding beskou is as dooie intellektualisme wat 'n Geesvervulde lewe onderdruk en ten alle koste vermy moet word (Klaus & Triplett 1991:226).

Die vroegste aanduiding van opleiding met betrekking tot geestelike werkers word in die Bybel rondom die opleiding van profete deur die sogenaamde profeteskole (Coetzee 1982:32) soos dit aangetref word ten tye van Samuel, Elia en Elisa. Tot ongeveer 586 v.C. was daar geen sprake van "formele" opleiding buite bogenoemde nie. Vanaf ongeveer 586 v.C. tot 70 n.C. het die

gebruik ontstaan om aan geestelike leiers in die sinagoges onder die leiding en toesig van skrifgeleerdes onderrig te verskaf (Coetzee 1982:33-36).

Volgens die Nuwe Testamentiese gegewens blyk dit dat gemeenteleiers primêr vanuit en binne die konteks van die plaaslike gemeente ontwikkel is deur die bestaande leiers van die gemeente. Baie tyd is spandeer aan die ontwikkeling van gemeente leiers. Paulus het byvoorbeeld in Efese drie jaar spandeer aan die opleiding van gemeenteleiers (Handelinge 20:17 - 38). Volgens die pastorale briewe wil dit voorkom asof die opleiding van gemeenteleiers hoofsaaklik uit drie fasette bestaan het, naamlik onderrig in gesonde leer, bedieningsvaardighede en karaktervorming (Reed 1988:101). Hierdie leiers is weer op hul beurt aangemoedig om ook in dieselfde opleidingsproses betrokke te raak en ander op te lei soos hulle opgelei is (vgl. Handelinge 20:17-38 en 2 Timótheüs 4:5-8). In-diens-opleiding is beide in die Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese periodes beoefen (Eims 1978:30-33). Eims (1978:45) is van mening dat daar geen rede is waarom dieselfde leermetode van in-diens-opleiding nie ook vandag toegepas kan word nie.

Die Heilige Gees vervul 'n onontbeerlike funksie in die ontwikkeling van kerkleiers (Elliston 1992:95). Die Bybel benadruk dit dat dit die Heilige Gees is wat gawes uitdeel en vrug ontwikkel in elke persoon se lewe en elkeen gebruik soos Hy wil (Mathew 1989:59). God roep mense deur Sy Gees wat

in hul harte werk. Dit is die Heilige Gees wat mense oortuig van sonde en lei tot 'n spesiale verhouding met die Here. Dit is die Heilige Gees wat mense toerus vir bediening en verskillende gawes aan hulle gee vir bediening. Dit is die Heilige Gees wat mense inspireer om gehoorsaam aan God te wees en Sy wil te doen. Mense ontvang visie deur die werking en ingewing van die Heilige Gees. Elliston (1992:99) stel dit soos volg:

> *The Holy Spirit's initializing and intergrating role is a crucial part of every stage of the leadership development process - selection, equipping, maturing, transitions, working through a person to equip others, bringing first a sense of destiny and then a sense of fulfillment as one's giftedness and role converge. He works in the context and the people in that context, through the already existing leaders and in the emerging leader to facilitate, motivate, correct and to enable the new leader to grow and reproduce. The Holy Spirit fills the most critical role throughout the whole process.*

Volgens Pazmino (1992:31) is die teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees onontbeerlik vir effektiewe opleiding en bediening, in die Christelike kerk. In opleiding moet daarteen gewaak word om die werking en vorming van die Heilige Gees buite rekening te laat in die opleidingsproses, of selfs te misken (Elliston 1992:97). Geen leier sal ooit ontwikkel en effektief kan funksioneer sonder die werking en toerusting van die Heilige Gees nie. (Mathew 1989:61). Elliston (1988:123) en Mathew (1989:66) stel dit soos volg:

*Spiritual leadership development is a key role of the Holy Spirit. He superintends, empowers, equips, guides, directs, provides insight and delegates the authority to lead. It is His work.*

*Leadership training and development should instigate in them the significant role of the Holy Spirit in the ministry of the church.*

Een van die grootste en dringendste behoeftes binne die kerklike konteks, is die opleiding van kerkleiers om ook geestelike leiers te wees (Reed 1988:97). Die weking van die Heilige Gees in die kerk, onderskei die kerk van die korporatiewe omgewing.

Leinemann-Perrin (1981:101) se evaluering van die algemene opleiding van kerkleiers toon aan dat dit hoofsaaklik benader word vanuit westerse denke en hantering van leierskap. Dit op sigself vra dat daar opnuut na die opleidingsprogramme vir kerkleiers gekyk moet word en dat die nodige aanpassings gemaak word vir sogenaamde nie-westerse kerkleiers. Die studieleiers van die AGS se meestersgraad in kerkleierskap het beide aan Fuller Seminarium gestudeer en is blanke Suid-Afrikaners wat vanweë hul kulturele agtergrond ook sterk westers georiënteerd is. Dit is dus nodig dat die AGS 'n aanpassing moet maak om die opleidingsprogram vir kerkleiers in hul eie geledere meer toeganklik te maak. Die oorgrote meerdeheid van die AGS se kerkleiers is nie-westers.

Opleiding het te doen met die geestelike vorming en persoonlike begeleiding van voornemende gemeenteleiers tot 'n vlak van geestelike rypheid, Bybelse geskooldheid en vaardigheid in 'n aantal terreine wat nodig is vir effektiewe en suksesvolle bediening (Anderson 1993:198). Daarom behels dit die opleiding van persoon in al die nodige fasette en nie slegs sekere elemente van 'n persoon nie, soos onder andere bedieningsvaardighede nie (Senior & Weber 1994:22). Onderskeid kan ook gemaak word tussen opleiding en ontwikkeling. Opleiding is gefokus en beperk tot 'n spesifieke kort periode, terwyl ontwikkeling 'n lewenslange proses is (Mathew 1989:24). Ontwikkeling sluit heelwat opleidingsgeleenthede in. Aanvanklik was die plaaslike gemeente die skool waarin die Pinksterpastore gevorm is (Leinemann-Perrin 1981:190-193).

Na die verwoesting van die tempel, 70 n.C. en die Jode se verspreiding, het daar Rabbynskole tot stand gekom wat meer gefokus het op die opleiding van ouer persone (Coetzee 1982:39-40). Daar het ook in hierdie tydperk kruisbestuiwende wisselwerking begin ontstaan met die Griekse kultuur en mettertyd is persone ook onderrig in die wetenskap, filosofie, kuns en lettere. Plato, Sokrates en Aristoteles is Griekse filosowe wat teologiese denkrigtings beïnvloed het met hul onderskeie beklemtoninge van die siel-en-liggaam-wees, die onsterflikheid van die siel, die nie-materiële wêreld en die godheid as maatstaf van alle dinge (Coetzee 1982:43).

Namate die behoefte ontstaan het vir 'n gesistematiseerde leer het kategete skole ontstaan. Die bekendste en heel waarskynlik oudste kategeteskool het ongeveer 210 na Christus te Alexandrië tot stand gekom, waar Christene en nie-Christene hoëronderwys ontvang het. Mettertyd het dit ontwikkel tot apologetiese instellings waaruit die Christelike leer teen dwaalleringe en kettery verdedig is (Coetzee 1982:46). 'n Verdere ontwikkeling was die sogenaamde episkopaalskole, wat bestaan het uit kloosters en biskopskole, wat ten doel gehad het die opleiding en opvoeding van kerkleiers (Coetzee 1982:46-47).

Gedurende die 13e en 14e eeu kry universiteite hul beslag en kan geestelikes oor 'n vier jaar periode opgelei word in twee universiteitsfakulteite (Coetzee 1982:50-51). Vir die eerste keer word 'n voorvereiste gestel vir teologiese opleiding, daarin dat die kandidaat eers twee jaar opleiding in die fakulteit lettere moet deurloop voordat twee jaar opleiding in die fakulteit teologie deurloop kan word.

Met die Reformasie het aanpassings plaasgevind as gevolg van nuwe insigte wat verkry is. Klassieke tale soos Grieks en Hebreeus verkry meer prominente plek aangesien die bestudering van die bronne van die Bybel sterk beklemtoon word. Filosofie word beskou as belangrik vir die beoefening van teologie en verkry 'n prominente plek tydens studie in die teologie (Coetzee 1982:55).

Aanvanklik het eksegese baie aandag verkry, maar mettertyd, het dogmatiek ontwikkel en gedurende die 18e eeu die sentrale plek ten koste van eksegese ingeneem (Coetzee 1982:55). Vakke soos homiletiek, pastorale sorg en sendingwetenskap het eers gedurende die 19e eeu tot hul eie reg gekom en as eie vakke erkenning geniet (Coetzee 1982:55). Die invloed van die Reformasie op teologiese opleiding is heel waarskynlik te vinde in die beklemtoning van die herderlike versorging van die gemeente as net so belangrik as die ken en verklaring van die Skrif (Coetzee (1982:56).

Die Franse Rewolusie het die sekularisasie van universiteite tot gevolg gehad, met die implikasie dat 'n teologiese fakulteit slegs kon voortbestaan as 'n fakulteit van Godsdienswetenskap, waarin die Christelike godsdiens as 'n godsdiensverskynsel bestudeer word naas ander godsdienste (Coetzee 1982:56-57). Die gevolg van die 19e eeu se liberalisme was die poging om 'n kleurlose, dogmalose teologiese opleiding daar te stel, wat alle gelooofsverskille relativeer (Coetzee 1982:58). Vir die Rooms-Katolieke en Protestantse kerke was dit nie aanvaarbaar nie en het hulle hul studente getoets na aanleiding van hul eie geloofsbelydenisse (Coetzee 1982:58). Dit het aanleiding gegee dat Christelike groepe en spesifiek die Pentekostaliste, gedurende die 20e eeu besluit het om sterker beheer uit te oefen oor die teologiese opleiding wat deur voornemende gemeenteleiers ondergaan moet word (Coetzee 1982:59).

Dit wil voorkom asof daar in die na-Bybelse periode 'n ontwikkeling plaasgevind het wat weg beweeg het van in-diens-opleiding van kerkleiers na 'n buite-diens-opleiding, waar hoofsaaklik op die akademiese toerusting gefokus word. Volgens Hodges (1976 :58-60) behoort die Bybelse benadering en metodiek van in-diens-opleiding nagevolg te word. So 'n benadering is vloeibaar en aanpasbaar met ruimte vir die werking en leiding van die Heilige Gees, aangesien nie alle situasies en omstandighede op die selfde wyse hanteer en ontmoet kan word nie.

In-diens-opleiding is nie 'n vinnige proses nie (Klaus & Triplett 1991:229). Dit is 'n tydsame proses aangesien dit 'n "word-soos" (Richards 1975:160) proses is. Daarom behoort die opleiding vir 'n lewe van bediening op so 'n proses gebaseer te word. Opleiding en toerusting vir bediening behoort eintlik 'n proses van "ingroei in die bediening" (Richards 1975:162) te wees. In-diens-opleiding is 'n proses van ingroei in die bediening waarvoor iemand geroep is.

